

DIE ONTLEDING VAN REKENINGKUNDIGE FINANSIËLE
JAARSTATE

as hulpmiddel vir die

UDITEUR MET VERWYSING NA DIE GEBRUIK
DAARVAN IN TRANSVAAL.

DIE ONTLEDING VAN REKENINGKUNDIGE FINANSIËLE
JAARSTATE,

as 'n hulpmiddel vir die Ouditeur,
MET VERWYSING NA DIE GEBRUIK DAARVAN IN
TRANSSVAAL.

deur

D.S. VAN DER MERWE, M.COMM., G.R.(S.A.).

Proefskrif aangebied ter gedeeltelike voldoening
aan die vereistes

vir die graad

DOCTOR COMMERCII
(Rekeningkunde)

in die
Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe
van die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

vir

CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Onder leiding van Prof. Dr. J.H. Els - D.Comm.,
G.R.(S.A.).

POTCHEFSTROOM.

Januarie 1976.

VOORWOORD.

Sonder die inspanning, aanmoediging en belangstelling van verskeie persone sou hierdie studie nooit voltooi gewees het nie.

Eerstens wil ek my promotor Prof. J.H. Els – hoof van die Departement Rekeningkunde, in besonder bedank vir die waardevolle hulp en leiding wat hy oor die tydperk van my studies aan my verleen het. Sedert my voorgraadse jare, gedurende die rekenmeesterseksamen en met die huidige studie was sy aanmoediging altyd van onskatbare waarde.

Dan my hartlike dank aan mnr. J.C.J.P. Engelbrecht vir die taalversorging en mev. Annatjie Olivier vir die tik van hierdie studie.

Aan my vrou en kinders, dankie vir die liefde, geduld en opofferings gedurende die moeilike studie jare.

Naas God kom alle eer my ouers toe. Dankie Pa en Ma.

Aan God al die eer.

POTCHEFSTROOM.

Januarie 1976.

INHOUDSOPGAWE.

BLADSY.

INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING.

1. Inleiding.
2. Probleemstelling.
3. Metode van navorsing.

HOOFSTUK 1.

DIE ONTWIKKELING VAN OUDITKUNDE.

1. Algemeen	1
2. Geskiedkundige oudittechnieke en metodes	4
3. Teenswoordige ouditpraktyk	6
3.1 Redelike sorg en bedrewenheid	7
3.2 Bewyse	8
3.2.1 Interne kontrole	9
3.2.2 Fisiese bewyse	9
3.2.3 Dokumentêre bewyse	9
3.2.4 Oorboeking van joernale na grootboeke	10
3.2.5 Berekenings en optellings	10
3.2.6 Mondelinge bewyse of getuienis	10
3.2.7 Ontleding en interpretasie van finansiële state	10
4. Ouditstandaarde	12
5. Die bruikbaarheidskonsep	14
6. Die rekeningkundige postulate	15
7. Rekeningkundige beginsels	19
8. Rekeningkundige metodes en prosedures	21
9. Rekeningkundige konvensies	22
10. Rekeningkundige praktyk	23

HOOFSTUK 2.

REKENINGKUNDIGE DOELSTELLINGS EN BEGINSELS.

1. Die doelstellings van rekeningkunde	25
1.1 Die waardemaatstaf as basis vir beslissings	26
1.2 Algemeenheid van doel	29
1.3 Die dualiteitsbeginsel	29
1.4 Tersaaklikheid	30
1.5 Objektiwiteit	31
1.6 Vergelykbaarheid	33
1.7 Duidelikheid — verstaanbaarheid	34
1.8 Tydigheid — aktualiteit	35
1.9 Subjektiwiteit	36
2. Grondslae en beginsels	37
2.1 Die ondernemingsbegrip of rekeningkundige entiteit	37
2.2 Rekenpligtige tydperk	38
2.3 Lopende saakbegrip	40
2.4 Die realisasiebeginsel	42
2.5 Omsigtigheidsbegrip — konserwatisme	43
2.6 Volle openbaarmaking	44
2.7 Konsekwentheid	45
2.8 Wesentlikheid	47
2.9 Paringsbegrip en toevallingsbegrip	47
2.10 Kostebegrip	49
3. Die invloed van rekeningkundige grondslae	50

HOOFSTUK 3.

DIE UITVOER VAN 'N OUDIT.	51
1. Inleiding	51
2. Australië	51
3. V.S.A.	57
3.1 Algemene standaarde	59

BLADSY.

3.2	Standaard van veldwerk	59
3.3	Standaard van verslagdoening	59
3.4	Algemene oudit	61
3.5	Omvang van toetse	63
3.6	Bewysmateriaal	64
4.	Republiek van Suid-Afrika	65
4.1	Ouditmetodes	66
5.	Gevolgtrekking	69

HOOFSTUK 4.

TOEKOMSTIGE- EN VOORGESTELDE OUDITTEGNIKKE	71
1. Inleiding	71
2. Bestuursverslag	72
3. Oudittoetse	73
4. Eise aan finansiële state gestel	74
5. Ouditbenadering	75
6. Bykomende inligting	76
7. Gevolgtrekking	79

HOOFSTUK 5.

ONTLEDING EN INTERPRETASIE VAN FINANSIËLE JAARSTATE	83
1. Inleiding	83
2. Betekenis van die term "Ontleding en Interpretasie van Finansiële State"	90
3. Doel van ontleding en interpretasie van state	94
3.1 Bestuur	95
3.2 Beleggers	95
3.3 Handelskrediteur of korttermynkredietverskaffer	96
3.4 Verbandhouer of langtermynkredietverskaffer	96
3.5 Verkrygings en amalgamasie	96

3.6	Ontvanger van Inkomste	97
3.7	Ouditeure	97
3.8	Gevolgtrekking	98
3.9	Aanbeveling	99
4.	Metodes van ontleding en interpretasie van finansiële state	101
4.1	Inleiding	101
4.2	Vergelykende analise	101
4.3	Interne analise	101
4.4	Interne- gekoppel aan vergelykende analise	102
4.5	Eksterne vergelykende of interfirma-analise	104
4.6	Nut vir die ouditeur	105
4.7	Beperkings op vergelykende analise	106
4.8	Aanbevelings	107
4.8.1	Eksterne analise	107
4.8.2	Interne- saam met vergelykende analise	107
4.9	Gevolgtrekking	

HOOFSTUK 6.

ONTLEDING VAN DIE INKOMSTESTAAT	109
1. Inleiding	109
1.1 Voorbehoud by die ontleding van die inkomstestaat	110
2. Doelstellings by die ontleding van die inkomstestaat	110
2.1 Wat is die onderneming se werklike inkomste	111
3. Elemente in 'n inkomstestaat wat by vooruitskatting behulpsaam kan wees	112
4. Bepaling van inkomste-neigings oor die jare	114
5. Ontleding van die inkomstestaat	114
5.1 Bepaling van rekeningkundige beginsels gebruik en gepaardgaande implikasies	115

5.2	Verhoudingsanalise	115
5.2.1	Winsgewendheid van verkope	117
5.2.1.1	Bruto wins	117
5.2.1.2	Afleidings	119
5.2.1.3	Beperkings op die verhouding	121
5.2.1.4	Aanbevelings	122
5.2.2	Dekking van rente en dividende	122
5.2.2.1	Rentedekking	124
5.2.2.2	Voorkeurdividenddekking	124
5.2.2.3	Gewone aandeeldividenddekking	125
5.2.2.4	Afleidings	125
5.2.2.5	Beperkings op die dekkings- verhoudings	126
5.2.2.6	Aanbevelings	127
6.	Samevatting	127
HOOFSTUK 7.		
VERHOUDINGS M.B.V. FINANSIËLE STATE BEREKEN		129
1.	Inleiding	129
2.	Likwiditeit	130
2.1	Inleiding	130
2.1.1	Bedryfskapitaal	132
2.1.2	Bedryfsbates	132
2.1.3	Bedryfslaste	135
2.2	Bedryfsverhouding	137
2.2.1	Redes vir gebruik	138
2.2.2	Afleidings	139
2.2.3	Beperkings op bedryfsverhouding	142
2.2.4	Aanbevelings	145
2.3	Vuurproefverhouding	146
2.3.1	Likiede bates	146

	<u>BLADSY.</u>
2.3.2 Afleidings	147
2.3.3 Beperkings op vuurproefverhouding	148
2.3.4 Aanbevelings	148
2.4 Debiteure	149
2.4.1 Gemiddelde debiteure-invorderingstermyn	149
2.4.2 Debiteure omsetverhouding	152
2.4.3 Ouderdomsontleding van debiteure	152
2.4.4 Individuele debiteure-rekeninge	153
2.4.5 Vergelykingsmaatstaf	153
2.4.6 Afleidings	154
2.4.7 Beperkings op die ontleding van debiteure	155
2.4.8 Aanbevelings	156
2.4.8.1 Gemiddelde debiteure-invorde- ringstermyn	156
2.4.8.2 Debiteure-omsetverhouding	157
2.4.8.3 Ouderdomsontleding	157
2.4.8.4 Ontleding van individuele rekeninge	157
2.4.8.5 Samevatting	158
2.5 Krediteur betalingstermyn	158
2.5.1 Afleidings	158
2.5.2 Beperkings	159
2.5.3 Aanbevelings	159
2.6 Voorraadomsetsnelheid	160
2.6.1 Kosprys van netto verkope	160
2.6.2 Gemiddelde voorraad	160
2.6.3 Voorraadomsetsnelheid-verhouding	161
2.6.4 Afleidings	162
2.6.5 Beperkings op voorraadomsetsnelheid	164
2.6.6 Aanbevelings	165
3. Laste/Verpligtingsverhoudings	166

3.1	Algemeen	166
3.1.1	Redes vir gebruik van geleende fondse	168
3.1.2	Bepaling van hefboomfaktor	169
3.1.3	Hefboomfaktor en langtermynsolventheid	170
3.2	Totale laste tot eienaarsfondse	170
3.2.1	Die verhouding	170
3.2.2	Totale laste	171
3.2.3	Eienaarsbelang	173
3.2.4	Afleidings	174
3.2.5	Beperkings	175
3.2.6	Aanbevelings	175
3.3	Totale laste tot netto tasbare bates	176
3.3.1	Die verhouding	176
3.3.2	Afleidings	176
3.3.3	Beperkings	176
3.3.4	Aanbevelings	176
3.4	Langtermynverpligtinge tot totale fondse aangewend	177
3.4.1	Die verhouding	177
3.4.2	Totale fondse aangewend	177
3.4.3	Afleidings	178
3.4.4	Beperkings	178
3.4.5	Aanbevelings	178
3.5	Langtermynverpligtinge tot netto bedryfskapitaal	179
3.5.1	Die verhouding	179
3.5.2	Afleidings	180
3.5.3	Beperkings	180
3.5.4	Aanbevelings	181
3.6	Rente betaal tot langtermynlenings en inkomste verdien tot langtermynlenings	181
3.6.1	Die verhoudings	181

	<u>BLADSY.</u>
3.6.2 Afleidings	182
3.6.3 Beperkings	182
3.6.4 Aanbevelings	183
3.7 Samevatting	183
4. Rentabiliteit	185
4.1 Inleiding	185
4.2 Verdienvermoë van beleggings	186
4.2.1 Netto wins, voor of na belasting, rente en dividende tot totale bates	187
4.2.1.1 Die verhouding	187
4.2.1.2 Afleidings	188
4.2.1.3 Beperkings	189
4.2.1.4 Aanbevelings	189
4.2.2 Netto wins na belasting tot totale tasbare bates	190
4.2.2.1 Die verhouding	190
4.2.2.2 Afleidings	191
4.2.2.3 Beperkings	191
4.2.2.4 Aanbevelings	191
4.2.3 Netto wins (na belasting) tot eienaarsbelang	192
4.2.3.1 Die verhouding	192
4.2.3.2 Netto wins	193
4.2.3.3 Eienaarsbelang	193
4.2.3.4 Afleidings	193
4.2.3.5 Beperkings	194
4.2.3.6 Aanbevelings	194
4.2.4 Netto wins na belasting min voorkeurdividend tot eienaarsbelang min parawaarde van voorkeuraandele	195
4.2.4.1 Die verhouding	195
4.2.4.2 Afleidings	196

	<u>BLADSY.</u>
4.2.4.3 Beperkings	197
4.2.4.4 Aanbevelings	198
4.2.5 Verdienste per aandeel	199
4.2.5.1 Die verhouding	199
4.2.5.2 Verdienste per aandeel in die onderneming teruggeploeg	200
4.2.5.3 Dividend per aandeel	200
4.2.5.4 Prysverdienste per aandeel	200
4.2.5.5 Afleidings	201
4.2.5.6 Beperkings	202
4.2.5.7 Aanbevelings	202
4.2.6 Inkomste uit buitebeleggings tot buite- beleggings	203
4.2.6.1 Die verhouding	203
4.2.6.2 Afleidings	203
4.2.6.3 Beperkings	204
4.2.6.4 Aanbevelings	204
4.2.7 Inkomste uit lenings tot lenings toege- staan	205
4.2.7.1 Die verhouding	205
4.2.7.2 Afleidings	206
4.2.7.3 Beperkings	206
4.2.7.4 Aanbevelings	207
4.3 Omset	207
4.3.1 Inleiding	207
4.3.2 Verkope tot eienaarsbelang	208
4.3.2.1 Die verhouding	208
4.3.2.2 Afleidings	210
4.3.2.3 Beperkings	211
4.3.2.4 Aanbevelings	212
4.3.3 Netto wins tot belegging in die bedryf	212
4.3.3.1 Die verhouding	212

	<u>BLADSY.</u>
4.3.3.2 Afleidings	212
4.3.3.3 Beperkings	213
4.3.3.4 Aanbevelings	213
4.3.4 Verkope tot bedryfskapitaal	213
4.3.4.1 Die verhouding	213
4.3.4.2 Afleidings	214
4.2.4.3 Beperkings	215
4.2.4.4 Aanbevelings	215
4.3.5 Verkope tot totale tasbare bates	215
4.3.5.1 Die verhouding	215
4.3.5.2 Afleidings	216
4.3.5.3 Beperkings	216
4.3.5.4 Aanbevelings	216
5. Dekking	217
5.1 Inleiding	217
5.2 Kontantvloei	217
5.2.1 Die verhouding	217
5.2.2 Kontantvloei	218
5.2.3 Kapitaaldelgingspaaielemente plus rente	218
5.2.4 Afleidings	218
5.2.5 Beperkings	218
5.2.6 Aanbevelings	219
6. Beleggings- of kapitaalstruktuurverhoudings	219
6.1 Inleiding	219
6.2 Bedryfslaste tot eienaarsbelang	220
6.2.1 Die verhouding	220
6.2.2 Afleidings	221
6.2.3 Beperkings	222
6.2.4 Aanbevelings	222
6.3 Vaste bates tot netto tasbare bates	223
6.3.1 Die verhouding	223

6.3.2 Afleidings	224
6.3.3 Beperkings	225
6.3.4 Aanbevelings	226
6.4 Voorraad tot netto bedryfskapitaal	226
6.4.1 Die verhouding	226
6.4.2 Afleidings	227
6.4.3 Beperkings	227
6.4.4 Aanbevelings	227
6.5 Voorraad tot bedryfslaste	227
6.5.1 Die verhouding	227
6.5.2 Afleidings	228
6.5.3 Beperkings	228
6.5.4 Aanbevelings	228
7. Samevatting	229

HOOFSTUK 8.

NEIGING MET VERLOOP VAN TYD	231
1. Agtergrond	231
2. Bepaling van die neiging	231
3. Waarde van die neigings	232
4. Beperkings t.o.v. die ontleding van neigings	234
5. Gevolgtrekking	236

HOOFSTUK 9.

ONDERSOEK OM TE BEPAAL IN WATTER MATE DIE ONTLEDING EN INTERPRETASIE VAN FINANSIËLE STATE AS HULPMIDDEL BY DIE UITVOER VAN DIE EKSTERNE OUDIT GEBRUIK WORD.	237
1. Algemeen	237
2. Inkomstestaat	238
2.1 Winsgewendheid van verkope	238
2.1.1 Bruto wins tot verkope	238

2.1.1.1	Standaard	239
2.1.1.2	Afleidings	239
2.1.2	Rentedekking	239
2.1.2.1	Standaard	240
2.1.2.2	Afleidings	240
2.1.3	Dividenddekking	240
2.1.3.1	Standaard	240
2.1.3.2	Afleidings	241
2.2	Eksterne analise	241
2.3	Interne- tesame met vergelykende analise	242
3.	Verhoudings uit finansiële state bereken	243
3.1	Likwiditeitsverhoudings	243
3.1.1	Bedryfsverhouding	244
3.1.1.1	Afleidings	245
3.1.2	Vuurproefverhouding	245
3.1.2.1	Afleidings	245
3.1.3	Debiteure	246
3.1.3.1	Gemiddelde invorderingstermyn	246
3.1.3.2	Debiteure-omsetverhouding	246
3.1.3.3	Ouderdomsontleding van debiteure	247
3.1.3.4	Onderzoek van individuele debiteurerekeninge	247
3.1.3.5	Afleidings	247
3.1.4	Krediteure-betalingstermyn	248
3.1.4.1	Afleidings	248
3.1.5	Voorraadomsetsnelheid	249
3.1.5.1	Afleidings	250
3.1.6	Samevatting - Likwiditeitsverhoudings	251
3.2	Laste/Verplichingsverhoudings	251
3.2.1	Totale laste tot eienaarsfondse	252
3.2.1.1	Afleidings	252

	<u>BLADSY.</u>
3.2.2 Totale laste tot netto tasbare bates	253
3.2.2.1 Afleidings	253
3.2.3 Langtermynverpligtinge tot totale fondse aangewend	253
3.2.3.1 Afleidings	254
3.2.4 Langtermynverpligtinge tot netto bedryfs-kapitaal	254
3.2.4.1 Afleidings	255
3.2.5 Rente betaal tot langtermynlenings	255
3.2.5.1 Afleidings	256
3.3 Rentabiliteit	256
3.3.1 Verdienvermoë van beleggings	257
3.3.1.1 Netto wins (voor of na belas-ting) plus rente tot totale bates	257
3.3.1.1.1 Afleidings	258
3.3.1.2 Netto wins na belasting tot totale tasbare bates	259
3.3.1.2.1 Afleidings	259
3.3.1.3 Netto wins tot eienaarsbelang	260
3.3.1.3.1 Afleidings	261
3.3.1.4 Netto wins na belasting min voorkeurdividend tot eienaarsbelang, min pari-waarde van voorkeuraandeel	261
3.3.1.4.1 Afleidings	262
3.3.1.5 Verdienste per aandeel	262
3.3.1.5.1 Afleidings	263
3.3.1.6 Inkomste uit buitebeleggings	263
3.3.1.6.1 Afleidings	264
3.3.1.7 Inkomste uit lenings tot lenings toegestaan	265
3.3.1.7.1 Afleidings	265
3.3.2 Omset	265

	<u>BLADSY.</u>
3.4 Dekking — kontantvloei	266
3.4.1 Afleidings	266
3.5 Beleggingsverhoudings	267
3.5.1 Bedryfslaste tot eienaarsbelang	267
3.5.1.1 Afleidings	268
3.5.2 Vaste bates tot netto tasbare bates	268
3.5.2.1 Afleidings	268
3.5.3 Voorraad tot netto bedryfskapitaal	269
3.5.3.1 Afleidings	269
3.5.4 Voorraad tot bedryfslaste	269
3.5.4.1 Afleidings	269
3.5.5 Neiging met verloop van tyd	270
3.5.5.1 Afleidings	270
3.6 Rekeningkundige doelstellings en konvensies	271
3.7 Samevatting	271
 HOOFSTUK 10.	
SAMEVATTING	273
1. Inleiding	273
2. Samevattende klassifikasie	273
3. Die analitiese benadering tot die oudit	276
3.1 Beplanningsfase	276
3.2 Vasstelling van betroubaarheid	277
3.3 Tegnieke	278
3.4 Resultaat van navorsing	279
4. Slot	279
 BYLAE A.	281
OMSENDBRIEF	281
 BYLAE B.	282

	<u>BLADSY.</u>
VRAELYS 1	282
BYLAE C.	300
VRAELYS 2	300
BYLAE D.	302
OPSOMMING VAN ANTWOORDE ONTVANG	302
ENGLISH ABSTRACT	305
BIBLIOGRAFIE	315

INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING.

1. Inleiding.

Uit die titel blyk duidelik dat dit oor die ontleding en interpretasie van finansiële state asook oor die ouditproses gaan. Hier word beoog om te bepaal in watter mate die ontleding en interpretasie van finansiële state as hulpmiddel by die oudit kan dien. Uiteraard is dit 'n redelik gespesialiseerde onderwerp. Gevolglik sal daar van die veronderstelling uitgegaan word dat die leser reeds vertrouwd is met rekeningkunde, finansiële verslagdoening en die daarmee gepaardgaande oudit. Slegs enkele aspekte daarvan sal breedvoerig behandel word.

Die volgende belangrike aspek is die probleemstelling.

2. Probleemstelling.

Waarom word 'n spesifieke studie nou juis aangepak? Finansiële groei gekoppel aan ekonomiese en tegnologiese vooruitgang, het tot gevolg dat baie van die ou rekeningkundige en ouditprosesse nie meer aan die hedendaagse behoeftes voldoen nie. Daarmee veroorsaak hebsug, die strewe na mag en die voordele (en nadele?) wat daaruit voortspruit dat al hoe meer ondernemings óf amalgameer óf een die ander absorbeer. Sulke groot ondernemings stel o.a. nuwe eise aan die ouditproses.

Ten einde betekenisvol te wees, moet die ouditeur

in die uitvoering van sy plig die onderneming op een of ander wyse in sy totaliteit sien. Al manier waarop dit gedoen kan word, is om van globale berekenings gebruik te maak: Die resultate van sulke globale berekenings behoort dan op sowel goeie as swakplekke te dui. 'n Stelsel van globale berekenings wat die besondere resultate kan vermag, is die ontleding en interpretasie van finansiële jaarstate. Sodanige analise word gedoen deur sekere verhoudings te bereken wat dan geïnterpreteer moet word.

Soos verwag kan word, is die literatuur m.b.t. die interpretasie van verhoudings baie vaag. Die mees elementêre benadering is om die resultate slegs as "goed" of "swak" te klassifiseer. Dit is egter nutteloos, aangesien sekere groepe syfers wat as eenheid vir berekeningsdoeleindes gebruik word, sowel goeie as swak eienskappe bevat. Verder word daar nie voldoende aanduidings verskaf t.o.v. die oorsake van die goeie of swak verhoudings nie. Wat benodig word, is 'n duidelike samevatting van die beskikbare verhoudings asook dit wat uit die gebruik van die verhoudings geleer kan word. Ook is dit nodig om 'n bepaalde norm daar te stel waarvolgens die verhoudings beoordeel kan word. Die publikasies van die "Buro vir Finansiële Analise van die Universiteit van Pretoria" kan in die verband baie waardevol wees. Nogtans sal gepoog word om aan te dui hoe elke ouditeur sy eie standarde kan ontwikkel en hoe die gebruik van ontleding en interpretasie van finansiële state voor-

delig aangewend kan word.

Daar moet in gedagte gehou word dat verhoudings op sigself weinig of geen nut het as oordeelsmaatstaf van die state en die bedrywigheide nie. Selfs die paar wat direk nuttig is, moet nie as finale aanwysers beskou word nie. Veel eerder moet die verhoudings in logiese groepe verdeel word, sodat die verskillende verhoudings se afleidings aanvullend op mekaar sal inwerk. Die spesifieke klassifikasie behoort nie te veel te verskil van die een wat later gebruik gaan word nie, maar kan beslis aangepas word om aan verskillende behoeftes te voldoen.

In die verlede was die sogenaamde transaksie-oudit as enigste metode gebruik. Deur 'n samevoeging van geouditeerde transaksies het die ouditeur sy oordeel gevel. Daardie benadering kan beslis tot misleidende resultate aanleiding gee, aangesien die onderneming nooit in sy totaliteit gesien is nie. Die analise van state daarenteen, beoordeel die geheel van die onderneming en wys op noodsaaklike verdere ondersoek. Dit is m.a.w. 'n sleutel-aspek van die analitiese oudit.

3. Metode van navorsing.

Die metode hier aangewend is om eers die literatuur te verken en daarna vraelyste aan die ouditeursfirmas uit te stuur en dié te ontleed en te beoordeel. Daaruit het sekere behoeftes geblyk en die literatuur is verder verken om aanduidings

te verkry van die presiese afleidings wat uit die analise en interpretasie van state gemaak kan word en om tot 'n presiese begripsbepaling te kan kom.

4. Organisasie van die oplossing.

Soos reeds vermeld, handel die proefskrif basies oor twee onderwerpe, nl. sowel die ontleding en interpretasie van finansiële jaarstate as oor die oudit van 'n sakeonderneming se finansiële rekords. Die uiteindelijke doel het met die oudit te doen en daarom word dit ook as beginpunt gebruik.

In hoofstuk 1 word die historiese ontwikkeling van die oudit baie beknopt saamgevat. Wat veral van belang is, is die neigings wat met verloop van tyd geopenbaar is. Reeds op 'n vroeë stadium in die ontwikkeling van die ouditproses het die ouditeure tot die slotsom geraak dat dit nie voldoende is om slegs transaksies te oudit nie. 'n Meer omvattende benadering is nagestreef en dit kan as die begin van die sogenaamde analitiese oudit beskou word.

'n Ander aspek wat steeds kommer gewek het, was die bruikbaarheid van finansiële state. Die verskillende benaderings tot die teboekstelling van rekeningkundige data en die gevolglike oudit daarvan was so wesenlik verskillend dat sekere algemeen aanvaarde basiese beginsels absoluut onontbeerlik geword het. In hoofstuk 2 word die mees algemene beginsels en doelstellings van die rekeningkunde kortliks behandel.

Daarna word in hoofstuk 3 by die teenswoordige ouditpraktyk stilgestaan. Aangesien die praktyk in hierdie land hoofsaaklik geskoei is op die lees van die gebruike in die Verenigde Koninkryk en deur gebruike van die V.S.A. en Australië beïnvloed word, word die sienings van dié besondere lande behandel. Dit blyk duidelik dat, alhoewel die oudit steeds transaksiegebonde is, daar 'n daadwerklike soeke na ander tegnieke en hulpmiddels na vore kom. So word o.a. die ondersoek van die interne kontrolemaatreëls reeds op analitiese wyse gedoen.

Verskeie skrywers soos o.a. Fitzgerald, Bernstein en Skinner en Anderson propageer reeds 'n analitiese oudit waar die ontleding en interpretasie van finansiële jaarstate aanvullend tot die ondersoek van die interne kontrolemaatreëls gebruik word om te bepaal watter oudittoetse op watter rekeningkundige aspekte toegepas moet word. In hoofstuk 4 word hierdie aspek behandel en sekere ander tegnieke, soos toetse in diepte en 'n balansstaatoudit, vermeld wat op die voorgenoemde prosedures behoort te volg. Dit word beklemtoon dat die ontleding en interpretasie van finansiële state nie as selfstandige tegniek kan bestaan nie. Dit kan egter met vrug gebruik word waar dit deur ander tegnieke aangevul word.

In hoofstuk 5 word die term "Die ontleding en interpretasie van finansiële state" in oënskou geneem. Weer eens word vlugtig getoon hoe die teg-

niek ontwikkel het en wat dit inhoud voordat die doel en wese daarvan behandel word. Die doel is om te beoordeel of die ontleding en interpretasie van finansiële state 'n prominente plek in die uitvoering van die oudit moet beklee.

In die daaropvolgende hoofstukke word die ontleding en interpretasie van finansiële state as oudithulpmiddel dan volledig bespreek.

In hoofstuk 6 word met die inkomstestaat begin. Tradisioneel word die balansstaat eerste ontleed, maar m.i. behoort die ouditeur by die inkomstestaat te begin. Tydens die ontleding van die inkomstestaat word inligting bekom wat by latere ontleding onontbeerlik is. Die ontleding word gedoen deur eerstens die rekeningkundige beginsels saam met die implikasies daarvan te bepaal. Daarbenewens word verhoudingsanalise toegepas deur of interne analise, vergelykende analise of 'n kombinasie daarvan toe te pas.

Dit bring ons dan by hoofstuk 7 waar die verskillende verhoudings wat uit die state as geheel voortspruit, behandel word. Die verhouding self word eers bespreek waarna die afleidings wat daaruit voortspruit, behandel word. Sekere beperkings wat die algemene nuttigheid van die verhoudings mag beïnvloed, word ook genoem. Daarna word sekere aanbevelings gemaak en na gelang van die nuttigheid van die betrokke verhouding word dit in 'n bepaalde kategorie ingedeel. Basies word van drie kategorieë gebruik gemaak, nl. primêr vir noodsaaklike

verhoudings, sekondêr noodsaaklik vir verhoudings wat nie vir die oudit self nie, maar wel sover dit die ouditeur se kennis aanbetref, onontbeerlik is en sekondêr aanvullend vir verhoudings wat hoofsaaklik nuttige agtergrondskennis verskaf. Die indeling is nie rigoristies nie en afwykings behoort voor te kom. Dit is egter belangrik om te onthou dat verhoudings wat vir die belegger belangrik is nie noodwendig ewe belangrik vir die ouditeur sal wees nie.

Verder word die verhoudings na aanleiding van sekere verwantskappe in bepaalde groepe verdeel. Die groepe behandel in breë trekke die noodsaaklikste informasie wat die ouditeur moet bekom. Gevolglik handel hulle oor die likiditeit, rentabiliteit, kort- en langtermynverplichtinge, kontantvloed en kapitaalstruktuur van die onderneming. Daar moet gepoog word om die neiging wat elke groep oor 'n termyn openbaar, te bepaal en aan die hand daarvan die nodige afleidings te maak. Hierdie neiging wat met verloop van tyd geopenbaar word, word in hoofstuk 8 behandel.

Hoofstuk 9 handel oor die belangrike vraag : In watter mate word die ontleding en interpretasie van state reeds deur die ouditeure as oudithulpmiddel gebruik? Daar word gepoog om die analitiese oudit behoorlik toe te pas en daar word vertrou dat dit tot 'n meer doeltreffende en verantwoorde oudit sal lei.

In hoofstuk 10 word die aanbevelings kortliks

saamgevat. Die gevolgtrekking waartoe geraak word, is dat die ontleding en interpretasie van finansiële state aan die hand van verhoudings baie voordelig deur ouditeure gebruik kan word. Vervolgens sal dit nodig wees om die tegniek te ontwikkel en te verfyn om by alle omstandighede aan te pas.

HOOFSTUK 1

DIE ONTWIKKELING VAN OUDITKUNDE.

1. Algemeen.

Ouditkunde het sy oorsprong in die menslike gedrag. Reeds in die vroegste tye het dit duidelik geword dat een of ander vorm van beheer oor mense, wat geld of goedere namens ander persone hanteer 'n absolute vereiste is. Die eerste bekende vorm van 'n oudit word in die verslag van die dienskneg aan die meester gevind.

Met verloop van tyd het die rekeningkundige verantwoording so verander dat boek gehou is ter staving van die verskillende transaksies. In die 15e eeu, saam met die koms van gesistematiseerde, te boek gestelde rekeningkundige verantwoording het 'n meer volledige proses van ouditering ontwikkel. Die Industriële Revolusie het meer momentum aan die ontwikkeling verleen. Die indiensname van 'n ouditeur, om as agent vir die eienaars van 'n onderneming op te tree, het absoluut noodsaaklik geblyk te wees. Uit hierdie behoefte het die rekenmeesters- en ouditeursprofessie, soos dit vandag aan ons bekend is, ontwikkel.

Die Geoktrooieerde Rekenmeester het op 23 Oktober 1854 in Edinburgh tot stand gekom toe die eerste Britse vereniging van rekenmeesters by wyse van koninklike oktrooi in die lewe geroep is. Die Skotse verenigings het kort hierna gevolg. (Taylor I.R. & Kritzinger L., The Principles and

Practice of Auditing, Wynberg, Juta & Kie, Derde uitgawe 1975, p.2).

Gedurende 1862 is die "Registered Companies Act" in Engeland gepromulgeer. Hierdie wet het status aan die ouditeursprofessie verleen en die groei daarvan verhaas: het vereis dat die finansiële state van maatskappye deur persone, onafhanklik van die bestuur, geouditeer moes word. (Stettler H.F., Systems Based Independent Audits, Englewood Cliffs New Jersey, Prentice-Hall Inc., Second Edition 1974, p.20).

Hoewel die wetgewing baie gedoen het om die professie te dissiplineer en te orden, omdat die statutêre oudits aan die vereistes van die betrokke wette moes voldoen, het dit ook die neiging geopenbaar dat sodanige statutêre vereistes en die daaruit voortspruitende regspraak meestal as praktiese, maksimum standarde beskou is. Daardeur is die tegniese ontwikkeling van die beroep tot 'n groot mate gestrem. So byvoorbeeld was "Dicksee's Auditing", die gesaghebbende bron in Engeland, swaar belaai met verwysings na wette en regspraak. In Amerika daarenteen, het die professie in 'n groot mate in 'n atmosfeer van relatiewe vryheid ontwikkel en daar is vrywilliglik van eksterne ouditeure se dienste gebruik gemaak. Op daardie stadium was die ouditkunde hoofsaaklik op die balansstaat ingestel en meer in die besonder op die bepaling van die bedrag aan surplusse wat wettig by wyse van divi-

dende verdeel kon word. (Stettler, op.cit. p.20).

Soos in die Verenigde Koninkryk het die groei van maatskappye, gepaard met die promulgering van 'n opeenvolgend gewysigde maatskappywet, tot die statutêre erkenning van die Suid-Afrikaanse Ge-oktrooieerde Rekenmeesters- en Ouditeursberoep gelei. Die "Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeure" is dan wel op 18 Junie 1951 gepromulgeer. In terme daarvan mag geen persoon behalwe 'n geregistreeerde rekenmeester en ouditeur homself as ouditeur voorhou en 'n audit, wat wetlik vereis word, uitvoer nie. (Taylor & Kritzinger, op.cit. p.4).

Hierna was ontwikkeling traag totdat die Maatskappywet van 1973 (Wet no. 61 van 1973, Republiek van Suid-Afrika. Dept. van Handel. Pretoria, Staatsdrukker 1973, intussen gewysig deur o.a. no. R 19, 1975, voortaan die Maatskappywet 1973, soos gewysig, genoem) gepromulgeer is. Hierdie wet het vir die eerste keer 'n volle uiteensetting van die pligte van 'n ouditeur gegee. Die belangrikste daarvan, vir die doel van hierdie studie, is dat 'n ouditeur nie langer in sy verslag hoef te sê dat die finansiële state waar en redelik is nie (soos in terme van die Maatskappywet 1926, soos gewysig), maar wel dat hy hom vergewis het dat die finansiële jaarstate die finansiële toestand van die maatskappy en die resultate van sy bedrywighede redelik weergee

in ooreenstemming met algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk wat met die van die voorafgaande jaar verenigbaar is, en moet hy spesifiek 'n mening oor sy bevindinge uitspreek. (Brink J.S.K., Openbare Seminaar oor die Maatskappywet 1973; Ouditeure, Verantwoording en Openbaarmaking ingevolge die Maatskappywet nr. 61, 1973, p.35 en 36) (eie beklemtoning).

Dit is duidelik dat die Maatskappywet 1973 (soos gewysig) inhou dat ouditeure spesifiek aandag aan "aanvaarde rekeningkundige praktyk" móet skenk en verder moet vasstel of die finansiële jaarstate wel met dié van die voorafgaande tydperk verenigbaar is.

Juis dié verpligte vergelyking het aanleiding tot hierdie betrokke studie gegee. Ook die feit dat die direkteursverslag, in terme van die Maatskappywet 1973 (soos gewysig), deel van die finansiële jaarstate uitmaak en die ouditeur gevolglik 'n opinie daaroor moet uitspreek bevestig m.i. die nodigheid van die studie.

Om te bepaal waar dié tegniek in die auditproses inpas, is dit nodig om kortliks by historiese en teenswoordige metodes stil te staan.

2. Geskiedkundige audittegnieke en -metodes.

Vroeg in die twintigste eeu het ouditeure hulle self hoofsaaklik toegespits op die bepaling van die akkuraatheid van die kliënt se rekords deur

gebruik te maak van gegewens wat binne die onderneming beskikbaar was. Dit was 'n periode waarin alle syfers in die boeke weer volledig opgetel en alle poste vanaf boeke van eerste inskrywing na hulpboeke volledig deurgevolg is. (Stettler, op.cit. p.21).

M.a.w. die ouditeur het alle transaksies volledig nagegaan. Die inskrywings is aan audit onderwerp terwyl die besluit wat die inskrywing voorafgegaan het, nooit ondersoek is nie. Daar is gevolglik nie bepaal of behoorlike motivering en besluite aanleiding gegee het tot elke besondere inskrywing nie. (Klasaantekeninge en eie waarneming). Die ouditeur het 'n sekere aantal maande of weke se rekords volledig nagegaan met die uitgangspunt dat die resultate van sodanige toetse 'n baie goeie idee behoort te verskaf van wat verwag kan word by die werk wat nie geaudit is nie. Met die koms van die era waarin finansiële state al meer en meer deur potensiële beleggers of kredietverskaffers gebruik is is hoër eise t.o.v. openbaarmaking van gegewens gestel. Meer tyd is gevolglik deur die ouditeure daaraan bestee en minder aan roetine auditwerk. Dit het gelei tot die ontwikkeling en verfyning van verskillende metodes van steekproefneming waar slegs 'n beperkte aantal transaksies aan audit onderwerp word. Daar het m.a.w. 'n aansienlike klemverskuiwing plaasgevind. In plaas van dat al die transaksies volledig ondersoek word, is daar eerder na die beheermaatreëls gekyk en bepaal of

sodanige beheermaatreëls doeltreffend en konsekwent toegepas word. Hiermee saam moet die ouditeur besondere fyn oordeelsvermoë aan die dag lê. Presies hoe dit gedoen word, sal nou meer breedvoerig aangedui word.

3. Teenswoordige ouditpraktyk.

Daar 'word gesê dat die ouditeur die rol van 'n onafhanklike professionele kritikus vervul wat, ten einde tot 'n gevolgtrekking oor die redelikeheid van die state te kan geraak, die onderliggende gegewens moet ondersoek, analiseer en evalueer. (Meigs W.B., Larsen E.I. & Meigs R.F., Principles of Auditing, Homewood Illinois, Richard D. Irwin Inc., Vyfde Uitgawe 1973, p.208). Sodanige ondersoeke word uitgevoer op die finansiële boeke en rekords van maatskappye, koöperasies, bouverenigings, banke, vennootskappe of eenmansake. Die klem val egter op instansies waarvan die boeke i.t.v. wetsbepalings geoudit moet word. Na voltooiing van die oudit word d.m.v. die ouditeursverslag aan die betrokke lede verslag gedoen oor die stand van sake en redelikeheid van die wins of verlies van die betrokke onderneming vir die onderhawige tydperk. Daarom is dit absoluut noodsaaklik dat al die professionele ondervinding, opleiding en kundigheid tydens elke oudit aan die dag gelê word. In elke geval moet die mees geskikte metodes en tegnieke gebruik word. Verder moet aanvaarbare bewyse, behoorlike ondersoeke en toepaslike navrae ter

stawing van die inskrywings gebruik word. M.a.w. die ouditeur moet "redelike sorg en bedrewenheid" tydens die uitvoer van die audit aan die dag lê.

Hier kry die ouditeur met die baie belangrike aspek van "bewyse" te doen. "Bewyse", in auditkunde, moet onderskei word van bewyse wat as reg in 'n hof aanvaarbaar sal wees en moet immer met "redelike sorg en bedrewenheid" beoordeel word.

3.1 Redelike sorg en bedrewenheid.

Dit is moontlik om die breë algemene regsreëls oor wat "redelike sorg en bedrewenheid" (sommige skrywers verkies die term "vaardigheid") behels, asook die reg wat deur die hof aanvaar sal word, uit die redelik omvattende, maar uitsluitlik Engelsregtelike, regspraak kortliks as volg saam te vat:

- (i) Die ouditeur moet 'n duidelike beeld van sy statutêre pligte hê. Dit behels dat hy ten volle met alle wetgewing, wat op die audit van toepassing mag kan wees, vertrouwd behoort te wees. Die Maatskappywet 1973 (soos gewysig) kom spesifiek hier ter sprake.
- (ii) In die uitvoering van sy plig is wakker optrede absoluut noodsaaklik, alhoewel 'n ouditeur nie noodwendig agterdogtig hoef te wees nie.
- (iii) Waar dit vir die behoorlike uitvoering van sy plig nodig mag wees, moet des-

kundige advies ingewin word.

- (iv) In hierdie stadium is dit belangrik om in gedagte te hou dat die ouditeur se statutêre plig slegs die validering van die finansiële jaarstate behels en geen-sins die gee van raad aan die direksie of bestuur nie.
- (v) Tydens die oudit is die ouditeur geregtig om, indien daar niks agterdogwekkends bestaan nie, op verantwoordelike amptenare van die onderneming te vertrou. Gepaste ouditmetodes moet egter altyd gebruik word.
- (vi) Daarmee saam moet die ouditeur steeds poog om tydens die uitvoering van sy plig gebruik te maak van die jongste algemeen aanvaarde oudittegnieke. (Cilliers H.S. & Benade M.L., Maatskappyereg, Durban, Butterworths, Tweede Uitgawe 1974, p.365 - 368) en (Bigg Walter W., Spicer & Peglers' Practical Auditing, London, H.F.L. Publishers Ltd., Vyftiende Uitgawe 1965, p.24 - 27).

Die jongste algemeen aanvaarde oudittegnieke moet dan aangewend word om die nodige bewyse vir die validering van die state te kry.

3.2 Bewyse.

Met inagneming van die voorgaande is die teenswoordige gebruik in die praktyk om van die vol-

gende tipes getuienis of bewyse gebruik te maak.

3.2.1 Interne kontrole.

Gegewens m.b.t. die stelsel van interne kontrole word van die bestuur verkry, hetsy in die vorm van stelseldokumentasie, of by wyse van interne kontrolevraelyste. Die gegewens s6 verkry, word dan deur die ouditeur beoordeel.

3.2.2 Fisiese bewyse.

In die geval van vaste bates byvoorbeeld, is dit maklik vir die ouditeur om die bates fisies te inspekteer en vas te stel of hulle wel bestaan.

3.2.3 Dokumentêre bewyse.

Een van die mees algemene vorme van bewyslewing wat gebruik word, is dokumentêre bewyse ter stawing van die besondere inskrywings. Sodanige dokumentêre bewyse kan in drie groepe verdeel word, naamlik:

- (i) dié buite die onderneming opgestel en direk aan die ouditeur versend of
- (ii) bewyse buite die onderneming opgestel en deur die kliënt gehou of
- (iii) bewyse binne die onderneming self opgestel en bewaar.

Dit is algemeen bekend dat bewyse gebruik word ter stawing van die gegewens in die boeke van

eerste inskrywing. Hierna moet egter verseker word dat die syfers in die grootboeke ook korrek is.

3.2.4 Oorboeking van joernale na grootboeke.

Dit is daarom belangrik om te verseker dat die inskrywings korrek vanuit die boeke van eerste inskrywing na die grootboeke oorgedra is, ofte-wel dat die regte rekening in die grootboeke met die besondere inskrywing belas is.

3.2.5 Berekenings en optellings.

Ter aanvulling van die voorgaande kan die rekenkundige akkuraatheid van die rekords beoordeel word deur die berekenings en optellings na te gaan.

3.2.6 Mondelinge bewyse of getuienis.

In gevalle waar daar geen ander uitweg moontlik is nie mag die ouditeur in die afwesigheid van verdagte omstandighede staat maak op die mondelinge getuienis van ervare en beproefde amp-tenare. (Meigs W.B. e.a., op.cit. p.211).

3.2.7 Ontleding en interpretasie van finansiële state.

'n Ander moontlikheid is om verhoudings van sekere syfers of groepe syfers op 'n inkomste-staat of balansstaat te bereken, dit dan met sekere maatstawwe te vergelyk en die afwykings en/of neigings deur die resultate geopenbaar,

te bestudeer. Die neigings en resultate word dan geïnterpreteer en aan die hand daarvan word opgetree.

Hierdie aspek kom neer op die analise van finansiële state wat beskou kan word as 'n oordeelsproses gemik op die evaluëring van die huidige en voormalige finansiële toestande sowel as die resultate van die onderneming se bedrywighede. Die primêre doel is dan ook om daarmee die beste moontlike skatting van toekomstige toestande en prestasies te beraam. (Bernstein L.A., Financial Statement Analysis. Theory Application and Interpretation, Homewood Illinois, Richard D. Irwin Inc., 1974 p.3).

Sodanige analise leen hom goed ter bevrediging van verskeie instansies se behoeftes. Die bestuur, beleggingsanalitici, krediteure, bankiers, aandeelhouders en vele ander gebruik dit met vrug. Elk kan sy eie bepaalde behoefte daarmee bevredig, aangesien die analise van finansiële state daarop neerkom dat data in bruikbare en nuttige informasie wat altyd skaars is, verwerk word. So kan die bestuur 'n beter oorsig oor die finansiële struktuur, likiditeit, bedryfsposisie en verdienste kry as wat met blote lees van die state die geval sou wees. Vir die eksterne ouditeur hou dit die voordeel in dat alle wesentlike veranderinge uitgewys word. M.b.v die verhoudings en daaruit voortspruitende afgeleide neigings behoort strukturele leemtes

en potensiële probleme gouer opgemerk te word.

Finansiële analise en interpretasie help daarom om te voorkom dat daar op voorgevoel, raaiery en ingewings vertrou word. Behoorlik gefundeerde wetenskaplike metodes word tydens die ouditproses toegepas. Verder word die onvermydelike twyfelagtighede wat by die neem van alle beslissings teenwoordig is, aansienlik beperk. Finansiële analise verminder geensins die indringendheid van die beoordelingsproses nie, maar verskaf eerder 'n doeltreffende basis vir rasionele toepassing. (Bernstein, op.cit. p.35). Maar in watter mate kan hierdie metode van bewyslewing doeltreffend in die ouditeringsproses toegepas word? Dit is wat vervolgens ondersoek sal word.

4. Ouditstandaarde.

Doeltreffende ouditering hang in 'n baie groot mate af van die persoonlikheid en ondervinding van die persoon aan die hoof daarvan. Die kwaliteit van die werk wat verrig en die doel wat tydens die oudit nagestreef word, word deur die Amerikaners as "standaarde" beskou. In dié verband is hulle die res van die vrye wêreld dan ook baie ver voor omdat hulle reeds behoorlik geformuleerde standaarde het. In breë trekke handel die standaarde oor die agtergrond van die ouditeur self, die aard, omvang en standaard van sy werk en oor die verslag wat na die oudit gedoen moet word. (American Institute of Certified

Public Accountants, Statement on Auditing Standards, New York, American Institute of Certified Public Accountants Inc., 1973, p.4 - 35).

Tydens die "Vyfde Nasionale Kongres van Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.)" gehou te Durban gedurende Junie 1975, het van die Amerikaanse sprekers duidelik te kenne gegee dat hulle vordering op die gebied van standarde en rekeningkundige publikasies toeskryfbaar is aan die Amerikaners se teësin in wette.

In die Republiek van Suid-Afrika het ons nog nie algemeen aanvaarde standarde nie. Hoewel daar reeds in 1964 deur die "Nasionale Raad van Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.)" na standarde verwys is en daar intussen 'n reeks standpunte oor belangrike onderwerpe verskyn het, is die erns van die saak eers in die laaste paar jaar besef. Daadwerklike pogings word nou aangewend om behoorlike standarde te formuleer. Dit word aanvaar dat standarde die algemene maatstaf waarvolgens gemeet word, behels. As sulke standarde vasgestel word deur, en met die verloop van 'n professionele liggaam, impliseer dit 'n poging om minimum standarde in die professie vas te lê. Verklarings oor die onderwerp word aan lede van die spesifieke professie uitgereik met die doel om leiding te gee t.o.v. minimumstandarde wat die professie in die geheel graag sou wil bereik. Dit moet nogtans beklemtoon word dat elke ouditeur by

die nakom van die professionele verantwoordelik-
hede wat hy onderneem het, ongeag verklarings
wat in die verband uitgereik is, self moet be-
sluit oor die aard en omvang van die werk wat
uitgevoer moet word. Ongeag of dit 'n statutêre
oudit of 'n spesiale reëling met 'n kliënt is,
sal dit steeds die ouditeur se persoonlike ver-
antwoordelikheid bly om die werk na die beste
van sy vermoë met die nodige sorg en bedrewen-
heid te verrig. (Die Nasionale Raad van Geok-
trooieerde Rekenmeesters (S.A.), Handleiding
vir die S.A. Geoktrooieerde Rekenmeester.
Standpunte oor Ouditkunde A1, Ouditbeginsels
en Standaard, Johannesburg, Nasionale Raad van
Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.) 1964, p.2).

Benewens die standaard wat op die ouditeur van
toepassing is, is daar ook sekere kriteria waar-
aan die rekeningkundige state en inligting be-
hoort te voldoen ten einde van nut te wees.
Hierdie kriteria kan gerieflikheidshalwe in
twee breë kategorieë verdeel word, naamlik die
grondslae waarop die state en hele rekening-
kundige stelsel gebaseer is en die doelstellings
waaraan die state moet voldoen. Bowenal moet
die state bruikbaar wees.

5. Die bruikbaarheidskonsep.

Rekeningkunde het bowenal bestaansreg omdat dit
'n nuttige funksie verrig met die voorsiening
van bruikbare inligting oor die ekonomiese be-
drywighede van ondernemings. Slegs as die ge-

bruiker van rekeningkundige inligting geldige gevolgtrekkings daaruit kan maak, sal die voortbrenging van sodanige inligting ten volle geregverdig wees. Gevolgtrekkings is alleen geldig wanneer die optrede wat daaruit voortspruit die gewenste uitwerking het. Daarom is die bruikbaarheid van rekeningkundige inligting so sterk afhanklik van die mate van waarheid en objektiwiteit waarmee dit 'n bepaalde toestand beskryf. Die bruikbaarheid van hierdie inligting hang verder af van die mate van vertroue wat die gebruiker daarin het. Enige verbruiker sal slegs geneë wees om inligting waarin hy vertroue het, te gebruik. Daar moet in gedagte gehou word dat die rekeningkundige teorie en praktyk slegs raamwerk vir die voortbrenging en kommunikasie van bruikbare finansiële inligting skeep. Die uiteindelijke verantwoordelikheid om bruikbare en betroubare inligting voort te bring, rus op elkeen wat die rekeningkunde direk of indirek gebruik om finansiële inligting oor te dra. (Faul, Pistorius en Van Vuuren, Rekeningkunde, 'n Inleiding, Durban, Butterworths, 1974, p.21). Die verantwoordelikheid rus des te swaarder op die onafhanklike, eksterne ouditeur wat die grootste moontlike mate van sekerheid moet kry dat dit wat hy sertifiseer redelik en ooreenkomstig aanvaarde rekeningkundige standaarde en metodes opgestel is.

6. Die rekeningkundige postulate.

Die logiese gevolg van die gepaardgaande ver-

antwoordelikhede is dat die mens sekere basiese ekonomiese wette en waarhede aanvaar het om die ekonomiese bedrywighede te reguleer. Hierdie wette is nie vooraf deur mense bedink en in werking gestel nie. Eerder het dit die aard aangeneem van algemeen aanvaarde gebruike en konvensies, wat ontstaan het uit die mens se gemotiveerde optrede om doelwitte van sy ekonomiese bedrywighede te bereik.

Die basiese uitgangspunt vir die doel van hierdie studie sal inhou dat, hoewel die lewe van 'n onderneming veel langer sal wees, die inkomstestaat opgestel sal word om 'n bepaalde tydperk van dié lewe te weerspieël. Die verskillende rekeningkundige beginsels en doelstellings ten spyte, bestaan daar tog 'n mate van twyfel of twee opeenvolgende inkomstestate van dieselfde onderneming absoluut vergelykbaar kan wees. Die rede daarvoor is dat dit prakties onmoontlik is om te verseker dat alle transaksies wat met bepaalde omstandighede verband hou, wel in berekening gebring is of dat niks uitgelaat is nie. In die inkomstebelasting se behandeling van winste of verliese kom 'n baie praktiese onreëlmatigheid voor. 'n Onderneming word belas op belasbare inkomste deur die inkomstestaat weerspieël. Waar so 'n onderneming later verliese sou ly en uiteindelik dalk sou likwiedeer, word die aangeslane verlies verhoog, maar geëh terugbetaling van belasting wat moontlik te veel betaal is, word gemaak nie. Hierdie

geval illustreer duidelik dat 'n onderneming nie slegs op grond van een stel finansiële state beoordeel behoort te word nie. (Klasaanteke-ninge).

Oor die algemeen is die karakter van die ekonomiese wette tweërlei van aard. In die eerste plek het dit die aard van standpunte wat in 'n samelewing algemeen aanvaar word met betrekking tot die ekonomiese orde in daardie samelewing. So het die samelewing 'n konsep van 'n bepaalde ekonomiese orde en word 'n ekonomiese stelsel geskep om daardie bepaalde orde in stand te hou.

In die tweede plek besit hierdie basiese ekonomiese waarhede die aard van natuurlike wette in die sin dat bepaalde oorsake bepaalde gevolge het. Die oorsprong hiervan kan teruggespoor word na die optrede van die mens in sy strewe na behoeftebevrediging. Ten einde die maksimum konstante bevrediging van behoeftes te bereik, het die ooppotting van rykdom in tye van oorvloed ontstaan om sodoende nood in tye van skaarste te vermy. Dit is 'n aanduiding van die oorsprong van die konsep van private besittings waaraan waarde deur die mens geheg word.

Namate die ekonomiese bedrywighede van die mens en sy instellings deur die eeue meer ontwikkel en uitgebrei het, moes die waarhede of reëls waarvolgens dit geskied het noodgedwonge ook uitgebrei en verfynd raak.

Die bais van die rekeningkundige postulate word deur hierdie rekeningkundige waarhede gevorm. 'n Postulaat word hier beskou as 'n algemeen aanvaarde aanname of 'n veronderstelling ten opsigte van 'n bepaalde, bestaande toestand wat as uitgangspunt vir die formulering van beginsels kan dien. Dit is duidelik dat 'n postulaat 'n bepaalde toestand of stel omstandighede definieer sodat dit moontlik word om reëls ten opsigte van die gedefinieerde toestand of omstandighede te formuleer.

Daar word geensins gepoog om die indruk te skep dat die rekeningkundige postulate reeds gedefinieer is nie, inteendeel, dit sou nader aan die waarheid wees om te sê dat die postulate uit gebruike en die praktyk afgelei kan word en dat daar op hierdie stadium slegs gedagte formuleringe oor die onderwerp bestaan.

In die kapitalistiese ekonomie word die persoonlike rykdom, wat uit die eksklusiewe persoonlike besit of eiendomsreg voortspruit, beskou as 'n primêre ekonomiese waarheid, waarop al die ander basiese ekonomiese waarhede rus. (Faul, e.a., op.cit. p.22). Daarmee saam kry 'n mens die winsmotief. 'n Ieder en elk wil sy persoonlike rykdom vermeerder. Dit word gedoen deur eksklusiewe persoonlike besit te verruil teen 'n prys wat vir beide partye aanneemlik

is. Die gewer van die goedere, kry dan meer vir die artikels as wat dit vir hom werd was. Sy persoonlike rykdom vermeerder en hy is gelukkig. Die ontvanger van die artikel kry die artikel vir wat dit vir hom werd is en ook hy is gelukkig. By veralgemening in hierdie verband ontstaan die foutiewe opvatting om lewensnoodsaaklikhede oor dieselfde kam te skeer.

In dié geval verkry die koper die artikel teen die gunstigste voorwaardes, alhoewel die voorwaardes baie maal hoër mag wees as die waarde daarvan vir die koper. Omdat dit egter lewensnoodsaaklikhede is, moet die koper sy eksklusiewe persoonlike rykdom verminder net om aan die lewe te kan bly terwyl die verkoper buitensporige winste maak.

Hierdie ekonomiese waarhede vorm die basis van die postulate van die rekeningkunde. Faul, e.a., (op.cit. p.22) definieer 'n postulaat as "'n algemeen aanvaarde aanname of veronderstelling ten opsigte van 'n bepaalde bestaande toestand wat as uitgangspunt vir die formulering van beginsels kan dien".

7. Rekeningkundige beginsels.

Uit die postulaat het die rekeningkundige beginsel ontwikkel. Kortliks gestel, is die rekeningkundige beginsels algemeen aanvaarde reëls wat op basis van gepostuleerde omstandighede

ontwikkel is en wat as leidraad vir die praktyk en rekeningkunde dien.

Net soos in die geval van die postulate, bestaan daar ook geen volledige en omvattende lys van die beginsels van die rekeningkunde nie; Te-wens, daar bestaan nog baie meningsverskille oor die struktuur van die teorie van rekeningkunde. Die beginsels het uit die praktyk ontwikkel deur 'n proses waar 'n bepaalde benadering tot die oplossing van 'n probleem wat in praktyk ontstaan, gaandeweg deur gebruik aanvaar word as die beste oplossing. Hier kry die ouditeur met 'n netelige praktiese probleem te doen, naamlik om te bepaal wanneer 'n bepaalde oplossing die beste oplossing vir 'n rekeningkundige probleem is.

Om hierdie vraag te beantwoord, moet terugverwys word na die primêre postulaat van die rekeningkunde, naamlik dat dit die doel daarvan is om bruikbare inligting te voorsien. Die vereistes vir enige rekeningkundige beginsel is daarom dat die toepassing daarvan ondubbelsinnige, bruikbare inligting sal verskaf. Bruikbaarheid impliseer hier waarheid, relevantheid, ondubbelsinnigheid, absolute objektiwiteit en betroubaarheid. Verder behoort 'n beginsel prakties uitvoerbaar te wees en dit kan slegs in die praktyk getoets word. Daarom word pragtige teoretiese beginsels soms as onprakties verwerp.

In die algemeen kan beginsels beskou word as

daardie grondbegrippe wat grondwaarhede verteenwoordig en die persoonlike gedragskode bepaal van alle persone wat eerbare werk verrig. Die ouditeur behoort te alle tye, ongeag die besondere omstandighede, daardeur gelei te word.

8. Rekeningkundige metodes en prosedures.

Hieruit kan afgelei word dat die beginsels die grondslae vir die rekeningkundige praktyk vorm. Die metodes en prosedures van die rekeningkunde, daarenteen, bepaal op watter wyse data en inligting volgens beginsels in die rekeningkundige proses hanteer word. Hierdie metodes en prosedures is dan die reëls waarvolgens 'n onderneming se transaksies onder verskillende omstandighede binne die raamwerk van die beginsels aangeteken en die inligting verder behandel en uiteindelik aangebied behoort te word.

Daar moet in gedagte gehou word dat daar meermale meer as een korrekte metode is, terwyl almal as algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk erken word. Die verskillende metodes kan verder verskillende resultate tot gevolg hê. Gevolglik lê die verskil tussen goeie en swak rekeningkundige praktyk in die mate van sorg waarmee die regte metode, objektief, vir 'n bepaalde stel omstandighede gekies word. (Faul, e.a., op.cit. p.24).

Op hierdie stadium moet weer eens by die ouditeur se metodes en prosedures stilgestaan word. In

die verlede het die ouditeur hoofsaaklik op historiese feite klem gelê en selde sy metodes en prosedures aangepas om meer toekomsgerigte afleidings te kan maak. Dink aan die belegger wat daarenteen hoofsaaklik toekomsgerig is en die meeste van sy informasie uit finansiële state moet kry, en dit is duidelik waarom die ouditeur meer toekomsgerig moet wees voordat hy die finansiële state sertifiseer.

9. Rekeningkundige konvensies.

Indien 'n bepaalde metode of prosedure ooreenkomstig algemeen aanvaarde praktiese reëls toegepas word, word van 'n konvensie gepraat. Die belangrikste funksie van rekeningkundige konvensies is om 'n mate van eenvormigheid in rekeningkundige praktyk te skep. Indien daar nie 'n mate van eenvormigheid was nie, sou die rekeningkunde nie aan die vereistes van 'n bruikbare kommunikasiemedium voldoen nie. Nogtans moet in gedagte gehou word dat persoonlike oordeel hier 'n groot rol kan speel. Dit sou on-eindige verwarring skep indien elke stel rekeningkundige inligting op 'n verskillende manier aangebied sou word. (Faul, e.a., op.cit. p.24).

'n Konvensie verskil van 'n beginsel in die opsig dat 'n beginsel op 'n basiese waarheid of postulaat berus terwyl 'n konvensie slegs 'n praktiese reël of 'n gebruik is of 'n gebruikskode verteenwoordig. Dit is byvoorbeeld 'n beginsel om die finansiële toestand van 'n onder-

neming te beskryf in terme van die vergelyking;

$$\text{Netto Bates} = \text{Kapitaal aangewend.}$$

Dit is 'n konvensie om bates aan die linker- en kapitaal aangewend aan die regterkant van die vergelyking te skryf.

Dit is seker voor die handliggend dat nie op al die rekeningkundige konvensies nagegaan kan word nie, daarom word slegs met die genoemde voorbeeld volstaan.

10. Rekeningkundige praktyk.

As al die voorgaande saamgevat word, verteenwoordig die resultaat die begrip rekeningkundige praktyk. Dit behels naamlik die gebruik van die algemeen aanvaarde metodes, prosedures en konvensies en die toepassing van beleid volgens die heersende omstandighede van elke geval, alles volgens die riglyne wat deur die beginsels, wat weer op die postulate berus, daargestel is. (Faul, e.a., op.cit. p.25).

Omdat die rekeningkunde dinamies is en gedurig by steeds veranderende omstandighede en inligtingsbehoefte van die sakewêreld moet aanpas, kan die rekeningkundige praktyk nooit stagneer nie. Die teendeel is eerder nader aan die waarheid. Tegnologiese ontwikkeling, uitbreiding, samesmeltings en inflasie veroorsaak dat sake-toestande en -resultate feitlik daagliks kan verander. Daaruit spruit veranderde teboekstel-

lings- en verantwoordingsvereistes voort. Tot op datum was dit steeds moontlik om die rekeningkundige praktyk so aan te pas dat alle behoeftes bevredig word. Die aanpassing gaan ook gepaard met ontwikkeling. Ontwikkeling van rekeningkundige praktyk is geen willekeurige proses nie. Dit gaan eers deur 'n lang proses waarvan die eerste stap die erkenning van die probleem is. Daarna moet oplossings gesoek word. Beide teoretici en praktici oorweeg moontlikhede totdat geskiktes gevind word. Sodanige moontlikhede word eers in die praktyk getoets voordat akademiëci, en soms ook die hof, dit in die literatuur sal aanvaar, waarna dit dan uiteindelik algemeen as aanvaarde rekeningkundige praktyk inslag vind.

Die doel wat rekeningkunde moet dien asook die prioriteite wat nagekom moet word, vereis dat sekere algemeen aanvaarde grondslae daargestel word wat vir die opstellers van state as gids behoort te dien. In dié verband sal daar o.a. by die rekeningkundige doelstellings en grondslae stilgestaan word.

HOOFSTUK 2

REKENINGKUNDIGE DOELSTELLINGS EN BEGINSELS.

1. Die doelstellings van rekeningkunde.

Die basiese funksie van finansiële rekeningkunde lê daarin om die nodige ekonomiese data en inligting aan diegene wat beslissings op grond van genoemde data moet neem, beskikbaar te stel. Faul, e.a., (op.cit. p.27), konstateer "die doelwit van die rekeningkundige proses is om periodiek die finansiële toestand van 'n entiteit op 'n bepaalde tydstop, en die finansiële resultate van die entiteit se bedrywighede gedurende 'n bepaalde tydperk te meet en te kommunikeer". Dit is duidelik dat die volgende die belangrikste aspekte is:

Die ekonomiese data en inligting so akkuraat moontlik vasgelê word sodat dit aan die gebruiker daarvan op 'n bruikbare wyse oorgedra word.

Hierdie doelstellings het hoofsaaklik uit die behoeftes van die gebruikers ontstaan. Die mees algemene doelstellings o.a. sal vervolgens bespreek word.

Waardemaatstaf as basis vir beslissings.

Algemeenheid van doel.

Dualiteitsbeginsel.

Tersaaklikheid.

Objektiwiteit.

Vergelykbaarheid.

Duidelikheid.

Aktualiteit-Tydigheid.

Subjektiwiteit.

1.1 Die waardemaatstaf as basis vir beslissings.

Die bruikbaarheid moet inhou dat beslissings op grond daarvan geneem kan word. Wanneer alternatiewe rekeningkundige beginsels of prosedures geëvalueer word, moet na die rekeningkundige doelstellings verwys word. Die rekeningkundige doelstellings kan alleen effektief funksioneer mits dit aan 'n waardemaatstaf gekoppel word. Die rekeningkundige alternatief wat die beste aanduidings, of naaste weergawe van die werklike waarde gee, behoort gevolg te word; natuurlik onderhewig daaraan dat dit billik is met betrekking tot aanvaarbaar en redelik. Op hierdie stadium word die historiese kosprys, uitgedruk as 'n geldwaarde, as die aanvaarde waardemaatstaf vir beslissingsdoeleindes beskou.

Volgens Faul, e.a., (op.cit. p.38) kan veral twee probleme aan die gebruik van geld as gemeenskaplike rekeneenheid gekoppel word.

"In die eerste plek beteken die gebruik van geld as gemeenskaplike rekeneenheid dat slegs daardie feite wat in terme van geld gemeet kan word, by die bepaling van die finansiële toestand en -resultaat van 'n entiteit in berekening kom".

Hierdie probleem word egter oorbrug deur addisionele inligting in die vorm van verslae by die finansiële state in te sluit.

"Die tweede probleem wat met die gebruik van geld as gemeenskaplike rekeneenheid gepaard gaan, is dat die waarde van geld op sigself nie stabiel is nie. Die waarde van geld word net soos die waarde van kommoditeite, deur die vraag en aanbod asook verskeie ander faktore, onder andere inflasie en deflasie, beïnvloed. "Dit beteken dat die resultate van transaksies wat oor 'n periode waartydens geldwaardes baie geskommel het, nie altyd vergelykbaar is nie en dikwels misleidende inligting tot gevolg het.

Daar is egter skrywers wat die gebruik van geld op 'n meer akkurate waarderingsbasis propageer. So word daar nou vry algemeen van "inflasie rekeningkunde" gepraat. Dit sal inhou dat die boeke en state gereeld aangesuiwer word om altyd so na as moontlik aan 'n realistiese waarde vir elke bate en las te kom; 'n realistiese waarde aan die meting met die huidige waarde van geld.

Die Komitee vir Rekeningkundige Praktyke van die Nasionale Raad van Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.) het in 'n byvoegsel tot "Die Suid-Afrikaanse Geoktrooieerde Rekenmeester" van Januarie 1975 'n besprekingsverhandeling i.v.m. "Rekeningkunde vir Inflasie en ander Pryspeilveranderinge" uitgereik waarin aanbeveel word dat die konvensionele finansiële state, met die historiese aanvoorsom as basis vir die rekeningkunde, behou word. Sodanige state behoort dan vir inflasie of deflasie aangepas te word. Die doel is geen-

sins om die deurlopende gebruik van pryse, wat van die historiese aankoopsom verskil, te ontmoedig nie. Hierdie aansuiwering van konvensionele finansiële state met gegewe statistiek behoort die gewenste mate van standaardisasie in rekeningkundige praktyk vir die professie tot gevolg te hê.

Reeds in 1936 het Sweeney (Sweeney H.W., Stabilized Accounting, Chicago, Holt, Rhinehardt and Winston Inc., Renewed Edition 1964, p.1 - xxxix) die verantwoording van die invloed van inflasie op die finansiële state gepropageer. Hy noem voorts dat die waardemaatstaf die dollar is, maar die dollar is a "liar" omdat dit altyd kleiner word.

Hierdie daling in die waarde van die geldeenheid het tot gevolg dat die waarde van 'n item, gemeet volgens die huidige waarde van geld, aansienlik mag styg, alhoewel die kapasiteit van die bate konstant sal bly of selfs sal afneem. 'n Goeie voorbeeld is 'n lessenaar. Waar 'n lessenaar vir een persoon 10 jaar gelede moontlik vir R30 gekoop kon word, sal dit tans aansienlik meer kos. Die gebruikskapasiteit sal egter steeds vir een persoon bly, m.a.w. die nuttigheid vir die onderneming bly dieselfde hoewel die koste styg. Die koste styg omdat die vraag toeneem, maar ook omdat inflasie die Rand se waarde laat daal. Gevolglik moet meer Rande met minder waarde nou betaal word.

Alhoewel die "Inflasierekeningkunde" buite die

sfeer van hierdie studie val, is dit nogtans 'n belangrike saak vir die aandag van die eksterne ouditeur. Die gevolge van inflasie, indien nie behoorlik in ag geneem nie, kan so maklik tot likwidasië lei omdat krediteure op 'n dag nie betaal kan word nie. In die lig hiervan moet die waardemaatstaf altyd deeglik oorweeg word.

1.2 Algemeenheid van doel.

Aangesien verskillende partye, feitlik almal met verskillende belange finansiële state gebruik, word gepoog om alle relevante rekeningkundige data in die vorm van finansiële state aan te bied. Omdat aan al hierdie belange deur dieselfde stel finansiële state voldoen moet word, is dit 'n basiese doel van die rekeningkunde om hierdie state so volledig, omvattend en veelsydig as moontlik op te stel. Dit beteken dat soveel gewens as moontlik, wat belangrik en in aanvraag is, in die state ingesluit moet word sonder om die state onnodig uitgebreid, omslagtig en verwarrend te maak. Dit impliseer ook dat 'n spesifieke belang nie bo 'n algemene belang verhef moet word nie. (Bernstein, op.cit. p.16 en 17).

1.3 Die dualiteitsbeginsel.

Die dualiteitsbeginsel vorm die basis vir die struktuur waarvolgens die finansiële toestand van 'n entiteit en die resultate van sy ekonomiese bedrywighede aangeteken word.

Die basis wat in die rekeningkunde gebruik word, het uit die wiskundige vergelyking $a = b$ ontwikkel en word deur die volgende basiese rekeningkundige vergelyking weergegee:

$$\text{Bates} = \text{Eienaarsbelang} + \text{Laste.}$$

Die bates verteenwoordig alle items van waarde terwyl daar basies twee groepe is wat op die bates aanspraak maak, naamlik die skuldeisers, ook laste genoem, en die eienaars. Iedere transaksie deur die onderneming aangegaan, beïnvloed die basiese rekeningkundige vergelyking tweeledig, sodat dit deurentyd in balans bly.

Gevolgtlik bepaal die dualiteitsbeginsel dat die finansiële toestand van die onderneming in terme van genoemde basiese rekeningkundige vergelyking voorgestel moet word. (Faul, e.a., op.cit. p.38 - 39). Dit hou in dat die tradisionele dubbelskrywingstelsel as basis vir die rekeningkunde gebruik moet word.

1.4 Tersaaklikheid.

Rekeningkundige gegewens moet aan die behoeftes van die gebruikers van finansiële state beantwoord. Die state moet dus die gebruiker se behoefte direk, volledig en omvattend bevredig. Om dit te kan doen, moet beide die rekenmeester en ouditeur bekend wees met die behoeftes van die gebruikers. Hulle moet ook op hoogte wees van al die middele en tegnieke wat deur die gebruiker in die ontleding van die state gebruik word. Dit is

welbekend dat die gebruikers van finansiële state in die volgende belangstel:

- (i) Elemente van finansiële krag en swakhede.
- (ii) Gegewens met betrekking tot kwesbaarheid in krisistye sowel as die vermoë om krisisse met behulp van middele die hoof te bied.
- (iii) Alle faktore wat tot die onderneming se resultate bydra.
- (iv) Alle nie-herhalende en nie-bedryfselemente wat vooruitskatting kan beïnvloed.
(Bernstein, op.cit. p.17).

Dit is juis hier waar die toekomsvooruitsigte en - beoordeling 'n belangrike rol moet speel.

1.5 Objektiwiteit.

Ten einde geheel en al objektief te wees, moet finansiële state sonder vooroordeel, partydigheid of die invloed van bymotiewe opgestel word.

Daar is twee eienskappe verbonde aan gegewens wat op 'n objektiewe basis verkry is. Eerstens behoort dit in 'n baie hoë mate bewys of gekontroleer te kan word, aangesien die oorsprong of metode van bepaling gewoonlik opgespoor kan word. Tweedens kry 'n mens die betroubaarheidseienskap wat die gevolg is van doelbewuste pogings om die mees aanvaarbare en verdedigbare gevolgtrekkings te kan maak. (Bernstein, op.cit. p.17).

Hierin lê egter ook 'n groot gevaar verskuil.

Een van die belangrikste aspekte van die rekeningkundige proses is oordeel en dit is juis hierdie oordeel wat van die rekeningkunde 'n professie maak. Ongelukkig skram sovele mense weg van alternatiewes wat op oordeel berus en kies liever die moontlikheid wat m.b.v. eksakte bewyse gestaaft kan word. Volgens Kennedy & McMullen (Kennedy R.D. & McMullen S.Y., Financial Statements, Form, Analysis and Interpretation, Homewood, Illinois, Richard D. Irwin Inc., Vyfde uitgawe 1968, p.29) is die beste getuigenis dit wat die mees objektiewe is m.a.w. dit wat die minste deur persoonlike oordeel en opinie beïnvloed word.

M.i. is dit nodig om nou die voorgaande siening te kwalifiseer. Waar beskikbaar, is sodanige bewyse die beste. Nogtans vind transaksies plaas waar persoonlike oordeel die plek van bewyse inneem. Byvoorbeeld by die afskrywing van waardevermindering op motorvoertuie gaan verskillende persone op verskillende bedrae besluit. Na hulle oordeel sal die motors nie dieselfde verwagte lewe hê nie. Die moontlikheid bestaan dat die persentasie wat vir inkomstebelasting toegelaat word, gebruik word. Hier kry 'n mens te doen met die mees verdedigbare alternatief, maar beslis nie noodwendig die mees aanvaarbare een nie. Daarom is dit noodsaaklik dat objektiwiteit met die nodige selfbeheersing toegepas word. In die algemeen kan gestel word dat, hoewel objektiwiteit 'n relatiewe begrip is, daar nogtans van die rekeningkunde verwag kan word om so objektief

moontlik te wees. M.a.w., die invloed daarvan op die verskillende belanghebbendes moet so objektief moontlik wees.

Dit dien weer beklemtoon te word dat persoonlike oordeel hier uiters belangrik is. Die aard van die persoon, of dit 'n optimis of pessimis is, die bekwaamheid, agtergrond en insig, kan nooit presies dieselfde as die van 'n ander persoon wees nie. Daarom sal die interpretasie van rekeningkundige gegewens en data van persoon tot persoon verskil. Absolute objektiwiteit is twyfelagtig en die volgende aspek van absolute "vergelykbaarheid" onmoontlik.

1.6 Vergelykbaarheid.

Soos gesê is absolute vergelykbaarheid weens die persoonlikheidsaspek onmoontlik. Nogtans is dit noodsaaklikheid om vergelykbaarheid in die rekeningkunde na te streef.

Vergelyking is een van die mees basiese tegnieke by die ontleding van gegewens vir konklusie. Byna alle evaluasies of alternatiewe berus op 'n vergelyking van een of ander aard. In die uiterste vorm vereis vergelykbaarheid dat soortgelyke items op dieselfde rekeningkundige metodes verantwoord word. Verskille moet aan verskillende omstandighede eerder as aan die gebruik van verskillende rekeningkundige metodes te wyte wees. (Bernstein, op.cit. p.18).

Verder is dit baie onwaarskynlik dat twee absoluut identiese ondernemings gevind kan word. Ooreenstemmende ondernemings van min of meer dieselfde omvang kan bestaan, maar faktore soos interne organisasie, lokaliteit en bestuur gaan veroorsaak dat die ondernemings nie werklik vergelykbaar is nie. Dieselfde persoon mag die vergelyking doen en die meeste dinge gelyk wees, maar sodra daar een of meer faktore bykom, kan dit nie meer presies dieselfde wees nie. Dan is presiese vergelykbaarheid nie moontlik nie.

Met hierdie voorbehoude in gedagte, moet nogtans gepoog word om, sover moontlik, interne vergelykbaarheid moontlik te maak deur nie onnodige en ondoeltreffende metode-veranderings aan te bring nie. Dit behoort terselfdertyd die konstante verstaanbaarheid aan te help.

1.7 Duidelikheid - verstaanbaarheid.

Een rede waarom duidelikheid en die afwesigheid van dubbelsinnigheid as vereiste gestel word, is dat daar tot so 'n groot mate opsommings van so baie ekonomiese gebeurtenisse en transaksies gemaak moet word. Die ander vanselfsprekende rede is dat die agtergrond, opleiding en die vermoë om sodanige inligting te assimileer, so varieer.

Terwyl 'n minimum begrip 'n vereiste vir die intelligente gebruik van rekeningkundige data is, sal duidelikheid beslis die bruikbaarheid daarvan

verhoog. Verder is rekeningkunde essensieel 'n kommunikasiedisziplinê en duidelikheid, ondubbelsinnigheid en die direktheid sal die kommunikasieproses baie verbeter. (Bernstein op.cit. p.18).

Openbaarmaking behoort nie as die plaasvervanger van die verantwoordelikheid van meting beskou te word nie, aangesien die meet van waardes een van die primêre funksies van rekeningkunde is. Dit behoort ook geensins in 'n meganisme ter beskerming van bestuur, direkteure of ouditeure omskep te word nie. Deur sy noue kontak met die bestuur en direkteure het die onafhanklike ouditeur alreeds probleme om sy onafhanklike objektiwiteit te behou. Dit sal daarom tot almal se voordeel strek indien die state, deur middel van syfers en in verhalende trant, verstaanbare informasie aan so 'n breë moontlike reeks gebruikers verskaf as wat prakties moontlik is. Die informasie moet egter duidelik en bruikbaar wees, so nie is daar geen sin in om dit te verskaf nie.

1.8 Tydigheid - aktualiteit.

Alle informasie het 'n bepaalde tyds waarde. In die geval van ekonomiese of finansiële data is tyd altyd wesenlik. Hoe ouer en hoe verder die informasie van die oorsprong daarvan verwyder is, hoe minder waarde kan daaraan geheg word. Finansiële state moet daarom so gou doenlik beskikbaar wees. (Bernstein op.cit. p.19).

Bowendien is finansiële state op hierdie stadium

bloot histories gerig. Dit verskaf 'n prentjie van historiese gebeurtenisse teen historiese pryse en het bloedweinig met die toekoms te doen, maar dit kan as uitstekende basis vir die vooruitskating van resultate dien, tensy iets buitengewoon gebeur.

1.9 Subjektiviteit.

Tydens die voorbereiding van finansiële state behoort daar 'n aanvaarbare balans te bestaan tussen subjektiviteit wat tot relevantheid bydra en objektiviteit wat verifieërbaarheid verhoog.

Die bruikbaarheid van die finansiële state behoort te verhoog, aangesien dit reeds 'n aanvaarde feit is dat die meting, akkumulasie, opsomming en toedeling van 'n groot gedeelte van 'n onderneming se ekonomiese data, hoogs subjektiewe prosesse is. Relatief min finansiële data kan as onbetwisbare feite beskou word wat geensins aan moontlike heroorweging onderworpe is nie. Rekenmeesters behoort met meer nadruk te erken dat finansiële state altyd tentatief en daarom onderworpe aan verandering is namate belangrike, bykomende gegewens bekend raak. Op die wyse sal die rekenmeesters die nodige erkenning aan die ware professionele aard van hulle dissipline, wat 'n hoë graad van oordeelsvermoë, bekwaamheid en persoonlike integriteit verg, gee. So sal hulle dan na relevante en bruikbare gegewens beweeg.

2. Grondslae en beginsels.

Soos reeds gestel, vereis die doel wat rekeningkunde moet dien, asook die prioriteite wat nagekom moet word, dat sekere, algemeen aanvaarde grondslae daargestel word wat vir die opstellers van state as gids behoort te dien. Aandag sal vervolgens geskenk word aan die meer belangrike grondslae wat reeds in steeds meer lande erkenning geniet :

Ondernemingsbegrip of rekeningkundige entiteit.

Rekenpligtige tydperk.

Lopende saakbegrip.

Realisasiebeginsel.

Omsigtigheidsbegrip.

Volle openbaarmaking.

Konsekwenheidsbegrip.

Wesentlikheid.

Paringsbegrip.

Kostebegrip.

2.1 Die ondernemingsbegrip of rekeningkundige entiteit.

Om betekenisvol te wees, word rekeningkundige verantwoording vir 'n besigheidsonderneming, wat 'n bepaalde gebied of belang behels, gedoen. Hierdie grondslag het te make met die omgewing of agtergrond waarvoor rekeningkundige verantwoording gedoen word. Dit kan 'n maatskappy 'n vennootskap, eenmansaak of selfs 'n groep maatskappye in die vorm van gekonsolideerde state wees. (Bernstein op.cit. p.20).

Hierdie begrip het reeds in die tyd van die Grieke en Romeine sy amptelike beslag gekry waar die slaaf of dienskneg, belas met die beheer van die landgoed, verantwoording aan sy heer of meester moes doen. Die verantwoording het dan gehandel oor die entiteit nl. die landgoed.

Enige ekonomiese eenheid waarvan die finansiële transaksies deur die rekeningkundige proses afsonderlik van dié van enige ander eenheid handel moet word, is dus 'n rekeningkundige entiteit. (Faul, e.a., op.cit. p.34).

Dit is belangrik om uiters versigtig te wees voordat aanvaar word dat finansiële state oor een entiteit handel. Daar word meermale state opgestel en gepubliseer waar twee of meer rekeningkundige entiteite gelyktydig handel word weens koste of administratiewe beperkinge. In so 'n geval moet die klem dus val op die feit dat elke betrokke rekeningkundige entiteit ten volle verantwoord is.

2.2 Rekenpligtige tydperk.

Hoewel die lewe van 'n onderneming gewoonlik oor 'n lang termyn strek en dit deurlopend van aard bestuur word, vereis verskillende partye periodiek-gereelde en tydige verslae oor die vordering en stand van sake. Hierdie vereiste, gekoppel aan die doel van tydigheid, het tot die grondslag van verslaglewering oor 'n vaste rekeningkundige tydperk gelei.

Die eienaarsbelangegroep verwag met gereelde tussenposes verantwoording van die entiteit se interne bestuur oor die finansiële resultate en toestand daarvan. Hierdie tipe gereelde verslagdoening is 'n vorm van beheer wat die eienaarsbelangegroep oor die interne bestuur uitoefen. Daarbenewens verwag die eienaarsgroepe ook gereelde uitkerings van winste. Sodanige winste word bepaal deur state op te stel waardeur terselfdertyd 'n beeld van die finansiële toestand verkry word. Beide faktore kan dan saam met die begrotings vir toekomstige ontwikkeling in ag geneem word by die bepaling van dividende wat aan die eienaarsgroepe uitgekeer gaan word.

Verder benodig die interne bestuur ook 'n oorsig van die finansiële toestand en bepaling van die finansiële resultate sodat dit betyds beoordeel kan word en kan dien as hulpmiddel by die neem van besluite oor die toekoms.

"'n Finansiële tydperk is dan die tydperk ten opsigte waarvan die finansiële resultate van 'n entiteit en aan die einde waarvan die finansiële toestand van die entiteit bepaal word. Dit is praktyk, en ten opsigte van ondernemingsvorme wat deur wet gereël word, verpligtend dat die finansiële resultate en toestand met tussenposes van hoogstens twaalf maande bepaal en in 'n stel finansiële verslae aan die eksterne belangegroep gekommunikeer word. Hierdie tydperk van twaalf maande wat telkens op dieselfde datum elke jaar

afsluit, staan bekend as die entiteit se finansiële tydperk". (Faul, e.a., op.cit. p.27 - 28 en Bernstein, op.cit., p.20 en 21).

Sekere skrywers, onder andere Roy a Foulke (Practical Financial Statement Analysis, New York, McGraw-Hill Book Company, Sesde Uitgawe 1968, p.210 en 211) voel dat die rekenpligtige tydperk oor die sogenaamde natuurlike besigheidsjaar moet strek. Die natuurlike besigheidsjaar verteenwoordig dan daardie tydperk van twaalf opeenvolgende maande wat op die datum wanneer die normale besigheidsiklus 'n laagtepunt bereik, eindig. State oor hierdie tydperk opgestel, behoort 'n redelik akkurate weergawe te wees van die finansiële toestand en wins of verlies van die onderneming.

Vroeëre belastingwetgewing het weer tot gevolg gehad dat baie ondernemings die natuurlike besigheidsjaar moes ignoreer en hulle rekenpligtige tydperk ooreenkomstig die vereistes van die Sekretaris van Binnelandse Inkomste reël. Deesdae is dit egter ook vir belastingdoeleindes aanvaarbaar om die natuurlike besigheidsjaar te gebruik; in 'n mate word dit selfs gepropageer om sō die druk van belastingwerk oor die hele jaar te versprei en nie net op sekere spitstye konsentreer nie.

2.3 Lopende saakbegrip.

Dit beteken dat die inkomste- en balansstaat op die veronderstelling berus dat daar geen voorneme of noodsaak bestaan om die bedrywighede te staak

of wesenlik te beperk nie. Die onderneming sal daarom in die afsienbare toekoms 'n bedryfsbestaan bly voer. (Rekeningkundige Praktykeraad, op.cit. p.2).

In die praktyk word hierdie grondslag op die aan-neming gebaseer dat die onderneming lank genoeg in die toekoms sal bly voortbestaan sodat die bates met 'n lang lewensduur ten volle vir die doel waarvoor dit aangekoop is, verbruik kan word. (Bernstein, op.cit. p.21). Daar moet sorg gedra word dat geen moontlikheid in die entiteit skuil wat twyfel oor die voortbestaan daarvan kan laat ontstaan nie. Dit is juis 'n belangrike aspek van kritiek teen die huidige gebruike van reken-meesters, nl. dat die onderneming op geen stadium as 'n lopende saak beoordeel word nie. F.J. du Plessis (Die Aard, Omvang en Berekening van Wins met spesiale verwysing na die Ekonomiese-, Be-dryfsekonomiese- en Rekeningkundige Standpunte, P.U. vir C.H.O., 1956, p.176) het hom baie dui-delik oor hierdie aangeleentheid uitgespreek en na sy mening word te veel rekenmeesterstyd en oorwegings aan die eienaars geskenk en te min aan die onderneming self. Skrywer wil hom hiermee vereenselwig en ook beklemtoon dat inkomstebelastingoorwegings nie by die bepaling van rekening-kundige praktyke oorweeg moet word nie. Vanweë die aard van die belastingaangeleenthede word 'n onderneming nie as 'n lopende saak beoordeel nie, maar eerder as 'n aantal onafhanklike fases in die voortbestaan daarvan - 'n idee wat nie

met die lopende saakbegrip of met goeie rekeningkundige praktyk versoenbaar is nie, omdat elke jaar feitlik op sy eie geneem en belas word. Verliese word wel oorgedra, maar slegs teen winste wat later rapporteer word in berekening gebring. Belasting betaal op vroeëre winste, word nie terugbetaal nie. F.J. du Plessis (op.cit. p.173) voel dat die rekeningkundige konvensies, waarvolgens vaste bates gewaardeer word teen kosprys, min genoegsame voorsiening vir waardevermindering, en vlottende bates teen die laagste van kosprys of markwaarde, indien algemeen en konsekwent gebruik, herlei kan word tot lopende inkomste en lopende koste wat 'n belangrike onderdeel van die lopende saakbegrip vorm. Terselfdertyd hou dit ook duidelike ondertone in van die "realisasiebeginsel".

2.4 Die realisasiebeginsel.

Die rekeningkundige konsep "wins" word as die oorskot van inkomste bo verwante uitgawes gedefinieer. Gevolglik is inkomste daardie waarde wat 'n entiteit toekom vir goedere of dienste aan ander instansies gelewer. "Die postulaat wat die konsep van wins, en by implikasie dan ook die konsep van inkomste onderlê, is dat wins vir aanwending beskikbaar moet wees". (Faul, e.a., op. cit. p.43). Dit is hier waar die realisasiebeginsel toepaslik is, aangesien wins slegs bepaal kan word deur werklike gerealiseerde inkomste en werklik aangegane kostes in berekening te

bring. Die vooropstelling vir wins is m.a.w. dat die inkomstes gerealiseer en die uitgawes werklik aangegaan moet wees.

Ook in dié verband is dit nodig om na Du Plessis se werk (op.cit. p.195 en 196) te kyk. Volgens hom is daar baie kritiek uit te spreek teen die rekenmeester se berekening van wins. Sedert sy werk gepubliseer is, het baie dinge sō verander dat van sy kritiek nou ongeldig is. Een aspek bly egter steeds 'n probleem en dit is dié van voorraadwaardasie ten opsigte waarvan Du Plessis propageer dat voorsiening vir veranderings in geldwaarde gemaak moet word. Hierdie aspek word deesdae druk bespreek en aangesien dit 'n selfstandige studie regverdig, sal geen verdere aandag daaraan verleen word nie.

2.5 Omsigtigheidsbegrip – konserwatisme.

Dit is beleid om, waar 'n transaksie op meer as een korrekte manier in die rekeningkundige proses behandel kan word, die een wat die konserwatiefste winsbepaling of die minste wins, tot gevolg sou hê, te kies.

Hier word inkomste eers as sulks erken wanneer dit reeds in kontant of in die vorm van 'n ander bate, waarvan die uiteindelijke realisering in kontant met redelike sekerheid in die vooruitsig gestel kan word, ontvang is. Vir alle bekende verpligtinge daarenteen, word voorsiening gemaak, hetsy die bedrag met sekerheid bepaal is en of dit

slegs die beste beramings aan die hand van beskikbare inligting verteenwoordig. (Faul, e.a., op. cit. p.47), (Bernstein, op.cit. p.21) en (Kennedy en McMullen op.cit. p.53).

Dit is uiters belangrik om die feit in gedagte te hou dat konserwatisme en afwesigheid van vooroordeel feitlik onversoenbare konsepte is, aangesien konserwatisme sekere gebruikers van finansiële state soms ten koste van ander bedien. Konserwatisme hou basies reeds 'n mate van vooroordeel in, want die laagste aanvaarbare moontlikheid beskerm beslis die koper en uitlener ten koste van die belange van die verkoper of lener. Die risiko van die koper en uitlener word daarom in 'n groot mate verminder.

2.6 Volle openbaarmaking.

Die beginsel van volle openbaarmaking bevredig 'n hele aantal basiese rekeningkundige doelstellings waarvan die belangrikste tersaaklikheid, objektiwiteit, vergelykbaarheid en duidelikheid is.

Volle openbaarmaking beteken nie 'n oorfloed syfers en feite wat blindelings voor die gebruiker gelê word nie. Dit beteken eerder dat die inhoud belangriker as die vorm is en dat feite en syfers op so 'n wyse gerangskik en aangebied word dat effektiewe afleidings moontlik is. (Bernstein op.cit. p.22).

Sekere instansies is nie geneë om hierdie beginsel toe te pas nie. Hulle voer aan dat mededingers te veel informasie kan bekom en op grond daarvan baie skade kan aanrig. Dit wil egter voorkom asof hulle argument nie sterk is nie, aangesien die beginsel van volle openbaarmaking tog met die nodige omsigtigheid toegepas behoort te word en die mededinging nie daardeur bevoordeel sal word nie.

2.7 Konsekwentheid.

Daar moet konsekwentheid in die rekeningkundige behandeling van soortgelyke items in elke rekeningkundige tydperk en van tydperk tot tydperk wees. (Rekeningkundige Praktykeraad, op.cit. p.2).

Positiewe bevestiging word in dié verband in die ouditeur se verslag verkry waar hy stel dat die state "ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk toegepas op 'n grondslag wat verenigbaar is met dié van die voorgaande jaar" opgestel is. (Maatskappywet 1973 op.cit. Art. 300 (i)).

Hier moet gelet word dat die "grondslag wat verenigbaar is met dié van die vorige jaar" meer as net konsekwentheid inhou. Daar mag wel veranderings plaasvind, maar sulke veranderings moet logies wees. Veral die ouditeure moet hier op hulle hoede wees want slegs deur die analise en interpretasie van finansiële state kan die ob-

jektiwiteit verkry word om sekere veranderinge op te spoor en indien nodig, te openbaar. Sodra 'n verandering onlogies is, is die grondslag nie meer verenigbaar met dié van die voorgaande jaar nie.

Bernstein (op.cit. p.23) stel tereg dat die grondslag van konsekwentheid geensins inhou dat veranderinge nie gemaak mag word nie. Indien die veranderinge tot beter rekeningkunde, vollediger openbaarmaking en 'n redeliker aanbieding lei, is dit altyd aan te beveel. Wanneer veranderinge egter 'n enger belang ten doel het, is dit onwenslik.

'n Mens kan jou nie ten volle met die laaste aspek van Bernstein se siening vereenselwig nie, aangesien dit soms wenslik en dalk uiters noodsaaklik mag wees om veranderinge met gevolglike enger belang en doel na te streef. Hier dink 'n mens onwillekeurig aan gevalle waar rye en rye syfers sonder werklike patroon of betekenis aangebied word.

Dit sou beter wees om Faul, e.a., (op.cit. p.47) se siening te deel. "Die beleid van konsekwente toepassing verg dat wanneer daar op 'n bepaalde basis of metode besluit is, daarby gehou moet word en indien dit nodig is om daarvan af te wyk, moet die feit dat daar afgewyk is asook die invloed van die afwyking op die finansiële toestand en resultate van die onderneming openbaar word".

2.8 Wesentlikheid.

"Transaksies en gebeurtenisse wat nie wesentlik is in verhouding met die aard en omvang van die entiteit se aktiwiteite nie, word nie in berekening gebring indien die koste en moeite om dit aan te teken nie deur die nut van die resultaat regverdig word nie". (Faul, e.a., op.cit. p.47).

Hierdie begrip is basies en eenvoudig en beteken dat iets wat nietig en onbelangrik is nie aandag verdien nie.

Daar word beweer dat hierdie begrip nie saam met die voorgaandes geklassifiseer behoort te word nie. Dit is waar dat daar 'n mate van verskil bestaan en dat dit soms eerder 'n konvensie as 'n beginsel is, maar feit bly staan dat dit vir die gebruiker van die state net so belangrik as enige van die ander is omdat die gebruiker dan sekerheid het dat slegs gegewens wat nie wesentlik is nie, moontlik geïgnoreer is. (Kyk ook Bernstein, op.cit. p.23).

2.9 Paringsbegrip en toevallingsbegrip.

Faul, e.a. (op.cit. p.44 en 46) beskou hierdie twee begrippe as afsonderlike beginsels. Volgens hulle kan die toevallingsbeginsel gesien word as: "Vir doeleindes van winsbepaling word inkomste in berekening gebring in die tydperk waartydens dit realiseer en koste word in berekening gebring in die tydperk waartydens die verbruik of benut-

ting wat die koste veroorsaak, plaasgevind het. Volgens die paringsbeginsel daarenteen word inkomste en die koste wat direk aangegaan is om die inkomste voort te bring, in dieselfde tydperk in berekening gebring".

Teoreties gesien, is dit heeltemal korrek, maar sover dit die toepassing daarvan betref, sou dit veel nuttiger en meer prakties wees om die twee begrippe as 'n onskeidbare eenheid, bestaande uit twee pole, te beskou. Daarom is die Rekeningkundige Praktykeraad (op.cit. p.2) se beleid om te ag dat inkomste en uitgawes toeval (dit wil sê word in berekening gebring soos dit verdien en aangegaan word en nie wanneer die geld ontvang of betaal word nie), en in soverre hul onderlinge verwantskap redelikerwys bepaal of aanvaar kan word, word hulle teen mekaar opgeweeg en in die tydperk waarop hulle betrekking het in die inkomstestaat behandel. Waar die paringsbegrip egter met die omsigtigheidsbegrip bots, geniet laasgenoemde voorrang. Inkomste en winste wat in die inkomstestaat behandel word, word met die verwante koste en uitgawes vergelyk deur die inkomste teen die gepaardgaande koste in dieselfde staat in berekening te bring - in soverre dit wesentlik en identifiseerbaar is.

In die praktyk word hierdie beginsel nie konsekwent toegepas nie, bv. in geval van reparasies aan geboue.

Tans word sodanige reparasies afgeskryf teen

inkomste in die jaar waartydens dit aangegaan is.

Dit sou veel meer korrek wees om volgens die paringsbegrip, sodanige bedrae af te skryf oor die termyne waartydens verdere reparasies aan die geboue onnodig sal wees. Die voorkoming van verdere uitgawes kan in 'n mate vergelyk word met die verdien van inkomste.

2.10 Kostebegrip.

Enige rekeningkundige data word aanvanklik in die rekeningkundige proses teen die kosprys daarvan op die datum van verkryging, aangeteken. Ons het reeds gesien dat slegs data met 'n meetbare koste in die rekeningkundige proses in berekening gebring word. Die kostebeginsel bepaal daarom die basis waarop enige rekeningkundige data aange-teken moet word (Faul e.a., op.cit. p.39).

Waar sodanige basis verander, moet 'n aantekening te dien effekte op die finansiële state aangebring word.

In hierdie geval beweer kritici dat die kostebeginsel 'n metode is en nie 'n beginsel nie. Hiermee kan nie saamgestem word nie. Die beginsel is dat 'n algemeen aanvaarde basis vir waarde-toekenning gebruik word om waarde te boek te stel. In dié geval word die kosprys as algemeen aanvaarde basis beskou, hoewel dit bloedweinig verskil aan die gebruiker van finansiële state sou maak indien die vervangingswaarde as maatstaf gebruik

sou word. Dit is net moeiliker om die vervangingswaarde te bepaal, maar die beginsel bly dieselfde, naamlik dat dit wel gewaardeer word volgens 'n algemeen aanvaarde basis. Daarbenewens sal die basis wat gebruik word, beslis geen verskil aan die kapasiteit en fisiese eienskappe van die betrokke bate maak nie. Veral in die produksie prosesse is dit die kapasiteit wat net so belangrik, indien nie belangriker as die koste of waarde daarvan is nie.

3. Die invloed van rekeningkundige grondslae.

Die invloed van die voorgaande word op 'n aantal verskillende wyses in die praktyk ervaar. Grondslae soos konsekwentheid of volle openbaarmaking het 'n direkte invloed aangesien hulle die standarde van aanbidding en openbaarmaking van finansiële state beïnvloed. Andere beïnvloed weer die rekeningkundige beginsels. Ongeag die wyse waarop hierdie grondslae hulle invloed uitoefen, is dit 'n vereiste dat hulle invloed waardeer, verstaan en getakseer moet word. (Bernstein, op.cit. p.23 en 24 en eie beklemtoning).

Die beklemtoning tesame met die bepaling van artikel 300(i) (Maatskappywet 1973, op.cit.) is duidelike bewys en motivering dat hierdie saak die nodige aandag van die ouditeure moet kry.

Daarom sal daar oorgegaan word tot die wyses waarop ouditeure hulle werk kan verrig om aan hierdie vereistes te kan voldoen.

HOOFSTUK 3

DIE UITVOER VAN 'N OUDIT.

1. Inleiding.

Die praktyk in die verlede het getoon dat ons in Suid-Afrika in 'n groot mate in die voetspore van veral die Verenigde Koninkryk, en in 'n mindere mate in die van die Verenigde State van Amerika en Australië volg. Die benaderings tot die uitvoer van 'n oudit, asook die metodes wat uiteindelik toegepas word, word derhalwe sterk beïnvloed deur die gebruike in die genoemde lande. Gevolglik is dit van praktiese belang om kortliks aandag te gee aan die gebruike in die betrokke lande.

2. Australië.

Sir Ronald Irish (Auditing, Australië, The Law Book Company Ltd., Vierde Uitgawe 1972, p.27 - 30) is een van die bekendste skrywers uit daardie geweste en gevolglik sal sy siening hier gegee word. Volgens hom moet die kliënt se boeke en rekords aan die ouditeur oorhandig word nadat alle transaksies opgeskryf en behoorlik geklassifiseer is. Hierby word nie altyd gehou nie omdat interim auditwerk soms gedoen moet word as gevolg van die hoeveelheid transaksies, die noodsaaklikheid om die aanspraak op die ouditeur se tyd op balansstaatdatum te beperk of 'n spesifieke versoek van die kliënt.

In so 'n geval is dit belangrik om te verseker

dat die betrokke rekords, wat ondersoek staan te word, tot op 'n definitiewe punt voltooi is, omdat die oudit min waarde sou hê indien die rekords onvoltooid sou wees. Verder sou dit 'n ernstige tekortkoming wees indien die ouditeur sy opdrag slegs beskou as om dit wat in die boeke verskyn korrek te bewys.

2.1 Sommige van die belangrike vrae wat hy self moet kan beantwoord, volg hierna.

- (i) Is alle inskrywings wat in die boeke behoort te wees, wel aangebring? Dit kan tog so maklik gebeur dat alle inskrywings in die boeke korrek is, maar dat alle transaksies doelbewus nie in die boeke aangeteken is nie.
- (ii) Is enigiets in die boeke aangeteken wat nie daar behoort te wees nie? In die praktyk gebeur dit soms dat goedere aan 'n kliënt gefaktureer is, terwyl die goedere op balansstaatdatum nog nie afgelewer is nie en by voorrade ingesluit word. In dié geval sou dit baie gevaarlik wees om slegs te bewys dat dit wat in die boeke is, wel in besit van die kliënt is.
- (iii) Word die inskrywings in die boeke korrek, ooreenkomstig aanvaarde rekeningkundige beginsels, geklassifiseer? Vaste bates wat verkoop is, kan foutief geallokeer

word as normale handelsverkope, of omgekeerd.

Behalwe dergelike sake, moet die ouditeur sy gesonde verstand gebruik by items wat besigheidsoordeel verg, byvoorbeeld die waardering van aandele, depresiasie en twyfelagtige skulde. Hy moet homself tevrede stel d.m.v. behoorlike analise, navrae of toetse dat die behandeling in die state realisties is.

Dit is noodsaaklik om hierdie oënskynlike gevare in gedagte te hou sodat die audit nie bloot as die nasien van inskrywings vanaf oorsprong tot einde beskou word nie. In die praktyk gebeur dit baie dat alhoewel die kliënt se personeel al die inskrywings wat aangeteken behoort te wees, wel in die boeke aangebring het, hulle tog foute met verreikende gevolge maak weens gebrekkige tegniese rekeningkundige kennis, misverstand of blote nalatigheid. Verder kan dit altyd gebeur dat werknemers kontant, sekuriteite of goedere wederregtelik vir hulleself toeëien of dat die boeke om een of ander rede gemanipuleer word. 'n Ouditeur wat slegs die volgorde van aangetekende transaksies nagaan en probeer vasstel of hulle rekenkundig korrek is, sal ver te kort skiet aan die professionele standaarde wat in so 'n geval geld.

Die prosedures wat by 'n spesifieke audit toegepas gaan word, kan slegs bepaal word na afhandeling van 'n voorlopige stelselondersoek en studie van

feite wat op die kliënt se onderneming van toepassing is. Na afhandeling van sodanige voorlopige ondersoeke moet die oudit sistematies aangepak word terwyl volledige werkspapiere m.b.t. elke aspek van die oudit gehou word. Myns insiens word hierdie aspek in 'n groot mate in die Republiek van Suid-Afrika verwaarloos.

Voordat die prinsipaal finaal besluit watter metodes toegepas sal word, moet sekere voorlopige stappe eers afgehandel word.

2.2 Waar die ouditeur vir die eerste keer namens 'n betrokke kliënt optree, sal hy die volgende stappe volg :

- (i) Die besigheidsaktiwiteite sal geïnspekteer word sodat volle besonderhede van die verskillende aktiwiteite, organisatoriese maatreëls, prosesse, kontroles, grondstowwe verbruik en produkte vervaardig, aangeteken kan word. Dit is nodig ten einde 'n waardering te kry van die tegniese faktore wat betrokke is en watter invloed dit op die state uitoefen.
- (ii) Verder moet verduideliking van die kliënt verkry word aangaande die rekeningkundige stelsel, wat 'n volledige lys van al die boeke en rekords in gebruik sal insluit en wat sal aantoon of dit vir finansiële-, statistiese- of memorandumdoeleindes bygehou word. Die rol deur elke rekord in

die rekeningkundige stelsel vervul, tesame met die name van amptenare daarvoor verantwoordelik, moet ook verskaf word. Volledige inligting in die verband is belangrik omdat gebrekkige kennis die doeltreffendheid van die oudit kan beïnvloed.

- (iii) Vervolgens moet die rekeningkundige stelsel bestudeer en die stelsel van interne kontrole getoets word om die omvang van die ouditwerk te kan bepaal. Hierdie aspek is uiters belangrik en moet nougeset uitgevoer word.
- (iv) Regsdokumente en belangrike klousules, wat die oudit kan beïnvloed, moet ondersoek word en afskrifte van tersaaklikhede behoort in die permanente ouditlêer bewaar te word.
- (v) In die geval waar dit nie 'n nuutgestigte maatskappy is nie, sal dit wenslik wees, indien moontlik, om die finansiële state van die voorafgaande vyf jaar te ontleed ten einde 'n idee te kan vorm van bepaalde probleme wat in die oudit verwag kan word en ook om 'n patroon van verhoudings, veranderings en neigings van finansiële syfers daar te stel. (Eie beklemtoning).
- (vi) Op hierdie stadium beskik die ouditeur oor al die gegewens om te kan besluit watter werk deur die ouditprogram gedek moet word. Die program word volledig opgestel sodat

die werk wat gedoen moet word duidelik vermeld is. Gevalle waar spesiale aandag nodig is, moet duidelik aangestip word.

- (vii) Na afhandeling van die werk in die program vermeld asook die oorsig van die werkspapiere word die ouditeursverslag opgestel wat dan aan die betrokke partye voorgelê word.

Dit word gesê dat hierdie benadering nie op die kleiner oudit toepasbaar is nie. Ongelukkig berus dit op 'n wanbegrip, want ten einde 'n doeltreffende oudit uit te voer, is hierdie benadering noodsaaklik. Toegegee, die standaardprosedures moet by elke oudit aangepas word om by die besondere omstandighede te pas, maar om te aanvaar dat enigiets minder as die normale prosedures voldoende is bloot omdat die onderneming klein is, kan 'n ernstige fout wees. Daar is normaalweg inderdaad meer regverdiging vir die toepassing van minder gedetailleerde prosedures by groter ondernemings.

In die geval waar 'n ouditeur vanaf die aanvang van 'n onderneming aangestel word, moet die feit dat baie van die informasie tentatief van aard en daarom onderhewig aan verandering is, deeglik in ag geneem word. Sorg moet aan die dag gelê word om te verseker dat alle sodanige veranderings wel by die ouditeur uitkom, sodat die invloed daarvan op die ouditprogram vasgestel kan word.

Gedurende daaropvolgende oudits sal dit nie nodig wees om al die bogenoemde voorlopige stappe te volg nie, maar daar moet beslis met elke besoek vasgestel word of enige veranderinge sedert die vorige audit aangebring is wat die auditprogram kan beïnvloed. Veranderinge kan o.a. behels: die vervaardiging van nuwe produkte, gebruik van nuwe masjinerie, nuwe metodes en beheerstelsels asook veranderinge in rekeningkundige stelsels. Dit is dus duidelik dat die werkspapiere altyd op datum moet wees sodat die auditdoelstellings op die werklike omstandighede gerig sal wees.

In baie gevalle word 'n ouditeur deur 'n bestaande onderneming wat reeds handel dryf, aangestel. Dan moet die ouditeur hom vergewis dat die openingsbalansstaat korrek is, hoewel die ouditeur geen verantwoordelikheid t.o.v. die werk van sy voorgangers kan aanvaar nie. Dit is egter belangrik dat wesenlike items in die openingsbalansstaat ondersoek word om te verseker dat 'n konsekwente basis gedurende die periode onder oorsig toegepas is. (Eie beklemtoning). Die omvang van die ondersoek en oorsig van voorafgaande periodes sal bepaal word deur die reputasie en betroubaarheid van die firma wat die audit uitgevoer het. (Irish, op.cit. p.27 - 30).

3. V.S.A.

Dieselfde toestand heers in 'n groot mate in die Verenigde State van Amerika waar baie aandag tans aan die ontwikkeling van auditstandaarde, -begin-

sels, -metodes en -tegnieke geskenk word. Die "American Institute of Certified Public Accountants" (op.cit. p.31 - 35) sowel as Holmes A.W. en Overmyer W.S. (Auditing Principles and Procedures, Homewood Illinois, Richard D. Irwin, Inc., sewende uitgawe 1971, p.12 - 15) beskryf dit so: Ouditbeginsels, soos in die ouditkunde gebruik, is basiese waarhede wat die doelstellings van 'n oudit aandui. Dit stel die wyse voor waarop die doelstellings verwesenlik moet word en die beginsels moet die toets van wetenskaplike ondersoek kan deurstaan. Ouditstandaarde, daarenteen, kan beskou word as die meting van werkverrigting wat deur professionele gesag en ooreenkoms daargestel word. Dit dui 'n ooreenkoms in die kwaliteit van werkverrigting aan. Die voldoening van finansiële state aan die vereiste dat dit ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige standaarde opgestel moet word, moet in die lig van objektiewe standaarde bepaal word en beslis nie volgens die kliënt of rekenmeester se idee van wat aanvaarbaar is nie. Volgens Holmes en Overmyer (op.cit. p.13) "a standard is a measuring device of applied procedures resulting in general acceptability of the results of the performance. Both principles and standards directly influence each audit program. Fundamentally, auditing standards control the nature and extent of the evidence to be obtained by means of auditing procedures". Dié Instituut het derhalwe die volgende standaarde vir hulle lede ontwikkel:

3.1 Algemene standaarde.

- (i) Die ondersoek moet deur 'n persoon met voldoende tegniese opleiding en vaardigheid as ouditeur uitgevoer word.
- (ii) Die ouditeur moet m.b.t. alle aspekte van die opdrag 'n ten volle onafhanklike geestelike benadering toepas.
- (iii) Voldoende professionele sorg moet in die uitvoer van die ondersoek en voorbereiding van die verslag aan die dag gelê word.

3.2 Standaarde van veldwerk.

- (i) Die werk moet behoorlik beplan en waar assistente gebruik word, moet die toesig effektief wees.
- (ii) 'n Behoorlike studie en evaluasie van bestaande interne kontrolemaatreëls word vereis om te bepaal in watter mate dit betroubaar is en gevolglik in watter mate ouditprosedures beperk kan word.
- (iii) Deur inspeksie, observasie, navrae en bevestigings moet voldoende aanvaarbare bewyse om 'n redelike basis vir 'n opinie m.b.t. die finansiële state onder oorsig te vorm, verkry word.

3.3 Standaarde van verslagdoening.

- (i) Die verslag sal vermeld of die finansiële

state ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige beginsels aangebied is.

- (ii) Verder sal die verslag vermeld of sodanige beginsels konsekwent in die huidige periode op 'n basis wat met die van die voorafgaande tydperk verenigbaar is, toegepas word.
- (iii) Insiggewende inligting in die finansiële state moet, tensy anders in die verslag vermeld, as redelik voldoende beskou word.
- (iv) Die verslag sal óf 'n opinie m.b.t. die finansiële state as geheel bevat óf 'n verklaring dat 'n opinie nie uitgespreek kan word nie tesame met die redes daarvoor. (Meigs, e.a. op.cit. p.19).

M.1. is die daarstel van sodanige standarde baie waardevol vir die ouditeure aangesien dit basiese riglyne verskaf in 'n gebied waar so baie van die terminologie uiters vaag is.

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat elke auditopdrag unieke, individuele kenmerke sal hê en die presiese auditmetodes wat toegepas word, mag van ouditeur tot ouditeur verskil. Die metodes kan egter net verskil in soverre dit steeds binne die raamwerk van die gestelde standarde bly. In dié lig gesien, beskryf Holmes en Overmyer (op.cit. p.18) die moderne audit. Dit word ook 'n algemene audit genoem omdat dit saamgestel

word uit 'n ondersoek van die finansiële stand van sake op 'n gegewe datum en 'n ondersoek van inkomstes en verwante uitgawes vir 'n gegewe tydperk wat op balansstaatdatum eindig. Ooreenkomstig die doeltreffendheid van die interne kontrole en interne oudit sal die ondersoek van die onderliggende data, transaksies en bewyse ingekrimp of uitgebrei word tot die mate van aanvaarding of verwerping daarvan deur die eksterne ouditeur.

3.4 Algemene oudit.

In nie-opeenvolgende volgorde behoort 'n algemene oudit die volgende in te sluit:-

- (i) Ondersoek van organisatoriese ooreenkomste, soos maatskappywette en wysigings daartoe, vennootskapsooreenkomste, of trust ooreenkomste asook notules van aandeelhouders-, of direkteursvergaderings en moontlike kontrakte.
- (ii) Ondersoek van die stelsel van interne kontrole.
- (iii) Ondersoek van die werking van die rekeningkundige stelsel.
- (iv) Bepaling van die eienaarskap van die bates.
- (v) Bewyse dat alle bates wat besit word ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige beginsels ingesluit is.

- (vi) Bewys dat alle laste teen 'n realistiese waarde ingesluit is.
- (vii) Getuienis dat die aandele behoorlik gemagtig en teen korrekte bedrae en wyse van betaling uitgereik is.
- (viii) Getuienis dat onverdeelbare (kapitale) reserwes behoorlik gemagtig en aanvaarbaar gewaardeer is.
- (ix) 'n Analise van alle poste teen Onverdeelde Winste om te verseker dat hulle korrek geklassifiseer en ooreenkomstig die betrokke wetsbepalings hanteer is.
- (x) Vaststelling van die werklike, periodieke netto wins insluitende die toets van uitgawe- en inkomstetransaksies, in so 'n mate dat 'n opinie oor die stand van inkomstes en onverdeelde winste uitgespreek kan word. Hierdie toetse word gebaseer op die beginsel dat 'n behoorlike monster tot aanvaarbare betroubaarheid sal lei.
- (xi) Onderzoek van aansuiwerings en sluitings-
inskrywings asook inskrywings van nie-herhalende aard wat vir die opstel van die finansiële state noodsaaklik is.

Soos reeds gestel, is bewyse of getuienis die basis vir enige gevolgtrekking gedurende 'n audit. Dit is vanselfsprekend dat dit onmoontlik en buitendien oordadig is om elke stukkies be-

staande bewys te ondersoek. Daarom sal toetse uitgevoer word en die resultate van sodanige toetse sal lei tot 'n omvattende gevolgtrekking van die oudit.

3.5 Omvang van toetse.

Die omvang van die toetse wat gedurende die oudit toegepas sal word, sal afhang van :

- (i) die doeltreffendheid van die stelsel van interne kontrole;
- (ii) die doel van die oudit;
- (iii) die toestand van die rekords;
- (iv) die doeltreffendheid van die rekeningkundige prosedures;
- (v) enige besondere klem wat verlang word;
- (vi) die noodsaaklikheid om sekere gegewens tydens een besoek te kry wat nie tydens 'n ander besoek noodsaaklik is nie en wat 'n verskuiwing in klem tussen besoeke kan veroorsaak.

Bevredigende stelsel van interne kontrole is 'n belangrike hulp gedurende 'n oudit. Waar sodanige stelsel ondoeltreffend is, moet die onafhanklike ouditeur addisionele werk doen om homself te vergewis van die akkuraatheid van inkomste, uitgawes, bates, laste en kapitaal. Die effek van 'n bevredigende stelsel van interne kontrole daarenteen, is om 'n groot hoeveelheid werk, gerig op die ontdekking van foutief aange-

tekende en weggelate transaksies, uit te skakel. Verder verskaf dit aan beide die ouditeur en die bestuur 'n groter mate van sekerheid dat die netto inkomste, bates, laste en kapitaal behoorlik verklaar is.

Alhoewel sekere verifikasies in die vorm van toetse uitgevoer mag word, moet die omvang van die verifikasie altyd sodanig wees dat die ouditeur die juistheid van 'n transaksie as 'n geheel kan bepaal. Hierbenewens moet verseker word dat alle transaksies wat in naam van die kliënt plaasgevind het, wel aangeteken is en dat niks aangeteken is wat nie aangeteken behoort te wees nie. Weer eens moet gestel word dat die stelsel van interne beheer die bepalende faktor t.o.v. die omvang van die werk sal wees en hoe swakker so 'n stelsel is, hoe meer detail sal geoudit moet word.

3.6 Bewysmateriaal.

In die algemeen kan gestel word dat daar, bo en behalwe die ondersoek van interne kontrole, ook verdere toetse uitgevoer moet word. Die bewysmateriaal wat in sodanige toetse gebruik word, kan bestaan uit:

- (i) toetse van besonderhede van transaksies en saldo's en
- (ii) 'n analitiese oorsig van belangrike verhoudings en neigings en die gevolglike ondersoek van abnormale fluktuasies.

Dit word gedoen om die hoogs moontlike graad van sekerheid te verkry dat die verslag wat uitgebring word waar is en dat waar materiële foute, voorkom, dit deur die stelsel in werking uitgewys sal word. Die ouditeur steun op die ondersoek van die stelsel van interne beheer om die eerste risiko te bowe te kom en voer dan die addisionele toetse uit om die tweede een te bevestig.

Dit blyk duidelik uit die voorgaande dat die ouditeur in Amerika reeds die veranderings in die handel ter harte geneem het en pogings aanwend om hulle oudit daarby aan te pas.

4. Republiek van Suid-Afrika.

Soos reeds gesê, word die praktyk in Suid-Afrika grootliks beïnvloed deur die praktyk in die Verenigde Koninkryk en in 'n mindere mate die van die V.S.A. en Australië. Daar is aangetoon dat laasgenoemde twee lande reeds besig is om na 'n algemene analitiese oudit oor te gaan. In daardie opsig kan geredeneer word dat hulle tegnieke gevolglik in 'n meer ontwikkelende stadium verkeer as hier in Suid-Afrika en die Verenigde Koninkryk waar die praktyk en metodes steeds deur absolute konserwatisme oorheers word.

Die R.S.A. en die V.K. het egter nou wakker geskrik en is tans besig om te werk aan die uitleg van die term "aanvaarde rekeningkundige praktyk" en moontlike ouditstandaarde om daarmee saam te

gaan. Soos in die V.S.A. word daar nêrens uitdruklike standarde deur wetgewing neergelê nie. Daar eindig die ooreenkoms egter. In die V.S.A. het die professie self gereageer en algemene reëls in die vorm van ouditstandarde daargestel. Alhier in die R.S.A. het die professie slegs algemene rigtinggewende standpunte gestel wat nie as algemeen aanvaarde standarde beskou kan word nie. So het die "Nasionale Raad van Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.)" in 1964 'n standpunt oor "Ouditbeginsels en Standarde" uitgegee. Gesien uit die oogpunt van vordering wat reeds in die buiteland gemaak is, is hierdie standaard verouderd en onvoldoende. Taylor en Kritzinger (op.cit.) het hulle boek "The Principles and Practice of Auditing (Kaapstad, Juta en Kie) in 1975 hersien en saam met die Nasionale Raad se standpunt vorm dit die vernaamste bronne van ouditstandarde en -tegnieke in die R.S.A. Intussen is die Maatskappywet 1973 gepromulgeer wat die pligte van ouditeure in Artikel 300 aansienlik gewysig het. Standarde om daarmee saam te gaan is egter nog nie beskikbaar nie.

4.1 Ouditmetodes.

Vervolgens sal aandag geskenk word aan die metodes wat tans in die R.S.A. toegepas word na aanleiding van die Standpunt oor Ouditkunde A1 (Johannesburg, Die Nasionale Raad van Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.), 1964 p.12 - 16).

4.1.1 Heel eerste word die organisasiestelsel in oënskou geneem en die finansiële en andersoortige interne kontrolemiddele, deur die bestuur ingestel, word bepaal. Genoegsame aandag moet geskenk word aan die aard van die bedryfsproses en handelsaktiwiteite, die bestaande interne kontrolemiddele en die interne ouditstelsel.

4.1.2 Vervolgens word die stelsel van interne beheer ondersoek sodat die ouditeur kan besluit of dit bevredigend is. As daar na sy mening tekortkominge in die stelsel van interne beheer aanwesig is, behoort sulke tekortkominge skriftelik, tesame met wenke vir die moontlike oplossing daarvan, onder die aandag van die bestuur gebring te word. Verder moet deeglik besin word of die verdeling van pligte en werksdelegasie verseker dat die volgende aspekte voldoende geskei is :

- (i) "die doen van sake m.a.w. die aangaan van kontraktuele verpligtinge en die opstelling van oorspronklike bewysstukke in verband daarmee,
- (ii) die optekening van sodanige transaksies in die boeke en rekords en
- (iii) die veilige bewaring en hantering van die bates wat by sodanige transaksies betrokke is".

4.1.3 Voldoende auditprosedures moet toegepas word om die ouditeur tevrede te stel dat die stelsel

van interne beheer behoorlik toegepas word en doeltreffend werk, sodat die finansiële rekords van die onderneming aanvaar kan word as 'n betroubare basis vir die opstel van so 'n onderneming se finansiële jaarstate. Onnodige tydsbesteding moet uitgeskakel word en toetse moet tot 'n noodsaaklike minimum beperk word. Die aard en grootte van die onderneming behoort steeds deurslaggewende faktore te wees.

4.1.4 Die uiteindelijke toetse wat die ouditeur sal toepas, behoort te wissel na gelang van :

- (i) die betroubaarheid of swakheid van die stelsel van interne beheer,
- (ii) die aard van die bestaande interne kontrolemiddels
- (iii) die aard van die transaksies wat ondersoek word.

4.1.5 Dit is belangrik dat 'n "toets in diepte" by die toetse ingesluit word. "Dit behels die nagaan van 'n transaksie deur al sy verskillende stadiums, vanaf die oorsprong tot die afsluiting daarvan". Namate die diepgang van die ondersoek toeneem kan die aantal transaksies wat ondersoek word, verminder. Solank die ouditeur se monstergrootte steeds bepaal word na inagneming van die wesenlikheid van die besondere transaksies tot dié van die onderneming se sake in die geheel.

4.1.6 Benewens die gewone jaarlikse oudit wat alle werksaamhede dek behoort ten minste een van die hoofaspekte van die bedryfsproses jaarliks meer intensief ondersoek te word; verkieslik op so 'n wyse dat al die aspekte oor 'n aantal jare gedek word.

4.1.7 In die uitvoering van 'n oudit is dit ook gebruiklik om die bestuur se magtiging vir sekere uitgawes soos reiskoste en kapitale uitgawes te ondersoek. M.a.w. alle notules word deeglik nagegaan. Daar moet egter nie net op bestuursmagtigings staat gemaak word nie. Toereikende toetse moet uitgevoer word om te verseker dat die magtigings ooreenstem met die basiese rekords en bewysstukke wat op die transaksies betrekking het.

4.1.8 Om die taak aan die einde van die rekenpligtige tydperk te verlig, word aanbeveel dat sommige van die voorgaande toetse tydens tussentydse oudits deur die ouditeur gedoen word. Dit sal dan van die ouditeur self en die kliënt afhang om te besluit watter werk op watter tydstip gedoen kan word.

5. Gevolgtrekking.

Ter opsomming kan die Suid-Afrikaanse benadering as volg ingedeel word :

5.1 Bepaling van rekeningkundige en administratiewe

stelsels.

- 5.2 Vasstelling en toetsing van die stelsel van interne kontrole.
- 5.3 Bepaling van aard en omvang van interne audit.
- 5.4 Na evaluasie van die voorgaande word besluit om of 'n stelselaudit of 'n volledige prosedure-audit uit te voer.
- 5.5 Daarna word 'n balansstaataudit, of uitvloeisel daarvan, toegepas.
- 5.6 Sekere gedeeltes van die bedryfsproses word periodiek ondersoek. (Eie waarneming soos blyk uit die ondersoekresultate).

Hieruit blyk duidelik dat daar in die rigting van 'n algemene audit beweeg word alhoewel globale rekonsiliasies en ontleding en interpretasie van state nog nie algemeen gebruik word nie. Die proses is egter nog in die beginstadium en baie skaafwerk en aanpassings sal gedoen moet word voordat van 'n analitiese audit gepraat kan word. Die ontleding en interpretasie van state moet o.a. eers in algemene gebruik kom.

HOOFSTUK 4

TOEKOMSTIGE- EN VOORGESTELDE OUDITTEGNIEKE.

1. Inleiding.

Uit die voorafgaande word afgelei dat daar tans veral klem op die oudit van transaksies gelê word. Solank daar staving vir die transaksies is en dit op redelike wyse in die finansiële state weergegee word, is die meeste ouditeure tevrede. Te min aandag word aan die onderneming in sy totaliteit en die toekomsverwagtings daarvan geskenk. In dié verband is dit belangrik om daarop te let dat A.A. Fitzgerald (Analysis and Interpretation of Financial and Operating Statements, Sydney, Butterworths & Co. (Australia) Ltd., hersiene uitgawe 1947, p.215 en 216) reeds in 1947 beweer het dat die hoofdoel van 'n finansiële oudit (let op die kwalifikasie finansieel) daarin lê dat die ouditeur moet vasstel of die finansiële state, soos deur die bestuur voorberei, die finansiële posisie van die maatskappy op 'n gegewe dag redelik weergee. Verder sal foute en bedrog nie noodwendig deur 'n eksterne oudit uitgeskakel word nie, alhoewel dit tog 'n groot mate van beskerming verleen, veral as dit met die interne oudit gekoördineer kan word. Nogtans het dit die belangrike voordeel dat die eksterne ouditeure veral t.o.v. advies m.b.t. die finansiële struktuur en kontroles meermale voel dat hulle morele verantwoordelikheid veel wyer as die regsverantwoordelikheid is. Daarbenewens gebruik

eksterne ouditeure die ontleding en interpretasie van finansiële sowel as bedryfstate van ondernemings wat deur hulle geoudit is as basis vir aanbevelings aan kliënte. Voorts beklemtoon hy dat die ontleding van finansiële state geensins die bestaande ouditmetodes kan vervang nie. Inteen-deel, die waarde van die roetine-oudit kan baie verhoog word deur die gebruik van die ontleding (en interpretasie – eie toevoeging) van finansiële state en daar kan meer doeltreffend op moontlike foutiewe of veranderde items gekonsentreer word, aangesien bedrog of foute in 'n rekening normaalweg strukturele- of neigingsafwykings veroorsaak waardeur die aandag op daardie spesifieke kanale van moontlike bedrog of foute gevestig word. (Fitzgerald, op.cit., p.215 en 216 met eie beklemtoning).

Oor die meriete van die saak is daar m.i. op die stadium geen twyfel nie en moet daar met Fitzgerald saamgestem word.

2. Bestuursverslag.

Dit is 'n algemeen aanvaarde feit, en in die geval van maatskappye en soortgelyke instansies 'n wetsvereiste, dat die bestuur se weergawe van die bedryfsresultate en stand van finansiële sake by wyse van finansiële state aan belanghebbendes geopenbaar word. Die primêre verantwoordelikheid vir die redelikheid en mate van insiggewing in die finansiële state wat aan die aandeelhouders en ander belanghebbendes voorgelê word, berus by

die bestuur. (Bernstein op.cit. p.347). Die menslike natuur het egter tot gevolg dat die beriggewing nie altyd konsekwent, objektief en akkuraat gedoen word nie. Daar word eerder gesorg dat die beeld van die onderneming so goed moontlik na buite sal vertoon en ware en objektiewe verslagdoening word deur eie belang en kortsigtigheid verhoed. Gevolglik word dit algemeen aanvaar dat daar 'n behoefte bestaan om die verslaggewing van die bestuur aan 'n onafhanklike toets te onderwerp. Dit word dan deur die eksterne ouditeur, soos in die vorige hoofstuk beskryf, gedoen. Na voltooiing van die audit moet die ouditeur 'n opinie daaroor uitspreek wat in die verslag aan die belanghebbendes vervat word.

3. Oudittoetse.

Ten spyte van die baie werklike en moontlike tekortkominge is die werk van ouditeure tog krities belangrik vir die finansiële analis, hetsy aandeelhouer, krediteur, potensiële belegger, bankier of ander. (Bernstein op.cit. p.348). Die ouditeur se verantwoordelikheid aan buitestaanders wat hy glad nie ken nie en wat op sy auditwerk en -verslag vertrou, is groot en hy word al meer en meer blootgestel aan eise wat daaruit mag voortspruit.

Daar is aangetoon dat steekproewe teenswoordig baie algemeen gebruik word. Namate die aantal

transaksies wat ondersoek word afneem, sal die kontroles van die besighede moet verbeter, so nie sal alternatiewe, addisionele tegnieke toegepas moet word.

Dit moet in gedagte gehou word dat die hele ouditproses, vanweë die waarskynlikheidsaard daarvan, aan baie risiko's onderhewig is. Hierdie risiko's kan in 'n groot mate verminder word deur die ontleding en interpretasie van finansiële jaarstate 'n integrale deel van die normale oudit te maak. Daar is ook finansiële risiko's in die onderneming, deur die state weerspieël, wat moontlik oppervlakkig raakgesien, maar bywyse van ontleding, verhoudings en interpretasie van die finansiële state bepaal en vasgestel kan word. Dit mag ook vir die onderneming 'n risiko wees, veral met mislukkings wat die gevolg kan wees van o.a. oormatige bedryf, te hoë wins of ander riskante transaksies.

4. Eise aan finansiële state gestel.

Ûiters belangrik is dat die syfers sinvol moet wees in dié opsig dat dit met mekaar én met die eksterne veranderinge wat plaasvind, moet kan verenig. Veranderings vanaf die vorige periode in die finansiële syfers of verhoudings tussen verskillende syfers behoort te korrespondeer en veranderinge, te wyte aan bekende bedryfs- of ekonomiese -faktore, behoort duidelik aangetoon te word. Dit hou beslis in dat die ouditeur weer

sal teruggaan en met ander oë na die state sal kyk.

5. Ouditbenadering.

Die primêre doel van so 'n analise is dat die ouditeur hom vergewis dat die transaksies van die tydperk onder oorsig behoorlik deur die finansiële state weergegee word. Vergelyking vorm hier die grootste deel van die analitiese aktiwiteite, aangesien die syfers op hulle eie relatief betekenisloos is. Die neiging wat deur die syfers aangetoon word, is egter baie belangrik en daarom moet dit nagegaan word. So verkry dieselfde syfers baie meer geloofwaardigheid indien vergelykings op die feit dui dat dit redelikerwys weergegee word. Sodanige syfers moet vergelyk word met vorige tydperke, met verwante syfers in dieselfde finansiële state, met ander ondernemings se state, met handelsgemiddeldes of met bekende veranderinge in die algemene ekonomiese klimaat. Die neiging vorm hier die basis vir die afleiding.

Indien analitiese vergelykings dui op veranderinge, wat nie met bekende of verwagte veranderinge in die werklike aktiwiteite van die onderneming verband hou nie, moet sodanige syfers gedurende die gedetailleerde verifikasiefase van die audit nader ondersoek word. Hierdie ontleding skep die moontlikheid dat die ouditeur op die spoor gebring kan word van inskrywings wat in die state moes gewees het.

Hoewel die basiese doel van hierdie analise op die versameling van stawende bewyse vir die finansiële jaarstate neerkom, moet die ouditeur steeds op die uitkyk wees vir operasionele of finansiële probleme wat in die loop van die finansiële ondersoek na vore mag kom. Die bekwame ouditeur behoort bostaande probleme gedurende die uitvoer van die ondersoek op te spoor en bloot te lê sodat hy baie goeie insig in die kliënt se organisatoriese en finansiële posisie sal hê. Om dan hierdie kennis te gebruik tot buite die tradisionele karakter van die audit, vorm die kern van die konstruktiewe aspek van ouditering. Die tasbare resultate van konstruktiewe ouditering lê in die verslae en aanbevelings met betrekking tot opgespoorde probleme en foute, wat aan die topbestuur voorgelê word. Sülke verslae strek nie net die kliënt tot voordeel nie, maar verlig die ouditeur se risiko aansienlik, veral in sodanige gevalle waar die bestuur positiewe stappe doen om probleme reg te stel. Die ouditeur kan daarom direk sowel as indirek voordeel uit die analise en interpretasie van finansiële state trek.

6. Bykomende inligting.

Foulke (op.cit. p.48) voel dat bykomende inligting in die meerderheid gevalle uiters wenslik is ten einde 'n behoorlike en omvattende ontleding van finansiële state te kan doen. Sodanige bykomende inligting is dikwels moeilik bekombaar, maar dit kan soms van deurslaggewende belang wees. Hierdie

hulpvolle, absolute indeling, kredietinligting is (1) geskiedkundige inligting, (2) ondersoekfeite en (3) finansiële inligting. Onderzoekfeite (die verkryging van inligting van finansiële instellings wat deposito's neem en lenings verskaf) en finansiële inligting (daardie inligting wat gebruik, bestudeer en ontleed word in die bepaling van die veiligheid van die kredietrisiko van 'n onderneming) word reeds algemeen gedurende ouditering gebruik. Geskiedkundige of voorafgaande inligting, daarenteen, omvat die volledige besigheidsrekord van elkeen van die lede van die bedryfsbestuur sowel as die eienaars, indien hulle nie by die aktiewe bestuur ingesluit is nie. Dit sluit in besonderhede betreffende ouderdom, huwelikstaat, kinders, hul ouderdomme en geslag indien van toepassing. Moet ook inligting insluit van poste voorheen by ander ondernemings beklee; die ondernemings en die pos beklee; of hy voorheen sy eie besigheid gehad het, die aard daarvan en wat daarvan geword het; die afdeling waarin hy nou werk en sy ondervinding daarvan. Indien hy betrokke was in die mislukking van vorige ondernemings word 'n volledige verslag daarvan, insluitende verwante omstandighede, verlang.

Ondervinding het geleer dat "geskiedkundige inligting" nie by die uitvoer van 'n oudit oorweeg word nie. M.i. is dit 'n ernstige leemte in die hedendaagse praktyk. Deur dit wel te gebruik, verkry die ouditeur agtergrondskennis wat van

onskatbare waarde kan wees. Dit is dan ook my persoonlike oortuiging dat die ouditeur gemagtig word om personeellede se privaatsake te ondersoek en die reg verkry om hulle bankbestuurders te ondervra. Dit word verder geregverdig deur die feit dat ouditeure alle betekenisvolle middele tot hulle beskikking wil gebruik; ook bly die ontleding en interpretasie van state, tesame met al die fasette hierin voorgestel, in verhouding tot die tyd aangewend, een van die beste metodes. Daarbenewens verwag die Maatskappywet 1973 (soos gewysig) (Arts 286(2) c, 299, 300 j en Bylae 4, Deel III) uitdruklik van 'n ouditeur "om hom daarvan te vergewis dat verklarings deur die direkteure in hulle verslag gedoen nie met 'n redelike interpretasie van die finansiële jaarstate en bygaande aantekeninge in stryd is of die betekenis daarvan verdraai nie. (Eie beklemtoning). Die direkteursverslag maak 'n integrale deel uit van die finansiële state waaroor 'n ouditeur 'n opinie moet uitspreek. Al manier waarop 'n ouditeur kan vasstel of die direkteure se verklarings korreleer met 'n redelike interpretasie van die finansiële state, is om sodanige state te ontleed en die gegewens dan te interpreteer. Verder kan alle wesenlike aangeleenthede wat nie uitdruklik deur die Maatskappywet 1973 (soos gewysig) of Bylae 4 (Maatskappywet 1973) beskryf word nie, maar die besigheid van die Maatskappy geaffekteer het of waarskynlik sal affekteer, op hierdie wyse opgespoor word en in die direkteursverslag bevestig

word.

7. Gevolgtrekking.

Hierdie benadering sal die ouditeur verplig om elke onderneming wat hy oudit in sy totaliteit te beoordeel, 'n aspek wat uiters belangrik, maar nogtans te veel verwaarloos is. In hierdie verband beweer Foulke (op.cit. p.445 en 446) dat normaalweg aanvaar kan word dat 'n besigheid in dieselfde algemene rigting behoort voort te beweeg, solank geen drastiese veranderings daarin plaasvind nie. Selfs die "American Institute of Accountants" voel dat die verandering van jaar tot jaar op 'n balansstaat belangriker is as die balansstaat self. Weens die tweesydige aard (verwys na dualiteitsbeginsel) van rekeningkundige inskrywings en die verwantskappe onderling in 'n onderneming moet daar ook in gedagte gehou word dat daar altyd sekere verwantskappe tussen verhoudings bestaan, bereken d.m.v. gegewens uit finansiële state verkry. 'n Moontlik verdagte posisie sal heel waarskynlik nie slegs deur een verhouding nie, maar eerder deur twee of meer weerspieël word. In hierdie geval word daar nou by die kennis verkry uit die tradisionele oudit 'n meer kwalitatiewe kennis van struktuur-, finansiële- en rentabiliteitsverhoudings gevoeg wat d.m.v. analise en interpretasie van die finansiële state verkry is. Dit kan beslis tot 'n meer verantwoorde en gegronde opinie lei as wat anders moontlik was. Op 'n hoër vlak word hier

bykomende kennis deur analise verkry omdat verslagdoening in finansiële state self op 'n hoër vlak opgestel is as roetine-transaksies en kontrolemaatreëls, wat toegespits is om 'n sekere finansiële toestand en resultate te bereik, (Klasaantekeninge).

Dit is insiggewind om te let op die standpunt van Vieler (D.E.G. Vieler, The Accounting Profession Today and Tomorrow, Suid-Afrikaanse Geoktrooieerde Rekenmeester, Die Nasionale Raad van Geoktrooieerde Rekenmeesters (R.S.A.) Julie, 1973, p.239) wat hierdie ontwikkeling as volg opsom : "He is beginning to concern himself with viability and in particular to appreciate that it is not to be assumed, without looking at the adequacy of the resources, to meet commitments for, say, at least a year ahead, that accounts drawn up on a going concern basis reflect a true and fair view. Furthermore, the auditor is starting to be positive and constructive in his recommendations to management and is increasingly aware that he is concerned with the business as well as the financial statements". (Eie beklemtoning).

In sommige kringe van die auditprofessie word daar al meer en meer oor die noodsaaklikheid van die sogenaamde bestuursaudit gepraat. Tot op hede word egter baie min in die verband gedoen en sal hierdie aspek nie verder ondersoek word nie omdat dit waarskynlik 'n studie op sigself regverdig.

Vervolgens sal die term "Analise en Interpretasie van Finansiële State" van nader beskou word en sal hierdie nuwe ontwikkeling in besonderhede bestudeer word – dit waarom die studie in hoofsaak ook gaan.

ONTLEDING EN INTERPRETASIE VAN FINANSIËLE JAARSTATE.

1. Inleiding.

Tot en met die einde van die negentiende eeu is finansiële state bloot as die finale bewys van die boekhouer se werk beskou. Dit was eers met die koms van groter ondernemings, wat deur meer as een eienaar gefinansier is, dat dit algemene gebruik geword het om die state te dupliseer en aan die eienaars te versprei. Die ou balanserende rekening het stadig maar seker in die huidige balansstaat ontwikkel. Gedurende die ontwikkelingsproses het veral die bankiers besef dat sulke state baie waardevol by die bepaling van kredietwaardigheid sou wees.

Dit kan gesê word dat 9 Februarie 1895 die rooletterdag vir die gebruik van finansiële state vir kredietdoeleindes was. Op daardie dag het die "Executive Council of the New York State Bankers' Association" besluit om by al hulle lede aan te beveel dat voornemende geldleners geskrewe state van hulle bates en laste, op die wyse deur die "Committee on Uniform Standards" vereis, persoonlik gesertifiseer, aan die bank moes verstrek. Hierna is hierdie onderwerp druk bespreek en die vise-president van die "Fourth National Bank of New York", James G. Cannon, het verklaar dat krediet slegs op die solventheid van die kliënt gebaseer behoort te word. Al die benodigde gegewens moes van die kliënt verkry word om die standaard-

vorm in te vul wat daarna ontleed moes word. Hy het egter geen aanduiding gegee wat die analise sou behels nie, maar die feit dat hy 'n standaard vir die vergelyking van state gebruik het, dui daarop dat hy vergelyking as deel van die ontledingsproses beskou het.

Teen 1890 was dit redelik algemene gebruik om die standaaraansoekvorm vir krediet, wat plek vir 'n balansstaat ingesluit het, te gebruik. Daar bestaan egter geen bewys dat sodanige gegewens op daardie stadium kwantitatief ontleed is nie. Blykbaar is die balansstate slegs deurgelees en weggebêre en gegewens t.o.v. die ontledingsproses was uiters skamel.

Mnr. Cannon se idee het egter die bal aan die rol gesit, want in 1906 het Charles W. Reihl, wat ook die vergelykende analise gebruik het, die volgende geskryf: "The statements must be thoroughly analyzed by the credit manager by study and comparison: their weaknesses watched for and their strong points noted - he must understand them fully". (Myer J.N., Financial Statement Analysis, Englewood Cliffs N.J., Prentice-Hall Inc., Derde Uitgawe, 1963 p.7). Ongelukkig het hy nie spesifiek genoem wat vergelyk moes word nie.

In 1908 beweer William M. Rosendale (Myer, op.cit. p.7) dat krediet op grond van "quick assets" toegestaan moet word. Die verhouding van hierdie vlugte bates tot laste is op ongeveer $2\frac{1}{2}$ tot 1 gestel.

Intussen het die idee om 'n opinie oor 'n entiteit se finansiële posisie, na aanleiding van 'n analise van die betrokke onderneming se finansiële state, ook in die beleggingsveld posgevat. In 1900 het Thomas F. Woodlock 'n gesaghebbende werk met betrekking tot die analise van spoorwegstate naamlik "The Anatomy of a Railroad Report" gepubliseer. In die behandeling van die verskillende elemente van 'n bepaalde spoorweg se state is die basis vir die moderne analitiese metodes gelê : dit het die persentasie van bedryfsuitgawes tot bruto verdienste, die verhouding van vaste koste tot netto inkomste asook die relatiewe verhouding waarin aandelekapitaal en langtermynskulde van 'n onderneming tot die werklike koste van die eiendom behoort te staan, bespreek. Met betrekking tot bedryfsitems het Woodlock gevoel dat die bedryfsbates jaarliks voldoende moet wees om die bedryfslaste te dek.

Die ontleding van finansiële state as basis vir 'n opinie oor die finansiële toestand van 'n entiteit het vinnig veld gewen. In 1906 het John Moody in sy boek "The Art of Wall Street Investing" die eerste duidelike beskrywing van die ontledingsproses gegee.

T.o.v. 'n spoorlyn het hy aanbeveel dat die finansiële eienskappe eers ondersoek word waarna die verdienvermoë van die eiendom bepaal en ontleed moes word. Dus die inkomsterekening moes ondersoek en ontleed word. Daarna was dit noodsaaklik

om die balansstaat te analiseer.

Lawrence Chamberlain, (The Principles of Bond Investment, 1911) het Woodlock se verhouding van bedryfsuitgawes tot bruto verdienste gebruik en dit die bedryfsverhouding genoem. Sy "transportation ratio" was transportkoste tot bedryfsinkomste en sy veiligheidsfaktor was die wins tot totale netto inkomsteverhouding. Daarbenewens het hy ook aangetoon dat die individuele items van 'n groep as persentasie van die groepstotaal uitgedruk kan word.

In die bankwese het die bedryfsverhouding stadig maar seker die belangrikste verhouding geword. In 1913 het F.B. Snyder egter aangedui dat meer aspekte as net die bedryfsverhouding aandag verdien. Veral die verhouding van verskillende groepe items tot mekaar en die seisoensfluktuasies moes ook oorweeg word.

Die daarstelling van die "Federal Reserve System" in 1914 as gevolg waarvan banke skulde by die Federale Reserwe Banke kon verdiskonteer, het die gebruik van finansiële state as basis vir kredietverlening duidelik gestimuleer. Baie tyd is aan die samestelling en ontleding van state bestee, maar min vordering is op die gebied van die analitiese tegniek gemaak. (Myer op.cit. p.10 en 11).

In 'n artikel het Alexander Wall in 1919 'n uitvoerige stelsel van verhoudingsanalise bekend gestel waarin hy bankiers, wat kredietwaardigheids-

beslissings op grond van slegs bedryfsverhoudings neem, hewig gekritiseer het. Wall het aangedui dat dit nodig is om ook ander verwantskappe in die finansiële state, bo en behalwe die bedryfsbates tot bedryfslaste, te oorweeg ten einde 'n meer volledige beeld te kry. Die verhoudings deur hom beskryf was kwantitatief berekenbaar en kon as kontrole oor die bedryfsverhouding gebruik word. (Wall A. en Duning R.W., Ratio Analysis of Financial Statements, New York, Harper & Bros, 1928 p.107).

Die analise van finansiële state deur van verhoudings gebruik te maak, het hierna baie populêr geword. Ongelukkig is die belang van verhoudings baie oordryf en is hulle op ongewenste wyse gebruik. Latere skrywers het egter die probleem raakgesien en die beperkinge beklemtoon.

Die eerste ernstige kritiek op verhoudingsanalise is in 1925 deur Stephen Gilman (J.N. Myer, op. cit. p.11 en 12) gepubliseer. Volgens hom was daar vier basiese besware, naamlik :

- (i) 'n Verandering in 'n verhouding kan slegs in die lig van die veranderinge in elk van die twee veranderlikes geïnterpreteer word.
- (ii) Dit is moeilik om die verband van die verhouding met die balansstaat waaruit dit bereken is, te begryp.
- (iii) Die verhoudings skep 'n ongegronde idee

van finaliteit.

- (iv) Die verhoudings gee nie 'n volledige oorsig van die balansstaatverwantskappe nie.

As plaasvervanger vir die verhoudingstegniek het Gilman voorgestel dat die grootte van betekenisvolle items of groepe items in elk van 'n serie state gedeel word deur die grootte van die item in die jaar wat as basisjaar gekies is, sodat 'n reeks neigingspersentasies of verhoudings tot die basisjaar verkry word. Deur vervolgens die afwykings van die basisjaar te bestudeer, kan 'n oorsigtelike beeld van die vordering van die onderneming verkry word.

In navolging van die standaardkoste begrip, het analitici deur die jare probeer om soortgelyke standaarde daar te stel. Dit het egter gou vir diegene wat die aard van finansiële state begryp het duidelik geword dat betroubare standaarde nie op die voorgestelde wyse bepaal kan word nie.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat aan die begin van die eeu 'n redelike primitiewe begin om state te vergelyk stadig maar seker ontwikkel het totdat 'n redelik definitiewe prosedure daar gestel is. Dit het ontwikkel in 'n proses waar beide die analise en die vergelyking van state saamgesnoer word sodat die resultate geïnterpreteer kan word om sinvolle afleidings te maak.

Die maatstawwe wat in die analise van finansiële state gebruik word, bestaan uit daardie groep

wat verhoudings tussen items in 'n enkele stel state meet en die tweede groep wat die veranderinge in hierdie items in opeenvolgende state meet. Die eerste groep verteenwoordig 'n statiese analise omdat dit die posisie op 'n spesifieke tydstip bepaal. Die tweede groep, daarenteen is dinamies, omdat dit die verandering in toestand peil. Beide maatstawwe is ewe belangrik omdat die verhoudings op 'n spesifieke dag slegs sãam met die neigings van veranderinge sinvol kan wees. (Myer, op.cit. p.7 - 12).

Gedurende die vroeë ontwikkelingstadia van die rekeningkunde was dit veral die kredietverleners en beleggingsontleders wat die meeste tot die tegniek van die analise van finansiële state bygedra het, aangesien hulle opgesaai was met die probleem om inligting, wat rekenmeesters nie wou verstrek nie, uit die state wys te word. In die meer moderne tyd het die vraag na analitiese gegewens deur uitvoerende beamptes, bankiers, beleggers, kredietinstellings, algemene bestuur, verkrygings- en samesmeltingsanalitici, ander belanghebbendes en ouditeure so toegeneem dat ernstige pogings aan die kant van rekenmeesters (ouditeure) aangewend word om die nodige inligting te verskaf. So behoort dit ook te wees, aangesien hulle (ouditeure) vanweë hulle begrip en kennis van die state, asook dit wat agter die skerms gebeur die beste bevoeg is om 'n logiese analitiese tegniek te ontwikkel. Gevolglik sluit baie ouditeure gedetailleerde ontledings as deel

van hulle ouditverslae in - 'n gebruik wat 'n aantal jare gelede absoluut onbekend was. (Myer, op.cit. p.2 en Bernstein, op.cit. p.36).

Die huidige gebruik in die Republiek van Suid-Afrika wek tans veel meer kommer. Daar is weinig ouditeursfirmas wat state enigsins ontleed of interpreteer, hetsy as 'n middel tot advies aan bestuur, hetsy as 'n middel om die doeltreffendheid van die oudit te verhoog. Daarbenewens word die resultate van die ontleding en interpretasie van state slegs in die absoluut uiterste gevalle by ouditverslae ingesluit. Hopelik sal die toestand binne afsienbare tyd verbeter. (Eie navorsing).

Dit is daarom op hierdie stadium en in die huidige opset belangrik om te bepaal wat die term "ontleding en interpretasie van finansiële state", presies beteken. Daarmee saam sal die verhoudings na gelang van hulle belang vir die ouditeur geklassifiseer word as :

primêr vir belangrike verhoudings

sekondêr noodsaaklik vir nuttige verhoudings en

sekondêr aanvullend vir die minder insiggewende verhoudings.

2. Betekenis van die term "Ontleding en Interpretasie van Finansiële State".

Om die betekenis van die term "ontleding en interpretasie van finansiële state" presies te kan om-

lyn is dit nodig om eers na die beskikbare literatuur te kyk.

Volgens Bernstein (op.cit. p.3) is :

"Financial Statement Analysis (is) the judgmental process which aims to evaluate the current and past financial positions and the results of operations of an enterprise, with the primary objective of determining the best possible estimates and predictions about future conditions and performance".

'n Belangrike faktor om in gedagte te hou, is dat die syfers op finansiële state nie slegs die saldo's op rekeninge weergee nie, maar ook uit kombinasies van die rekeningsaldo's en verwantskappe kan bestaan. (Myer, op.cit. p.2).

Daarmee kom 'n mens dan tot Gouws (Gouws W.A.A., 'n Vergelykende Analise van die Maatskappye wat op die Johannesburgse Effektebeurs onder Die afdeling Meubels en Huisware Genoteer is, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1971, p.xix) se gevolgtrekking dat die inligting in die finansiële state vervat, geklassifiseer en die geklassifiseerde groepe met mekaar vergelyk moet word, het sy direk of deur verhoudings van een groep tot 'n ander groep te bereken. Die proses van berekening van verhoudings staan bekend as die ontleding en daarna moet die afleidings uit die ontledings gemaak word. Laasgenoemde proses staan bekend as die interpretasie of vertolking waaruit die

nodige besluite geneem word. (Beklemtoning dui eie toevoeging aan).

Afhangende van die doel wat bereik moet word, kan die proses van finansiële analise op verskillende wyses beskryf word. Dit kan gebruik word as keurings- of graderingsinstrument by die keuse van beleggings- of samesmeltingskandidate. Dan kan dit gebruik word as instrument vir die vooruitskatting van finansiële toestande of resultate. Verder kan dit gebruik word in die bepaling van bestuurs-, bedryfs- of ander probleemareas. Dit kan ook aangewend word by die evaluasie van bestuur. "Above all, financial analysis reduces reliance on pure hunches, guesses, and intuition, and this reduces and narrows the inevitable areas of uncertainty which attend all decision making processes". Eerder as om die behoefte aan oordeel te verminder, verskaf finansiële analise 'n doeltreffende en sistematiese basis vir die rasionele toepassing daarvan. (Bernstein, op.cit. p.35).

'n Aspek wat dikwels baie belangriker is as wat oppervlakkig blyk te wees, is om die vermoë van die bestuur te beoordeel. Dit moet altyd in gedagte gehou word dat geen besluit rakende die bedryfsbeleid van 'n onderneming gemaak en uitgevoer kan word wat nie in die syfers van die inkomstestaat en balansstaat, weerspieël word asook in die verhoudings wat bepaal word in die ontleding van hierdie state, nie. Die belangrikheid

van die voorgaande moet nooit uit die oog verloor word nie omdat so dikwels gevind word dat die meeste besture van ondernemings verkoopsgeoriënteerd is, want die grootste klem val op wins, en daarom op die inkomstestaat, maar die invloed van hierdie beleid op die balansstaat word vergeet, hoewel die syfers van die balansstaat nie hieraan ontkom nie. 'n Balansstaat raak nie op sigself uit verhouding nie; dit is die resultaat van besluite, of gebrek aan besluite van die bestuur. Op dieselfde wyse is 'n balansstaat in goeie verhouding die resultaat van versigtige bestuur en beplanning en nie toeval nie. (Foulke, op.cit. p.3 en 4).

Wanneer bruto wins en netto wins daal, is die tipiese reaksie van die bestuur om óf verkope te probeer verhoog óf uitgawes te besnoei of albei. Daarby ken die meeste bestuurders die onderneming se inkomstestaat van voor tot agter en weet hulle altyd presies watter uitgawe verminder kan word. Baie min van die bestuurders skenk dieselfde mate van intelligente oorweging en analise aan die onderneming se balansstaat. Indien hy die implikasies in verwantskappe tussen items in die balansstaat met dieselfde duidelikheid en erns as die relatiewe grootte van elke item in die inkomstestaat sou besef, sou hy ook die invloed van huidige bedryfsbeleid, gemik op wins of verlies, op die toekomstige finansiële toestand beter begryp. Gevolglik sou hy versigtiger wees met bedryfsbesluite. Baie belangrik is dat elke

bestuursbeleid, of afwesigheid daarvan, iewers in die balansstaat, of inkomstestaat of in die rekonsiliasie van die surplus weerspieël word. (Foulke op.cit. p.3 en 4).

Die ontleding van state beteken dan die berekening van verhoudings, die vergelyking daarvan met 'n sekere standaard, die opsporing van afwykings, die gevolglike vasstelling van neigings en laas- tens die interpretasie van die resultate. Al die aspekte is selfverduidelikend na aanleiding van die voorgaande, behalwe die aspek van interpreta- sie. Cowan T.K. en Valentine J.A. (Financial Accounting Exercises and Decision Topics, Dune- din, N.Z., Otago Daily Times Limited, 1971, p.156) beweer dat interpretasie eerder met feite as met verhoudings en persentasies te doen het. Beslis- sings word ook eerder n.a.v. winste as n.a.v. verhoudings en persentasies gemaak. Laasgenoemde is slegs hulpmiddels wat in die proses van ana- lise en interpretasie gebruik word. Dit verg vaardige gebruik, net soos 'n ambagsman met sy gereedskap. Veranderings in verhoudings of per- sentasies van tydperk tot tydperk of aan standaar- de kan aan ingewikkelde oorsake te wyte wees. Dit is egter slegs simptome. Die bedrewe inter- preteerder sal hulle as 'n groep, maar ook in- dividueel oorweeg en daarna addisionele bewyse soek.

3. Doel van ontleding en interpretasie van state.
Verskillende persone ontleed en interpreteer

state ten einde verskillende doeleindes te bereik. Die eerste groep wat dan ook vir die opstel van die state verantwoordelik is, is die bestuur.

3.1 Bestuur.

Die bestuur se belang lê in die finansiële toestand, rentabiliteit en vooruitgang of groei van die onderneming. (Bernstein, op.cit. p.44 - 46). Dit is duidelik dat die bestuur 'n allesomvattende belang het, m.a.w. hulle stel in die totaliteit belang, en daarop is hulle ontleding en interpretasie van die state gemik.

In teenstelling met die bestuur het ander groepe ook ander belange. Gewoonlik is die ander partye se ontledings meer spesifiek op sekere aspekte gemik.

3.2 Beleggers.

So stel 'n belegger in gewone aandele veral in die huidige en verwagte toekomstige winste sowel as die stabiliteit daarvan belang. Gevolglik konsentreer die belegger gewoonlik op die rentabiliteit van die onderneming. Gouws (op.cit. p.xx) beweer dat die analise en interpretasie van finansiële state van 'n onderneming normaalweg die vorming van 'n opinie oor die finansiële stand van daardie onderneming se sake ten doel het. Daaruit kan die status van die onderneming in die algemene ekonomiese wêreld bepaal word. Aangesien Gouws se proefskrif handel oor beleg-

gingsmoontlikhede en die sake wat beleggers beïnvloed om te belê, is dit duidelik dat hy dit uit die oogpunt van die belegger beskou.

3.3 Handelskrediteur of korttermynkredietverskaffer.

Daarteenoor stel die handelskrediteur primêr belang in die likiditeit van die onderneming wat ontleed word. Aangesien sy eis van korttermyn-aard is, benodig hy gegewens om die vermoë van die onderneming te bepaal om sy eis te delg. Dit word die beste beoordeel deur die likiditeit te ontleed. (Van Horne J.C., Fundamentals of Financial Management, Englewood Cliffs, N.J., Prentice Hall Inc., Second Edition, 1974, p.28).

3.4 Verbandhouer of langtermynkredietverskaffer.

'n Verbandhouer daarenteen, se eis strek oor die langtermyn. Gevolglik lê sy belangstelling in die onderneming by die kontantvloei wat oor die langtermyn vir skulddelging aangewend kan word. Hierdie vermoë kan deur die analis geëvalueer word deur die kapitaalstruktuur, die vernaamste bronne en aanwendings van fondse, die winsgewendheid oor 'n tydperk en die projeksie van toekomstige winsgewendheid van die onderneming te analiseer. (Van Horne, op.cit., p.25).

3.5 Verkrygings en amalgamasie.

By verkrygings en amalgamasie het die analise met die waardasie van die onderneming as geheel te doen. Die doel kan óf die aankoop van 'n lopende

saak of die vasstelling van die amalgamasiemoontlikhede van twee of meer ondernemings wees. Dit verteenwoordig daarom 'n poging om die ekonomiese waarde, die relatiewe waardes van die samesmelten- de ondernemings en die relatiewe onderhandelings- krag van elke onderneming te bepaal. (Bernstein, op.cit. p.44 - 46).

3.6 Ontvanger van Inkomste.

Die belastingaanspreeklikheid word vasgestel nadat die finansiële state deur die personeel van die Departement van Binnelande Inkomste ontleed en geïnterpreteer is. Die klem val hier weer op die rentabiliteit.

3.7 Ouditeure.

"Die inligting wat deur die reeds genoemde gebruikers van finansiële state verlang word, kan d.m.v. 'n oordeelkundige ontleding en vertolking van daardie state verkry word, mits die state behoorlik opgestel is om die nodige inligting te kan weergee. Dit is derhalwe ook uiters noodsaaklik dat elke rekenmeester steeds sorg moet dra dat die hoofproduk van sy arbeid, die finansiële state van die onderneming, bruikbaar sal wees vanweë die verstrekking van behoorlike inligting". (Cilliers J.A., Inleiding tot Ontleding en Vertolking van Finansiële State, Pretoria, J.L. van Schaik Bpk., 1967 p.12).

In gevalle waar die ouditeur geen deel aan die

opstel van die state het nie, is dit nog te meer motivering vir die ontleding en interpretasie van daardie state voordat dit gepubliseer word.

3.8 Gevolgtrekking.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die ontleding en interpretasie van finansiële state deur legio persone en instansies gebruik word, elkeen vir sy eie doel. As daar in aanmerking geneem word dat die ouditeur in terme van moderne regspraak 'n verantwoordelikheid teenoor elke groep dra, is die logiese gevolgtrekking dat die ontleding en interpretasie van finansiële state 'n prominente plek in die uitvoering van die audit móét beklee. Daarom is die ouditeur se doel met die analise en interpretasie van state ook veel wyer as dié van enige ander groep. Die ouditeur stel dus belang in die verhoudings self; die neigings geopenbaar deur verhoudings; die neigings geopenbaar deur vergelykings; die resultate van die onderneming; die feit dat die state ooreenkomstig aanvaarde beginsels ter bevrediging van die basiese doelstellings opgestel is; die voortbestaan van die onderneming en die verwagte groei of ontwikkeling daarvan.

Bernstein (op.cit. p.46) beweer dat die uitspraak van 'n opinie oor die vraag of finansiële jaarstate die stand van sake en die resultate van bedrywighede redelik weergee, die logiese eindproduk van 'n finansiële audit is. Verder is die verkryging van die grootste moontlike mate van seker-

heid oor die afwesigheid van foute en onreëlmatighede, doelbewus of andersins, wat die redelike weergawe van die stand van sake in die finansiële jaarstate, of die weergawe daarvan ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige beginsels materieël kan beïnvloed, een van die basiese doelstellings van die auditproses. Die analise van finansiële state, verhoudingsanalise en neigingsanalise verteenwoordig 'n uiters belangrike groep oudithulpmiddele wat die ander audit-tegnieke soos stelsel- (prosedure) en verifikasie- (bekragtigings-) toetse wesenlik kan aanvul. Dit is so omdat foute en onreëlmatighede, wat die oorsprong daarvan ookal mag wees, indien wesenlik, die verskillende finansiële struktuur- en bedryfs-verhoudings kan beïnvloed. Die opsporing en ontleding van sulke veranderings kan tot die ontdekking van foute en onreëlmatighede lei. "Moreover, the process of financial analysis requires of the auditor, and imparts to him, the kind of understanding and grasp of the audited enterprise which indicates the most relevant type of supportive evidence required in his audit work". (Bernstein op.cit. p.46).

3.9 Aanbeveling.

In daardie klein persentasie van gevalle waar die kliënt self die finansiële jaarstate opstel voordat die ouditeur met die auditwerk begin, sal die ouditeur die meeste waarde uit die analise van finansiële jaarstate put, indien die analise heel

aan die begin van die oudit uitgevoer word. Die analise sal normaalweg op die terreine van grootste kwesbaarheid dui en dan daardie terreine, waaraan die meeste van die ouditeur se aandag gewy behoort te word, duidelik uitwys.

Soms, soos in die geval van 'n interim oudit, sal dit prakties onmoontlik wees om die state te ontleed en moet die ouditeur in so 'n geval volstaan met die analise aan die begin van die finale oudit. Dit kan egter gebeur dat state meermale per jaar op vaste tye opgestel word. Indien sodanige tussentydse state saamval met die interim oudit sal dit steeds vir die ouditeure lonend wees om, voor die aanvang van die tussentydse oudit, die tussentydse state te ontleed.

Waar die ouditeur ook met die opstel van die finansiële jaarstate behulpsaam is, sal dit normaalweg nie prakties uitvoerbaar wees om die analise aan die begin van die finale oudit uit te voer nie. In daardie geval sal dit ewe waardevol wees om die state na afhandeling van die oudit te ontleed en die twee groepe resultate met mekaar te vergelyk — solank die analise gedoen word voordat die ouditeursverslag opgestel en geteken is.

Deurentyd moet in gedagte gehou word dat die hele ouditproses, vanweë die waarskynlikheidsaard daarvan, onderhewig is aan baie risiko's. Deur die ontleding van finansiële jaarstate 'n integrale deel van die normale oudit te maak, kan hierdie risiko's in 'n groot mate verminder word.

4. Metodes van ontleding en interpretasie van finansiële state.

4.1 Inleiding.

Die ontleding en interpretasie van finansiële state kan op 'n aantal verskillende wyses geskied. So onderskei Van Horne (op.cit. p.28) tussen interne vergelykings en interfirma vergelykings. Myer (op.cit. p.13) noem ook die eksterne analise. Foulke (op.cit. p.445) voeg die vergelykende analise by hierdie lys. Hierdie verskillende benaderings verdien op hierdie stadium nadere aandag.

4.2 Vergelykende analise.

Hierdie benadering hou in dat syfers as 'n persentasie van 'n spesifieke basis bereken word waarna dit met een of ander voorafbepaalde norm vergelyk sal word. Vergelykende analise het dan te doen met die studie van neigings wat deur die vergelykings geopenbaar word.

4.3 Interne analise.

By die interne analise word al die items as persentasie van 'n sekere basis uitgedruk. Dit word veral by die inkomstestaat gebruik waar al die items as 'n persentasie van netto verkope uitgedruk word. (Netto verkope = 100%). Cilliers (op.cit. p.20) gaan nog verder deur al die uitgawes as persentasie van die totale uitgawes uit te druk. Hierdie persentasie word dan met 'n

voorafbepaalde basis vergelyk om vas te stel of die verhouding te hoog, redelik of te laag is. Die ontledingsmetode is gebaseer op die postulaat dat as een item styg en die ander konstant bly die wins dienooreenkomstig sal daal. Dit word aanbeveel dat vyf kolomme, een elk vir die volgende items, by hierdie ontledingsmetode gebruik word naamlik;

- (i) Beskrywing van die item.
- (ii) Werklike syfers van huidige jaar.
- (iii) Persentasie van elke item tot verkope.
- (iv) Die Basismaatstaf.
- (v) Die Afwyking.

Op hierdie wyse kan die ontleding dan sistematies gedoen word. Foulke (op.cit. p.445) som die interne analise op as die studie van die verhouding tussen een syfer en 'n ander syfer of groepe syfers of berekende syfers in dieselfde balansstaat of finansiële state, of van syfers, groepe syfers en berekende syfers met verkope.

Die interne analise alleen lewer egter nie bevredigende resultate nie. Daarbenewens is die nut daarvan beperk en word aanbeveel dat die interne analise met die vergelykende analise gekoördineer word.

4.4. Interne- gekoppel aan vergelykende analise.

Hoe meer opeenvolgende finansiële tydperke se

finansiële state beskikbaar is, hoe meer insiggewende inligting kan daaruit bekom word. Dan kan 'n doeltreffende interne vergelykende analise uitgevoer word. Hier beteken interne vergelykende analise die studie van die neigings van dieselfde items, groepe items of berekende items op twee of meer balansstate van dieselfde onderneming op verskillende datums, asook die studie van die neigings van die interne verhoudings bereken uit hierdie syfers op verskillende datums (Foulke, op.cit. p.445). Die eksterne ouditeur is dan ook m.b.t. finansiële state in dié bevoorregte posisie dat hy al die state van 'n spesifieke onderneming waarvan hy die ouditeur is, kan bekom. Dan kan die resultate sowel as die besondere poste op die state met dié van voorafgaande tydperke vergelyk word. Alle verskille en afwykings word aangeteken en aanvaarbare verduidelikings moet daarvoor verkry word.

Die metode van vergelykende ontleding kan toegepas word deur ten minste sewe kolomme te gebruik; een vir elk van die volgende :

- (i) Beskrywing van die items.
- (ii) Syfers van die voorafgaande tydperk.
- (iii) Persentasie van besondere jaar tot verkope.
- (iv) Syfers van die jaar onder oorsig.
- (v) Persentasies tot verkope van jaar onder oorsig.

- (vi) Verandering in geldwaarde.
- (vii) Verandering in persentasie
(Klasaantekeninge).

Onthou moet word dat bogenoemde in 'n groot mate van persoonlike smaak afhanklik is en gevolglik aangesuiwer kan word om by besondere omstandighede aan te pas.

Indien die resultate so verkry gekoppel word aan die algemene ekonomiese toestande wat gedurende die betrokke tydperk geheers het, kan baie insiggewende afleidings gemaak word.

4.5 Eksterne vergelykende of interfirma-analise.

In dié geval word spesifieke syfers, verhoudings en neigings met die van soortgelyke ondernemings vergelyk. Omdat alle soortgelyke ondernemings weens verskeie redes in een of ander opsig verskil, wil ons voorstel dat hierdie metode met die grootste omsigtigheid toegepas word. Geen twee ondernemings se bestuur kan identies wees en identies funksioneer nie. Daar is lokaliteitsverskille, finansieringsverskille, kliënteverskille en nog verskille wat genoem kan word.

Veral by nuwe ondernemings sal dit die ouditeur altyd 'n idee gee of die onderneming nog in lyn met soortgelyke entiteite funksioneer. Hy moet dit egter nie gebruik as 'n losstaande en nie as alles bepalende maatstaf nie.

4.6 Nut vir die ouditeur.

Wesenlike veranderings in die basis van boekhouding wat in die finansiële state openbaargemaak moet word, kan normaalweg op hierdie wyse ontdek word. Die ouditeur kan dan sorg dat besonderhede van die veranderinge self, asook van die effek daarvan op die inkomstestaat in die finansiële state geopenbaar word.

Ook vir toekomsbeplanning en as basis vir begrotings is die interne analise saam met die vergelykende analise uiters waardevol, aangesien bepaalde neigings daaruit verkry word. Afwykings en abnormale veranderings tree ook sterk na vore en kan dan aan gepaste oudittegnieke onderwerp word. Omdat die ouditeur alle afwykings noukeurig ondersoek en redes daarvoor soek, kan gesê word dat audit by wyse van uitsondering (audit by exception) toegepas word. Dit kan dan met die afwykings van standaardkostestelsel vergelyk word. In sulke gevalle reageer die bestuur op alle afwykings m.a.w. daar vind "management by exception" plaas.

Die moontlike afleidings kan kortliks so opgesom word :

- (i) Dit gee 'n aanduiding van die kwaliteit van bedryfsresultate.
- (ii) Die neigings van individuele items oor 'n tydperk word verkry.
- (iii) Die vernaamste bronne van inkomste word

aangedui.

- (iv) Dit gee 'n aanduiding van die stabiliteit van die inkomstebronne, sowel as van die uitgawes wat vas of veranderlik kan wees.
- (v) Abnormale stygings of daling in persentasies gee 'n aanduiding van waar verdere ondersoek nodig is.
- (vi) Abnormale veranderings mag items aantoon wat spesifiek bevestig moet word.
- (vii) Dit verskaf 'n beeld van die uitgawes in verhouding tot die inkomste daardeur voortgebring.

4.7 Beperkings op vergelykende analise.

Soos reeds gestel, kan geen twee ondernemings identities of eenhonderd persent homogeen wees nie. Daarom kan hulle nooit absoluut vergelykbaar wees nie. Die resultate uit so 'n vergelyking verkry, is gevolglik onderworpe aan 'n mate van kwalifikasie.

Dit kan gebeur dat die bestuur die inkomstestaat ten koste van die balansstaat bevoordeel. Die waardering van voorraad is 'n pragtige voorbeeld. Waar die "laaste in eerste uit" -basis van kostewaardering gebruik word, word teenswoordige kostes in die inkomstestaat ingevoer, wat prysenswaardig is, maar die balansstaatsyfer word op redelike ou feite gebaseer. Hierdie tipe bevoor- en benadeling kan normaalweg nie deur die vergelykende

analise opgespoor word nie.

4.8 Aanbevelings.

4.8.1 Eksterne analise.

In aansluiting by die vorige is dit noodsaaklik om, waar enigsins moontlik, van eksterne analise gebruik te maak. Die nodige gegewens behoort al meer en meer in die toekoms beskikbaar te wees en die ouditeur behoort oneindig baie daarby te baat. Indien die stand van sake te veel van die gemiddeld van die bedryfstak verskil, behoort aanvaarbare verduidelikings daarvoor verkry te word. Teenswoordig kan dit as 'n aanvullende tegniek beskou word.

4.8.2 Interne- saam met vergelykende analise.

Waar daar nog praktiese probleme aan die toepassing van die eksterne analise verbonde is, behoort die ouditeur geen probleme met die gekombineerde interne en vergelykende analise te hê nie. Die gegewens vir die interne analise is in die finansiële state beskikbaar en deur dit vir opeenvolgende jare te bewaar word die gegewens vir die vergelykende analise verkry. Hierdie metode is 'n absolute noodsaaklikheid vir die ouditeur. Daardeur kan neigings verkry word wat uiters insiggewend is - dit kan m.a.w. as 'n primêre tegniek aanvaar word.

4.9 Gevolgtrekking.

Die voorgaande is vir die ouditeur in alle opsigte moontlik en sal daar vervolgens gepoog word om aan te toon watter nut dit vir die ouditeur sal inhou om 'n volledige ontleding en interpretasie van die state uit te voer, beginnende by die inkomstestaat.

HOOFSTUK 6

ONTLEDING VAN DIE INKOMSTESTAAT.

1. Inleiding.

Die inkomstestaat weerspieël die netto resultaat van 'n onderneming se bedrywighede. Aangesien resultate in 'n groot mate die doel van 'n onderneming is en die waarde daarvan groten-deels van die omvang en kwaliteit van die resultate afhang, is dit logies dat baie waarde aan die inkomstestaat geheg sal word. (Bernstein, op.cit. p.207).

Foulke (op.cit. p.514) beskou die inkomstestaat as die wiskundige interpretasie van die beleid, kennis, versierendheid en aggressiwiteit van die bestuur van 'n onderneming, gesien uit die oogpunt van inkomste, uitgawes, bruto wins, handelswins en netto wins of verlies. Dit verteenwoordig die uiteindelijke waardebeplanning van die bestuur se vermoëns. Buitendien is die inkomstestaat essensieël 'n tussentydse verslag oor die handelsaktiwiteite van 'n lopende onderneming, gewoonlik vir 'n tydperk van een jaar. Fundamenteel kan winste of verliese nie gesien word as die resultaat van handelsaktiwiteite gedurende enige kort tydperk nie. Daar moet in gedagte gehou word dat slegs 'n gedeelte van die vorderinge en krediete wat die wins beïnvloed op konvensionele wyse bepaalbaar is. Ook word daar van aannames en skattings t.o.v. toekomstige gebeurlikhede gebruik gemaak wat later as korrek

of foutief bewys kan word. Alhoewel die skattings slegs op 'n handjievol items betrekking het, kan die uitwerking daarvan in vergelyking met ander items hoog wees.

Hoe dit ookal sy, die belegger beskou die onderneming as 'n lopende saak met 'n redelik onbeperkte toekoms. In hierdie kader vorm die inkomstestaat 'n tussentydse verslag van die onderneming se werksaamhede. As sulks is dit die eksterne ouditeur se plig om toe te sien dat dit wat die belegger verlang, op 'n bruikbare wyse, sonder vooroordeel en manipulasie, deur die inkomstestaat gebied word.

1.1 Voorbehoud by ontleding van die inkomstestaat.

Wanneer in hierdie studie na die ontleding van die inkomstestaat verwys word, word daarmee bedoel die gedetailleerde inkomstestaat vir interne doeleindes, en nie die verkorte inkomstestaat opgestel vir publikasiedoeleindes nie.

2. Doelstellings by die ontleding van die inkomstestaat.

Vir gebruik om tot die vorming van 'n opinie oor die geheel van die onderneming te kan geraak, die opstel van 'n verslag oor die resultate van die bedrywighede; die stand van bates en laste en vir 'n vooruitskatting van toekomstige behoeftes en vooruitsigte, is dit belangrik dat die ouditeur die volgende inligting bekom :

2.1 Wat is die onderneming se werklike inkomste?

Almal wat enigsins met die rekeningkunde vertrou is, sal besef deur hoeveel verskillende faktore dit beïnvloed kan word. Slegs die belangriker aspekte sal nou aandag geniet.

- (i) Die bepaling van inkomste hang nou saam met skattings aangaande die resultate van toekomstige sake. Vooruitbetaalde uitgawes sowel as verbruiksbates moet op een of ander stadium in die toekoms na die inkomstestaat toegedeel word en hierdie besluit berus bowenal by die bestuur van die onderneming. Die beslissings van ervare en goed opgeleide persone, wat met identiese gegewens werk, sal binne 'n beperkte raamwerk val. Nóg tans sal daar verskille uit die beslissings voortvloei wat deeglike oorweging verg.
- (ii) Die ondervinding en opleiding van die verskillende bestuurders, gekoppel aan die persoonlike verskille en vermoëns, het tot gevolg dat die rekeningkundige beginsels en doelstellings op verskillende wyses en in verskillende rangorde aangewend kan word. Tot op datum bestaan daar nog nie voldoende aanvaarding van die rekeningkundige beginsels en 'n rangorde van relatiewe belangrikheid nie.
- (iii) Dit is 'n voldonge feit dat daar 'n ver-

skeidenheid ongewone omstandighede in sakeondernemings bestaan wat opsionele rekeningkundige – en verslagbehandelings noodsaak. Hieruit volg probleme m.b.t. verskille in eerlike waardebepalings en ander faktore wat oordeelvorming mag beïnvloed. Die verskeidenheid wyses waarop die oordeel en beginsels toegepas kan word, laat beslis ook ruimte vir manipulasie. (Bernstein, op.cit. p.491 en 492).

Foulke, (op.cit. p.497) propageer ook die verdeling van inkomste tussen die verskillende elemente van die ekonomie. Objektiviteit raak al hoe belangriker na gelang die eise van arbeid, bestuur en belastinggaarders verhoog. Die rekeningkunde het gepoog om hierdie probleme die hoof te bied deur die konsep en meting van inkomste beter af te baken. In 'n sekere mate het hierdie benadering die balansstaat nadelig beïnvloed. Alle vooruitbetaalde uitgawes wat nie op die huidige of vorige jare betrekking het nie, word as bates getoon – 'n netelige situasie.

3. Elemente in 'n inkomstestaat wat by vooruitskatting behulpsaam kan wees.

Tans is dit nie vir die ouditeur gebruiklik om aandag aan vooruitskatting te gee nie. "Voor-

uitberamings van die een of ander aard sal, met verloop van tyd, meer gemeenplaas word, alhoewel hopelik nie binne die huidige konsep van die inkomstestaat met sy oënskynlike eksakte grondlyn, en die definitiewe verdienste per aandeel nie". (Layton L., Internasionale Rekeningkundige Gelykvormigheid - Wenslik? Moontlik?, Referaat gelewer te Durban tydens Vyfde Nasionale Kongres van Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.), 1975, p.15). Die moontlikheid word al hoe sterker dat die gebruiker van finansiële state primêre aandag aan die begrotings en slegs sekondêre aandag aan die finansiële state self sal skenk. Laasgenoemde mag moontlik slegs gebruik word om die akkuraatheid van die vooruitramings te bepaal. In die lig hiervan, en ook as gevolg van toenemende druk van alle kante, veral inflasie, sal die ouditeur in die toekoms meer aandag aan hierdie saak moet gee.

Die analis sal na stabiliteit, bewese verwantskappe en voorspelbaarheid in die inkomstestaat soek. Om maksimum betroubaarheid by die vooruitskattings te kan bereik, moet sodanige items onderskei word van dié wat nie-herhalend of baie wisselvallig is. Groeiende winste en die optimale gebruik van beskikbare bates bly steeds 'n goeie maatstaf van bestuursdoeltreffendheid. Dit gee ook 'n beter aanduiding of redelikerwys van die onderneming verwag kan word om op dieselfde peil, of dalk beter, voort te gaan. (Bernstein, op.cit. p.491).

4. Bepaling van inkomste-neigings oor die jare.

Gegrono op die veronderstelling dat elke onderneming 'n feitlik onbeperkte voortbestaan het, kan afgelei word hoe belangrik die neiging in sodanige onderneming se resultate vir die ouditeur is. Laasgenoemde moet sekerheid hê dat die neiging aan werklike oorsake en nie aan manipulasie of inkomstebelastinggelykskakelingspraktyke te wyte is nie. Dit gebeur so maklik dat sekere inkomste, of dalk uitgawes, van een finansiële tydperk na 'n ander oorgeplaas word om die beeld van die neigings in resultate nie te versteur nie. Veral aspekte soos die voorsiening vir oninvorderbare skuld en waardevermindering is geskik vir hierdie ongewenste praktyk. Daar is egter ook ander aspekte wat genoem kan word, o.a. die oorplasing van sekere verkoopstransaksies na die volgende periode, die hef van bestuursfooe by verwante maatskappye ens.

5. Ontleding van die inkomstestaat.

Basies is die inkomstestaat 'n tussentydse verslag in die deurlopende lewe van 'n onderneming. As sodanig is die inkomstestaat uiters belangrik vir enigeen wat 'n langtermynindruk van 'n onderneming wil kry. (Foulke, op.cit. p.516).

Die eksterne ouditeur behoort tydens die analise van die inkomstestaat ten minste van die volgende benaderings gebruik te maak :

5.1 Bepaling van rekeningkundige beginsels

gebruik asook die implikasies daarvan.

of

5.2 Verhoudingsanalise waar die interne analise, of interfirma analise of vergelykende analise of 'n kombinasie van die voorgaande gebruik word.

5.1 Bepaling van rekeningkundige beginsels gebruik en gepaardgaande implikasies.

Die ouditeur moet ten volle op die hoogte wees met alle beginsels wat deur die onderneming gebruik word om inkomste, koste en uitgawes te meet en te verantwoord. Daarbenewens moet die boekwaarde van bates, met die uitsondering van kontant en debiteure, as uitgestelde koste beskou word. Die ouditeur moet die beginsels goed begryp om 'n oordeel te kan vel oor die afskryf van sodanige bates a.g.v. depresiasie- of slytasietoelaes. Ook aan alternatiewe metodes en beginsels moet die nodige oorweging geskenk word om te verseker dat redelikheid en korrektheid as finale maatstaf gebruik word. (Bernstein, op.cit. p.499).

In aansluiting hierby kan verhoudingsanalise gebruik word.

5.2 Verhoudingsanalise.

Soos reeds aangetoon, maak die ontleding by wyse van verhoudings 'n integrale deel uit van finansiële analise. M.b.t. die vorming van verhou-

dings beveel naslaanbronne sekere logiese verwantskappe tussen die items in die noemer en teller aan. Enige beduidende verwantskap sal tot gevolg hê dat die interpretasie van finansiële state bevorder word. Lg. word bereik deur die groot aantal items op die state tot 'n klein groep verhoudings te reduseer. Sulke verhoudings kontrasteer dan die absolute waardes van finansiële items met sekere basisse. Daaruit kan betekenisvolle vergelykings van finansiële data voortspruit, oor 'n tydperk of met ander ondernemings. Gevolglik kan verhoudings as simptome van die finansiële toestand van 'n onderneming beskou word. (Lev. B., Financial Statement Analysis: A new approach, New Jersey, Prentice-Hall Inc., Englewood Cliffs, 1974, p.34).

Ten einde aan te sluit by die ouditeringsproses gaan die verhoudings as volg behandel word:

- 5.1 Die Inkomstestaat.
- 5.2 Die Finansiële State.
 - 5.2.1 Likiede verhoudings.
 - 5.2.2 Laste/verpligtingsverhoudings.
 - 5.2.3 Rentabiliteit.
 - 5.2.4 Kontantvloei.
 - 5.2.5 Beleggingsverhouding/kapitaalstruktuur.
 - 5.2.6 Neiging met verloop van tyd.

Die inkomstestaat kan s6 benader word :

5.2.1 Winsgewendheid van verkope.

Dit word bepaal deur die bruto winspersentasie te bereken. Die bruto wins word hier teen netto verkope gestel en behoort groot genoeg te wees om, nadat bedryfs- en ander uitgawes afgetrek is, 'n toereikende wins op verkope sowel as eienaarsbelang te lewer.

5.2.1.1 Bruto wins.

Basies kan die bruto wins gesien word as die verskil tussen die verkoopsprys en kosprys van 'n gegewe hoeveelheid handelware wat verkoop is. Die bruto wins verteenwoordig dan die ekonomiese waarde wat deur die ondernemer by die leweransier se prys vir die bepaalde goedere toegevoeg is deurdat hy die goedere oor tyd en afstand verplaas het om dit vir sy klante beskikbaar te stel op die plek waar, die tydstip wanneer en in die vorm en hoeveelheid wat verlang word. Vandaar dat die bruto wins ook die "toegevoegde ekonomiese waarde" genoem word. Die bruto winsbedrag oor 'n bepaalde tydperk verteenwoordig ook die volume waarmee fondse, a.g.v. die bepaalde bedryf of ekonomiese behoeftebevredigingsproses, tot die beskikking van die onderneming instroom. Dit is die bruto wins, en nie die verkoopsopbrengs nie, wat 'n aanduiding van die bedryfsinkome van 'n onderneming gee. (Cilliers J.A., op. cit. p.22).

Daarbenewens moet in gedagte gehou word dat die faktore wat bruto wins in die praktyk bepaal heel verskillende samestellings kan wees.

5.2.1.a Die verkoopsfaktor mag op die volgende wyse bepaal wees :

(i) Totale verkope ooreenkomstig verkoops-fakture.

Min terugsendings ontvang en ander kredietnotas uitgereik.

of

(ii) Kontantverkope min kontantkortings
Plus kredietverkope min terugsendings
ontvang

Min kortings toegestaan

Min twyfelagtige skulde.

5.2.1.b Afsien van die invloed van voorraad kan die kosprys van verkope as faktor so saamgestel wees :

(i) Totale aankope ooreenkomstig fakture
Min terugsendings

of

(ii) Totale aankope van handelware
Min kredietnotas ontvang vir terug-
sendings en handelskorting.
Min kontantkortings ontvang

of

(iii) Aankope min terugsendings
Plus spoorvrag, doeane en laaigeld.
Hierby mag gevoeg word direkte uit-

gawes soos lone en wisselkoste.

5.2.1.c Voorraad, daarenteen, kan bereken word deur die fisiese hoeveelhede met enige van die volgende eenheidsprijs te vermenigvuldig:

- (i) Werklike aankoopprys
- (ii) gemiddelde aankoopprys
- (iii) vervangingswaarde
- (iv) verkoopsprys waar laer as aankoopprys (Cilliers, op.cit. p.22 en 23).

Uit die voorgaande is dit duidelik dat hierdie verhouding indringende ondersoek van die ouditeur verg.

5.2.1.2 Afleidings.

In die twee genoemde omstandighede kan die verhoudinge 'n aanduiding van die volgende gee :

5.2.1.2.1 'n Lae verhouding - mag te wyte wees aan:

- (i) Ongunstige aankoops-, opmerk- of winsopslagbeleid.
- (ii) Inkonsekwente toepassing van opmerkbeleid.
- (iii) Prysoorloë waar verkoopsprys afgedwing word, terwyl koste van verkope konstant bly of selfs styg.
- (iv) Verlagings van verkoopsprys om verkope

te verhoog.

- (v) Ooruitbreiding en -belegging in vaste bates met die gevolglike swaarder waardeverminderinglas - veral by vervaardigingsondernemings.
- (vi) Bedrog en/of diefstal van voorraad en/of kontant.
- (vii) Foutiewe voorraadopnames - veral dié van die vorige jaar.
- (viii) Foutiewe berekenings en optelling van voorraadstate.
- (ix) Verkope, kontant en krediet - moontlik of doelbewus nie aangeteken nie.
- (x) Kapitaaluitgawes teen aankope gedebiteer.
- (xi) Beskadiging of bederf van voorraad.
- (xii) Indien afdelingsgewys verantwoord - verwarring tussen afdelings. (ongunstige verkoopsmengsel).
- (xiii) Goedere versend, maar nog nie gedebiteer nie.

5.2.1.2.2 'n Hoë verhouding - mag te wyte wees aan :

- (i) Doeltreffendheid van bedrywighede.
- (ii) Doelmatigheid van prysvasstelling.
- (iii) Gunstige ekonomiese klimaat.
- (iv) Manipulasie van syfers.

- (v) Foutiewe voorraadopnames - veral dié van die huidige jaar bv. goedere sonder fakture ontvang en ingesluit by voorrade, maar nie by aankope nie.
- (vi) Foutiewe berekenings en optellings van voorraadstate.
- (vii) Moontlike verwarring tussen afdelings waar afdelingsgewys verantwoord.
(Gunstige verkoopsmengsel).

Voordat die ouditeur die state teken, sal hy homself t.o.v. elk van die genoemde items moet vergewis, anders sou dit daarop neerkom dat hy nie die nodige sorg en bedrewenheid aan die dag lê nie. Dit mag 'n diepte-onderzoek vereis, veral as die verhouding verander het. Hier gaan dit egter nie om 'n klein verandering nie, maar die omvang van die verandering uitgedruk in geldwaarde.

5.2.1.3 Beperkings op die verhouding.

Kennedy en McMullen (op.cit. p.404) stel die beskikbaarheid van gegewens m.b.t. die aankoopsbeleid, die op-of afmerk van voorraad, verlening en verlenging van krediet en die algemene handelsbeleid as voorvereiste vir die doeltreffende ontleding van die bruto-wins. Met die aspek van verlening en verlenging van krediet kan 'n mens slegs saamstem indien dit tot 'n veranderde prys beleid aanleiding sou gee.

Normaalweg is sodanige gegewens buite die bereik van eksterne analitici. Die eksterne ouditeur het egter toegang tot alle boeke en rekords van die onderneming met die gevolg dat hierdie beperking nie op hom van toepassing is nie.

Die tweede beperking het met die koste-toedeling na koste van verkope te doen. Soos reeds genoem, bestaan daar tans 'n groot aantal alternatiewe metodes waarvolgens koste van verkope bepaal kan word. Dit is noodsaaklik dat die ouditeur bepaal watter metode toepaslik is en dan dienoooreenkomstig optree.

5.2.1.4 Aanbevelings.

Hierdie bekende verhouding kan uiters waardevol vir die ouditeur wees en hoort in die primêre kategorie tuis. Dit het definitiewe ouditeringswaarde en dien as breë aanduiding van die winsopslagbeleid, verkoopspryse, manipulasie en voorraadwaardasie. Waar dit te laag is, sal al die items genoem wat dit kan veroorsaak, nader ondersoek word. Dieselfde geld indien die bruto winspersentasie hoër is.

5.2.2 Dekking van rente en dividende.

Vervolgens behoort die netto winsverhouding bespreek te word. Vir die doel van ouditering pas dit egter beter aan by die rentabiliteitsaspek, wat later behandel sal word. Hier sal

die netto wins soos gebruik om die dekkings verhoudings te bereken, bespreek word.

Volgens du Plessis (F.J. du Plessis, op.cit. p.137) is "wins die verskil tussen 'n inkomste en die kostes wat aangegaan is vir die verkryging van daardie inkomste, mits sowel die kostes as die inkomste met dieselfde maatstaf gemeet word." Indien al die kostes gedurende 'n betrokke rekeningpligtige tydperk aangegaan, van die ooreenstemmende totale inkomste afgetrek word, behoort die resultaat die netto wins te verteenwoordig. Netto wins kan ook op verskillende stadia gebruik word vir berekenings. So kan die syfer of voor rente en/of belasting, of na rente en/of belasting afgetrek is, gebruik word. Voorkeurdividende is 'n verdere item wat soms afgetrek word. Om dan verwarring te voorkom, moet die items wat afgetrek is presies gespesifiseer word.

Die netto wins, soos bereken d.m.v. die gebruik van die rekeningkundige beginsel van toevalling, is beslis nie dieselfde syfer as dié wat as 'n bron van fondse in die bron en aanwending van fondsestaat getoon word nie. Die verskil lê in uitgawes soos depresiasie, amortisasie, slopingsafskrywings en voorsiening vir uitgestelde belasting waar geen kontantuitleg plaasgevind het nie. Dit is slegs vir berekeningsdoeleindes gedoen. Hierdie aspek is 'n direkte gevolg van periodieke,

korttermynverslagdoening oor die onderneming se winsgewendheid in die besonder. Indien die lewe van die onderneming as geheel beskou word, behoort die verskil te verdwyn, mits faktore soos hoër koste van vervanging buite rekening gelaat word, aangesien die slytasie wat op bates afgeskryf word later vir die vervanging van daardie bates aangewend behoort te word.

Dit is nou belangrik om te bepaal in watter mate die netto wins of groei voldoende is om sekere verpligtinge te dek, wat voortspruit uit fondse verkry om inkomste voort te bring.

5.2.2.1 Rentedekking.

Hierdie verhouding word gebruik om die vermoë van 'n onderneming om sy verpligtinge te kan nakom (netto wins voor rente en belasting) te kontrasteer met die betrokke renteverpligting.

Gouws (op.cit. p.46) beveel aan dat alle nie-kontant items, soos waardevermindering en -voorsienings, by die netto wins (voor rente en belasting) getel moet word om die verhouding te bereken.

Die rente self word ook teruggetel omdat dit 'n toelaatbare aftrekking vir belastingdoel-eindes is.

5.2.2.2 Voorkeurdividenddekking.

By die evaluasie van die voorkeuraandele is

dit insiggewend om die verdienstedekking van voorkeurd dividende te bereken. Dié verhouding word bereken deur die netto wins na belasting te neem, die nie-kontantitems soos voorsiening vir uitgestelde belasting en waardevermindering daarby te tel, en dit deur die voorkeurd dividend te deel. (Gouws, op.cit. p.47)

5.2.2.3 Gewone aandeeldividenddekking.

Die verhouding word bereken deur die voorkeurd dividend af te trek van die netto wins na belasting plus nie-kontant items en dit dan deur die gewone aandeeldividend te deel.

Dit is swak bestuursbeleid van 'n onderneming om al sy winste uit te keer. Die verwaarloosing van voorsiening in bedryfskapitaal en vervanging van bates sal spoedig probleme oplewer. Daarom wil die aandeelhouer en voornemende belegger of krediteur weet of 'n maatskappy genoeg verdien om dividende te kan betaal en boonop 'n bedrag in die onderneming terug te ploeg.

Hierdie verhouding behoort minstens twee tot een te wees. Indien die verhouding baie hoër is, is dit nie noodwendig 'n gesonde teken nie. Dit kan op 'n te konserwatiewe dividendbeleid dui.

5.2.2.4 Afleidings.

Die dekkingsverhoudings kan beskou word as 'n

toets van 'n onderneming se vermoë om vaste verpligtinge uit lopende verdienste te kan delg. Die behepthheid met netto wins is te verstane, omdat 'n krediteur meer belangstel in die feit of 'n onderneming sy lopende verpligtinge kan nakom en uit die moeilikheid bly, eerder as in batedekking. In gevalle waar geringe waarskynlikheid bestaan dat 'n onderneming sy verpligtinge as lopende saak sal kan nakom, is verdere kredietverskaffing nie aan te beveel nie. (Bernstein, op.cit. p.460 en Van Horne, op.cit. p.40).

Vir die ouditeur in die besonder, hou dit die voordeel in dat dit die toekomsverwagtings, soos in die direkteursverslag vermeld, grootliks kan aanvul en dat die ouditeur oor die redelikheid daarvan kan besin.

5.2.2.5 Beperkings op die dekkingsverhoudings.

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat 'n onderneming se vermoë om verpligtinge na te kom nie net van die rente- of dividenddekking afhang nie, maar ook van die terugbetaling van die leningskuld self en die uitbetaling van dividende. Daarvoor is die beskikbare fondse net so belangrik, indien nie belangriker nie, as die winste wat verdien is. (Van Horne, op.cit. p.41).

'n Verdere aspek wat in ag geneem moet word, is dat hierdie verhouding slegs van nut sal

wees indien die rente- of dividendverpligting as geheel geneem word. Geen onderskeid tussen meer en minder belangrike verpligtinge behoort onderling gemaak te word nie.

5.2.2.6 Aanbevelings.

Hierdie verhoudings is m.i. uit 'n ouditeurs-oogpunt nie so belangrik as bv. die bruto winsverhouding nie. Ons kan dit as sekondêr aanvullend klassifiseer. Dit is vir die belegger belangriker as vir die ouditeur. Tog is dit wenslik om te weet wat die verhouding werklik is en om te oordeel of dit nie moontlik 'n wanindruk kan skep nie.

6. Samevatting.

Dit dien weer eens beklemtoon te word dat die Inkomstestaar eerstens ontleed word om inligting wat by die ontleding van die balansstaar nuttig sal wees behoorlik agtermekaar te kry. Items soos voorraad, uitgestelde belasting en uitgestelde uitgawes kom hier ter sprake. In terme van die "Riglyne vir Finansiële State" (Standpunt 4.001, Handleiding vir Rekenmeesters, op.cit. p.4) is dit aan te beveel dat die hoof rekeningkundige beleid t.o.v. genoemde items by wyse van aantekeninge in die state geopenbaar word. T.o.v. voorrade moet bv. gemeld word welke basis van waardering gebruik is en of 'n toepaslike deel van verwaardigings- en administratiewe bokoste by die

waardasie ingesluit is. So sal die ander toepaslike items ook volledig ondersoek word tydens die bevestiging van die inkomstestaatposte.

Wat die ontleding aanbetref, is dit gerieflik om sekere verhoudings te ontleed, en dan 'n eksterne of ekstern gekombineer met vergelykende analise te doen.

VERHOUDINGS M.B.V. FINANSIËLE STATE BEREKEN.

1. Inleiding.

Finansiële- en bedryfsverwantskappe, uitgedruk in terme van verhoudings, het weinig betekenis, tensy dit geïnterpreteer en beoordeel word op grond van aanvaarbare vergelykingstandaarde. Kennedy en McMullen (op.cit. p.345) onderskei tussen die volgende moontlike standaarde van vergelyking :

- (i) Die analis se standaarde wat ontstaan a.g.v. persoonlike ervaring, opleiding en observasie. Daardeur kry die analis 'n idee van wat normaal en algemeen is.
- (ii) Verhoudings en persentasies wat op die rekords van geskiedkundige bedryfs- en finansiële prestasies van die besondere onderneming gebaseer is.
- (iii) Verhoudings en persentasies van gekose mededingende ondernemings, veral dié wat meer progressief en suksesvol is.
- (iv) Verhoudings en persentasies wat ontwikkel is deur die data in die jongste begrotings te gebruik. Sulke verhoudings behoort dan op historiese gegewens, aangepas by verwagte veranderinge in die finansiële toestand, gebaseer te word. Hierdie verhoudings kan dan "doelverhoudings" genoem word.

- (v) Verhoudings en persentasies van die industrie waarvan die betrokke onderneming lid is.

Toegegee, die genoemde standarde is daargestel vir finansiële analise. Die eksterne ouditeur het egter 'n belangrike taak in dié verband. Deur die jare het dit duidelik geword dat almal op hom vertrou om te sorg dat die finansiële state so 'n onpartydige en getroue moontlike weergawe moet wees. In 'n groot mate is hierdie ideaal nie altyd verwesenlik nie en daarom word nou 'n aantal verhoudings bespreek wat enige ouditeur behoort te kan gebruik om die uitvoer van die audit te verbeter. Daarmee saam moet soveel van die voorgenoemde standarde as wat by die betrokke omstandighede toepasbaar is, gebruik word. Die eerste en natuurlike groep verhoudings waarby stilgestaan, word is die likwiditeitsverhoudings.

2. Likwiditeit.

2.1 Inleiding.

G.A. Lee (Modern Financial Accounting, London, The Whitefriars Press Ltd., 1973, p.440) voel dat voortbestaan die hoogste prioriteit van enige onderneming is. Dit is slegs moontlik, selfs op die korttermyn, indien die onderneming likied en solvent is; m.a.w. alle skulde moet betyds betaal word, onmiddellik sowel as in die voorsienbare toekoms. Daarom word met die aspek van

likwiditeit begin.

Die graad van 'n onderneming se likwiditeit word deur sy vermoë om betaalbare skulde te delg, bepaal. Sulke verpligtinge word met behulp van kontant afgelos en daarom is dit belangrik om nie net die bedrag aan kontant wat op 'n spesifieke tydstip beskikbaar is nie maar ook die onderneming se vermoë om kontant te bekom soos en wanneer benodig, te bepaal.

Ernst W. Walker (Essentials of Financial Management, Englewood Cliffs, New Jersey, Prentice Hall Inc., 1971, Second Edition p.33 & 34). sien die staat van kontantontvangstes en uitbetalings as die mees volledige maat van 'n onderneming se vermoë om kontant te bekom wanneer benodig. Indien dit met gereelde tussenposes opgestel en in begrotingsvorm aangebied word, vorm dit een van bestuur se sterkste wapens. Dit sal die koers waarteen beide vaste en bedryfsbates in kontant omgesit word, tesame met die tyd wanneer kontant benodig word, aantoon. Dan word die beskikbare kontant in verhouding tot die behoeftes gestel en daaruit kan die bedrag aan kontant benodig, om geldnood of verleentheid te voorkom, bepaal word. Die mate van likwiditeit wat a.g.v. die bedryfsproses ontstaan, word weergegee met die voorbehoud dat kredietwaardigheid geensins oorweeg word nie. Dit is dan juis laasgenoemde voorbehoud wat hierdie metode se nut vir die ouditeur beperk en die berekening en ontleding van verskillende

verhoudings so noodsaaklik maak.

Vir die eksterne ouditeur is dit belangriker om te bepaal of 'n onderneming genoeg bedryfskapitaal tot sy beskikking het om sy verpligtinge stiptelik na te kom. Te veel of te min bedryfskapitaal is swak beleid en gevaarlik en mag dui op ondoeltreffende aanwending daarvan. Doeltreffende gebruik van bedryfskapitaal behoort die kredietwaardigheid te verbeter en die ouditeur moet altyd vasstel of die finansiële posisie verbeter al dan nie. Normaalweg is bedryfskapitaaltekorte die voorloper, indien nie die werklike oorsaak nie, van finansiële probleme.

In die praktyk word likiditeit beoordeel deur veral die bedryfs- en vuurproefverhoudings te bereken. Die empiries aanvaarde standarde onderskeidelik is 2 tot 1 en 1 tot 1. M.i. moet daar egter meer as net die twee verhoudings bereken word, daarom kom na die bespreking van bedryfsbates en bedryfslaste die verskillende likiditeitsverhoudings aan die beurt.

2.1.1 Bedryfskapitaal.

In die sin hierbo gebruik beteken netto bedryfskapitaal die bedrag waarmee bedryfsbates bedryfslaste oorskry. Daarom is dit belangrik om op bedryfsbates en bedryfslaste te let.

2.1.2 Bedryfsbates.

Bedryfsbates word beskryf as bates wat óf in die

vorm van kontant gehou word, óf waarvan rede-
likerwys verwag kan word dat dit in die gewone
gang van sake in die nabye toekoms, gewoonlik
binne 'n jaar, in kontant omgesit sal of kan
word sonder dat enige verlies van waarde sal
voorkom. (W.A.A. Gouws, op.cit. p.13).

Die interessante voorbehoud, naamlik dat wanneer
die normale besigheidsiklus 'n tydperk van minder
as een jaar beslaan, die bedryfsbates beskou moet
word as sodanige bates wat binne daardie tydperk
(die bedryfsiklus) in kontant omgesit kan word,
word deur Bernstein (op.cit. p.373) bygevoeg.

L.E. Morrissey (Contemporary Accounting Problems,
Englewood Cliffs, N.J., Prentice Hall Inc., 1963,
p.40) aanvaar bg. en gee die volgende definisie
van bedryfsbates : "cash and other assets or
resources commonly identified as those which are
reasonably expected to be realised in cash or
sold or consumed during the normal operating
cycle of the business".

Die normale besigheidsiklus kan egter nie sonder
meer as kriterium aanvaar word nie. As die be-
dryfsiklus korter as of slegs een jaar is, be-
staan daar geen probleme nie. Indien sodanige
bedryfsiklus egter veel langer as 'n jaar is, sal
baie goed besin moet word oor wat in die spesi-
fieke geval as bedryfsbates beskou word.

Met die bogenoemde voorbehoud in gedagte, kan
bedryfsbates beskryf word as daardie bates (of

kontant) waarvan redelikerwys verwag kan word, na die nodige omsigtigheid aan die dag gelê is om die indeling konsekwent te doen, dat dit in die normale loop van sake in die nabye toekoms, gewoonlik binne een jaar of die tydperk van die normale besigheidsiklus van korter as een jaar in kontant omgesit sal of kan word sonder dat enige verlies in waarde gely word. (Eie afleiding).

Kontant verteenwoordig sowel die begin- as eindpunt van die normale rekeningkundige siklus. Die basis van bogenoemde klassifikasie is daarom duidelik: die doel om die bates binne 'n jaar of binne die normale besigheidsiklus in kontant om te sit.

Onder die hoofopskrif bedryfsbates word die volgende items gewoonlik onder toepaslike sub-hoofde gegroepeer.

Kontant op hande en op korttermyndeposito's.

Bemerkbare sekuriteite en beleggings - m.i. kan hiermee saamgestem word slegs as dit surplus kontant belê, is.

Debiteure.

Vorrade.

Ander bates wat aan die definisie van bedryfsbates voldoen.

Alhoewel dit nie algemene praktyk is nie, beskou baie instansies verdiskonteerde debiteure as

bedryfsbates met die verdiskonteringsheffing tesame met die verdiskonteerde debiteure as bedryfslaste. (Walker E.W., op.cit. p.34)

In die geval waar die verdiskonteringsinstelling die reg tot verhaal van die verdiskonteerder voorbehou, sal die voorgaande aanvaarbaar wees, maar as daar geen sprake van verhaal of borg is nie, behoort dit beslis nie so behandel te word nie.

Soms gebeur dit dat daar op balansstaatdatum 'n kontraktuele verpligting gesluit is om sekere vaste bates binne die volgende finansiële tydperk te koop. Dan moet sodanige prys van dié vaste bates as bedryfslaste geklassifiseer word en moet die invloed daarvan op die bedryfsverhouding deeglik in aanmerking geneem word tydens die interpretasie van die betrokke verhouding.

2.1.3 Bedryfslaste.

Verpligtinge wat in die normale loop van sake ontstaan en binne 'n bestek van een jaar na balansstaatdatum nagekom moet word, word as bedryfslaste geklassifiseer. (Foulke op.cit. p.96 en eie aanpassing). Met ander woorde, bedryfslaste kan beskou word as korttermynverpligtinge wat in die normale besigheidsiklus van 'n onderneming ontstaan.

Bedryfslaste kan ook gesien word as verpligtinge wat deur die gebruik van bedryfsbates, of die

skepping van ander bedryfslaste, afgelos word.
(Bernstein, op.cit. p.375).

Soos in die geval van bedryfsbates word verwag dat alle bedryfslaste binne 'n termyn van een jaar of die normale besigheidsiklus afgelos sal word.

Bedryfslaste is daarom korttermynlaste wat in die normale besigheidsiklus van die onderneming ontstaan. Volgens Gouws (op.cit. p.17) kan 'n las omskryf word as 'n definitiewe wetlike verpligting teenoor iemand anders. Alle wetlike verpligtinge is rekeningkundige verpligtinge, maar alle rekeningkundige verpligtinge is nie noodwendig wetlike verpligtinge nie. Hieruit spruit voort dat selfs items soos uitgestelde belasting, wat nie in die populêre sin bedryfslaste is nie en wat op die betrokke stadium nog nie 'n debiteur-krediteurverhouding behels nie, soms as bedryfslaste geklassifiseer kan word. Hieronder volg daardie items wat meer algemeen as bedryfslaste geklassifiseer word :

Krediteure en betaalwissels.

Bankoortrekkings.

Belasting verskuldig.

Onversekerde korttermynlenings.

Uitgestelde belasting.

Dividende verklaar of aanbeveel.

Ander laste wat aan die definisie van

bedryfslaste voldoen, bv. paalemente op langtermynlenings, ens.

Bankoortrekkings behoort slegs hier getoon te word mits dit van korttermynaard is en nie 'n vaste finansieringsbron van langer as 'n jaar uitmaak nie.

Die omskrywing van bedryfslaste sowel as die klassifikasie van die items mag van onderneming tot onderneming verskil. Dan is dit belangrik dat die ouditeur altyd die beginsel van konsekwentheid in gedagte moet hou.

Dit dan wat die terme bedryfsbates en bedryfslaste inhou. Vervolgens sal die likwiditeitsverhoudings ondersoek word.

2.2 Die Bedryfsverhouding.

Die verhouding waarin bedryfsbates tot bedryfslaste staan, staan bekend as die bedryfsverhouding van 'n onderneming en toon hoeveel keer bedryfslaste deur bedryfsbates gedek word. Uit hierdie verhouding kan 'n onderneming se vermoë om sy daaglikse verpligtinge na te kom, afgelei word (Gouws op.cit. p.75). (Kennedy en McMullen op.cit. p.356).

Hierdie verhouding is waarskynlik een van die bekendste verhoudings en is ook een van dié wat die meeste gebruik word in die bepaling van 'n onderneming se likwiditeit.

2.2.1 Sommige van die redes waarom dit so algemeen as maatstaf van likwiditeit gebruik word, is van selfsprekend, naamlik :

- (i) Dit bepaal die mate waarin bedryfslaste deur bedryfsbates gedek word. Hoe meer bedryfsbates daar in verhouding tot bedryfslaste bestaan, hoe meer sekerheid bestaan dat die bedryfslaste betaal sal word.
- (ii) Die bedrag waarmee bedryfsbates bedryfslaste oorskry, vorm 'n buffer teen moontlike verliese wat tydens die realisasieproses van bedryfsbates in kontant gelyk kan word. Die krediteure sal dus 'n hoë buffer verwelkom.

In hierdie geval bepaal die bedryfsverhouding die graad van veiligheid wat beskikbaar is vir die dekking van enige moontlike inkrumping in die waarde van die bedryfsbates.

- (iii) Dit bepaal ook die reserwe aan likiede fondse wat meer is as die huidige verpligtinge en wat dus 'n veiligheidsgrens vorm teen onsekerheid en willekeurige skokke waaraan die normale vloei van fondse in 'n onderneming blootgestel is. Moontlike skokke kan wees stakings, natuurrampe en prysoorloë deur mededingers begin (Bernstein op.cit. p.378).

Wat egter nie so algemeen bekend is nie

is die feit dat die bedryfsverhouding as maatstaf van likwiditeit en korttermynkredietwaardigheid gebuk gaan onder 'n aantal beperkinge.

So ook moet die ouditeur uiters versigtig wees wanneer hierdie verhouding gebruik word. Dit is noodsaaklik dat die ouditeur seker maak dat daar geen verandering in die rekeningkundige beleid sedert die vorige finansiële tydperk plaasgevind het nie.

Dit gebeur ook in sommige ondernemings dat spesiale versoeke aan debiteure om rekeninge voor die einde van die finansiële tydperk te betaal, gestuur word. Verder mag aankope teen die einde van die tydperk ingekort word. Gevolglik verskaf die state nie noodwendig 'n redelike weer-gawe van die normale stand (en verloop) van sake nie. Die ouditeur sal egter geen probleme ondervind om sulke gevalle te ontbloot nie.

Nadat aandag aan die gebruik van hierdie verhouding geskenk word, moet die betrokke beperkinge eers bespreek word.

2.2.2 Afleidings.

'n Fundamentele analise het te doen met die interpretasie en begrip van die inherente finansiële toestand van 'n onderneming, eerder as met die toestand op 'n spesifieke tydstip. (Foulke, op.cit. p.191). As sodanig lê die nut van die bedryfsverhouding in die besondere

bydrae wat dit lewer tot die analise as 'n geheel, soos blyk uit die resultate van al die betrokke verhoudings. Sekere afleidings kan sondermeer gemaak word, maar dit is raadsaam om eers al die verhoudings te bereken voordat tot 'n gevolgtrekking geraak word.

Meer spesifiek kom dit daarop neer dat die vermoë van bedryfsbates om bedryfslaste te delg, op datum van die verhouding, gemeet word. Aandag word dan geskenk aan die surplus, indien wel, wat beskikbaar is om onreëlmatighede in die kontantvloei en verpligtinge te delg. Die voorgaande kan gedoen word solank onthou word dat die toets 'n likwidasiesituasie van die onderneming veronderstel. (Bernstein, op.cit. p.382).

Met inagneming van die verskillende voorbehoude is die bedryfsverhouding behulpsaam met die volgende :

2.2.2.1 Algemene Afleidings.

- (i) Dit verskaf 'n aanduiding van die mate van veiligheid verbonde aan die korttermynlikwiditeit deur krediteure aan die onderneming verskaf.
- (ii) Foutiewe voorraadwaardasie kan verantwoordelik wees vir abnormale fluktuasies in die verhouding.
- (iii) So kan fluktuasies ook te wyte wees aan foutiewe waardasie van laste.

2.2.2.2 Verhouding abnormaal hoog.

- (i) Voorrade mag wesentlik oorwaardeer wees.
- (ii) Gedurende die tydperk mag 'n verandering in die basis van voorraadwaardasie voor-gekom het.
- (iii) Laste mag in 'n belangrike mate onder-waardeer wees.
- (iv) Die bedryfskapitaal in gebruik mag ab-normaal hoog wees.
- (v) Die belegging in voorrade, debiteure of kontant mag te hoog wees, gekoppel aan die feit dat die graad van likwiditeit laag is.
- (vi) Gebrek aan bestuursvernuf om bedryfs-bates effektief en winsgewend te gebruik omdat te veel bedryfsbates tot 'n laer opbrengs kan lei.

2.2.2.3 Verhouding abnormaal laag.

- (i) In so 'n geval mag voorrade wesentlik onderwaardeer wees.
- (ii) Dit mag te wyte wees aan 'n verandering in die basis van voorraadwaardering.
- (iii) Die laste mag oorwaardeer wees.
- (iv) Daar mag 'n abnormale tekort aan be-dryfskapitaal bestaan.
- (v) Oorbedryf, soos te veel verkope in ver-houding tot byvoorbeeld die voorraad en

debiteure.

Hierdie verhouding het alleen werklike waarde indien alle aspekte van bedryfslaste en bedryfsbates volledig ondersoek word. Dit sal gedoen word nadat die beperkings, op die bedryfsverhouding van toepassing, van nader beskou is.

2.2.3 Beperkinge op bedryfsverhouding.

By die berekening van die bedryfsverhouding word die bedryfsbates wat normaalweg uit drie tipes bates – kontant en kontant ekwivalente, ontvangbare rekeninge en voorrade bestaan, sowel as bedryfslaste as 'n groep, gebruik.

2.2.3.1 Moontlike vereistes.

Indien likwiditeit nou gedefinieer word as die vermoë van 'n onderneming om die benodigde kontantuitvloei met voldoende invloei, insluitende 'n voorsiening vir onverwagte onderbrekings in invloei of toenames in uitvloei, te balanseer, moet bepaal word of die verwantskap tussen hierdie vier elemente op 'n spesifieke tydstip :

- (i) Die patroon van toekomstige vloei van fondse meet en voorspel.
- (ii) Die toereikendheid van toekomstige invloei in verhouding tot uitvloei van fondse meet.

(Bernstein, op.cit. p.379).

2.2.3.2 Tekortkominge.

Die betreurenswaardige antwoord op hierdie vrae is normaalweg negatief om die volgende redes :

- (i) Dit beskryf slegs die likwiditeit op 'n spesifieke moment nl. die balans-staatdatum en is gevolglik 'n statiese verhouding.
- (ii) Dit meet geensins die kwaliteit van die bates nie.
- (iii) Aangesien die verhouding op historiese feite gebaseer is, kan dit nie die toekomstige solventheid van die onderneming meet nie.
(Walker E.W., op.cit. p.34).
- (iv) Indien op meer as een tydstip van die besigheidsjaar bereken word, wat uiters wenslik is, gaan hierdie verhouding aansienlike skommeling tussende verskillende seisoene in die normale besigheidsjaar vertoon.
- (v) 'n Netelige probleem ontstaan indien alle bedryfsbates gelikwedeer moet word om die onderneming se laste te delg. In so 'n geval sal daar 'n onmiddellike tekort aan bedryfskapitaal ontstaan, tensy dit uit ander bronne verkry kan word.
- (vi) Dit mag gebeur dat sekere bedryfslaste

spesiaal kort voor die jaareinde afge-
los word om die posisie beter te laat
lyk.

Bernstein (op.cit. p.379 en 380) illustreer
baie duidelik hoe sterk die verband tussen de-
biteure, voorraad en bedryfslaste is en in
watter mate gemelde items deur verkope beïn-
vloed word. Dit is gevaarlik om hier te veel
waarde aan 'n redelik twyfelagtige, toekomstige
verkoopsyfer te heg. Gevolglik moet deeglik
besin word oor die gebruik van die bedryfsver-
houding. Verder word aandag aan kontant en
kontant-ekwivalente gegee. Hy raak tot die
pragtige gevolgtrekking dat die lopende saak-
begrip geskrap moet word, indien die minimum
kontantsaldo voorhande, om onverwagte kortter-
mynfluktuasies in kontantvloei te dek, beskik-
baar moet wees vir bedryfslaste.

2.2.3.3 Opsomming.

Ter opsomming kan gestel word dat die grootste
tekortkoming van die bedryfsverhouding in die
nie-erkenning van en onderwerping aan die lo-
pende saakbegrip lê.

- (i) Likwiditeit hang in 'n sekere mate van
die saldo aan kontant en kontantekwiva-
lente af, maar word in 'n belangrike
mate deur toekomstige kontantvloei
beïnvloed.
- (ii) Daar bestaan geen direkte of bepaalde

verhouding tussen die saldo's van bedryfskapitaallitems en die patroon wat toekomstige kontantvloei waarskynlik sal aanneem nie.

- (iii) Bestuursbeleid wat die gunstigste debiteure- en voorraadvlakke nastreef word gebaseer op doeltreffende en winsgewende gebruik van bate, eerder as op likwiditeit.

(Bernstein, op.cit. p.381).

In die lig van die voorgaande is dit geensins die bedoeling om die bedryfsverhouding as nutteloos voor te stel nie. Inteendeel, indien gebruik met inagneming van die genoemde beperkinge, kan dit baie waardevol wees.

2.2.4 Aanbeveling.

Die bedryfsverhouding is absoluut noodsaaklik as 'n oudithulpmiddel. Dit sal eerstens help met die beoordeling van die likiede posisie van die onderneming. Saam met die vuurproefverhouding kan dit help met die beoordeling van voorrade. Verder sal dit ook 'n rol t.o.v. die toekomsverwachting in die direkteursverslag speel. Dit is immers logies dat 'n kritiese tekort aan bedryfskapitaal nie hand aan hand met 'n rooskleurige toekoms loop nie. Daarbenewens is daar m.i. geen plaasvervanger vir hierdie verhouding as oudithulpmiddel nie en word dit as 'n primêre verhouding geklassifiseer.

2.3 Vuurproefverhouding.

Een van die baie aspekte van kritiek teen die bedryfsverhouding is die feit dat voorrade as likiede fondse beskou word, terwyl dit in baie gevalle, veral in tye van resessie, hoogs il-likied is. Gevolglik is die vuurproefverhouding ontwikkel waar slegs die likiede bates met bedryfslaste (soos bespreek by bedryfsverhouding) gekontrasteer word. (Findlay M.C. en Williams E.E., An Integrated Analysis for Managerial Finance, Englewood Cliffs, N.J., Prentice Hall Inc., 1970, p.89).

2.3.1 Likiede bates.

Rekeningkundiges besef dat sekere bates, wat wel volgens algemeen aanvaarde norme as bedryfsbates geklassifiseer word, beslis nie sonder moeite teen boekwaarde in kontant omgesit kan word nie.

Oor die algemeen is voorraad daardie bedryfsbate wat, tydens 'n verpligte likwidasië, die beste kans staan om teen 'n verlies gerealiseer te word, of die swakste kans het om teen 'n wins of boekwaarde verkoop te word. Vooruitbetaalde uitgawes mag ook soms illikied wees, aangesien dit soms lank mag neem voordat so 'n spesifieke uitgawe rekeningkundig na die inkomstestaat toedeelbaar word. In sekere spesiale gevalle, waar 'n lang betaaltermyn toegestaan is, mag dit gebeur dat debiteure ook nie likied is nie.

Normaalweg word voorrade weggelaat uit die syfer van bedryfsbates (soos by die bedryfsverhouding beskryf) om die likiede bates te kry. Die besondere omstandighede moet egter altyd in gedagte gehou word, sodat die nodige aansuiwerings nie agterweë sal bly nie.

2.3.2 Afleidings.

Teoreties gesproke, word die balansstaat van elke onderneming aan die einde van sy natuurlike besigheidsjaar opgestel, d.w.s. op daardie tyd-stip wanneer die onderneming in sy mees likiede vorm is en die besigheidsiklus 'n laagtepunt bereik het. (Foulke, op.cit. p.214 - 217). Die ouditeur kan daarom bepaal wat die posisie is t.o.v. likiede bates op 'n tydstop wanneer die onderneming op sy likiedste behoort te wees. Daarbenewens kan 'n idee van abnormale veranderinge in die betrokke syfers, in verhouding tot dié van die vorige jaar verkry word.

- (i) Hierdie verhouding vul die bedryfsverhouding aan en bevestig of weerspreek sekere afleidings daar gemaak.
- (ii) Saam met die bedryfsverhouding gee dit 'n aanduiding van die redelikheid van die voorraadwaarde.
- (iii) Dit is m.a.w. 'n strengere toets om te bepaal of bedryfslaste onder likwidasiestoestand wel afgelos sal kan word sonder om op voorrade staat te maak.

Die ouditeur verkry gevolglik 'n beter idee van die terrein waarop sy dieptetoetse toegespits moet word.

2.3.3 Beperkings op die vuurproefverhouding.

Die beperkings t.o.v. die bedryfsverhouding geld steeds. Daarbenewens moet addisionele beperkende faktore ook oorweeg word.

- (i) Hierdie verhouding dui nie aan hoe gou die bates in kontant omgesit kan word of wanneer bedryfslaste betaalbaar sal wees nie.
- (ii) Die indeling van likiede bates sal altyd van ekonomiese toestande afhanklik wees en die likiedheid van hierdie items mag wesentlik van tydperk tot tydperk verander. Die gevolg is dat die item nie noodwendig in opeenvolgende tydperke uit dieselfde bedryfsbates opgemaak sal word nie. Dit mag dan die vergelykbaarheid beïnvloed en die waarde van die afleidings laat daal.
- (iii) Manipulasie van bedryfslaste om 'n beter indruk te skep, bly altyd 'n wesentlike gevaar.

2.3.4 Aanbeveling.

Ter aanvulling van die bedryfsverhouding word die vuurproefverhouding gebruik. By ondernemings met wesenlike voorrade behoort hierdie

verhouding as noodsaaklik beskou te word. Dit is dan logies dat die verhouding nutteloos sou wees waar voorrade nie 'n wesentlike rol speel nie of dalk geheel en al afwesig is. Vir die ouditeur is dit van primêre belang en behoort dit, waar nodig, bereken te word.

2.4 Debiteure.

In die huidige sakewêreld is dit algemene gebruik om van kredietaankope sowel as kredietverkope gebruik te maak. Wanneer die kwaliteit van bedryfskapitaal, bedryfsverhouding en vuurproefverhouding ondersoek word, is dit noodsaaklik om ook die kwaliteit en likwiditeit van debiteure te bepaal. Beide die kwaliteit en likwiditeit van debiteure word deur die omset-snelheid van debiteure beïnvloed. M.a.w. die kwaliteit sal hoofsaaklik afhang van die waarskynlikheid dat debiteure sonder verlies en onnodige vertraging ingevorder kan word. Dit kan bepaal word deur vas te stel of alle debiteure binne die perke van die krediettermyn val. Hoe langer debiteure uitstaande is, hoe geringer is die waarskynlikheid dat dit ten volle ingevorder sal word. Likwiditeit, daarenteen, het te doen met snelheid waarmee debiteure in kontant omgesit word. Weer eens is omset een van die nuttigste maatstawwe om te gebruik.

2.4.1 Gemiddelde debiteure-invorderingstermyn.

Voordat wins gerealiseer word, moet 'n onder-

neming eers sy basiese kommoditeit verhandel. Normaalweg vind sodanige verhandeling op 'n kredietbasis plaas. Die bedrag aan krediet op hierdie wyse verleen, wat aan die einde van elke maand uitstaande is, moet nie toegelaat word om te hoog te styg nie. Intendeel, daar moet na 'n redelik konstante en aanvaarbare verhouding tussen die handelsdebiteure en kredietverkope gestreef word. Hierdie verhouding word dan bereken deur die gemiddelde syfer vir handelsdebiteure deur die gemiddelde daaglikse kredietverkope, volgens die skuiwen-de invorderingstermynbasis soos later meer volledig bespreek, te deel.

Deur die voorafgaande berekenings gereeld op hierdie basis te doen, verkry die ouditeur 'n vergelykingsmaatstaf wat besonder waardevol is en duidelike neigings t.o.v. die invordering sowel as debiteure - administrasie aandui.

2.4.1.1 Gemiddelde handelsdebiteure.

Hierdie syfer moet alle debiteure, wat uit die gewone handelsproses ontstaan, insluit. Alle ontvangwissels, verdiskonteerde ontvangwissels en debiteure, wat op datum van die berekening nog uitstaande is, moet by die handelsdebiteuresyfer in die boeke getel word. Aangesien alle handelsaktiwiteite ook hoogtepunte en laagtepunte beleef, sal hierdie syfer beter resultate lewer, indien die werk-

like maandelikse gemiddelde bereken kan word deur die uitstaande syfer vir die twaalf maande bymekaar te tel en dan deur twaalf te deel. Indien die onderneming nie elke maand 'n debiteursyfer kan vasstel nie, behoort die ouditeur alle syfers wat beskikbaar is, bymekaar te tel en deur die betrokke aantal te deel. Hoe meer periodes in die jaar by die berekening betrek word, hoe beter sal die gemiddelde syfer wees. Die eksterne analis gebruik gewoonlik die gemiddeld tussen die begin- en eindsaldo's, maar die ouditeur behoort nie met so min tevrede te wees nie, tensy meer inligting nie bekombaar is nie.

In hierdie geval word egter spesifiek aanbeveel dat ouditeure van die sogenaamde skuiwende invorderingstermyn gebruik maak. Daarvolgens word die invorderingstermyn bereken deur van die totaal van twaalf opeenvolgende maande gebruik te maak. Daarna word die eerste maand se debiteuresaldo van die totaal afgetrek en dié van die maand volgende op die laaste van die oorspronklike twaalf maande word by die totaal getel. Presies dieselfde proses word met kredietverkope aanbeveel. (Klasaanteekeninge).

2.4.1.2 Gemiddelde daaglikse kredietverkope.

Die totale jaarlikse kredietverkope word deur 365 gedeel om die gemiddelde daaglikse kredietverkope te kry. In hierdie geval moet

slegs kredietverkope, wat aan die normale bedryfsproses te wyte is, ingesluit word. Kontantverkope het niks met debiteure te doen nie en waar 'n betrokke onderneming nie tussen kontant- en kredietverkope onderskei nie, behoort die ouditeur in staat te wees om die toekomstige beskikbaarheid van sodanige syfers op diplomatieuse wyse te reël.

2.4.2 Debiteure-omsetverhouding.

Hierdie verhouding word bereken deur die totale jaarlikse kredietverkope deur die gemiddelde debiteuresyfer te deel. Basies is hierdie net die omgekeerde van die voorafgaande verhouding. Die aantal dae in 'n normale jaar, nl. 365, gedeel deur die debiteure-invoorderingstermyn gee die debiteure-omsetsnelheid.

2.4.3 Ouderdomsontleding van debiteure.

Die beste metode om meer inligting oor die kwaliteit en likwiditeit van debiteure te kry, is om 'n deeglike ouderdomsontleding van alle uitstaande debiteure te doen. Om maksimum waarde te verseker, moet die presiese uitstaande tydperk van elke individuele debiteur aangetoon word. Sover dit die eksterne ouditeur betref, is dit nie voldoende om bv. te sê "90 dae en oor" nie. Indien dit alreeds 180 dae uitstaande is, moet die eksterne ouditeur dit weet, sodat hy die redes daarvoor kan

vasstel en bepaal wat gedoen is om die geld in te vorder.

2.4.4 Individuele debiteure-rekeninge.

Nadat die ouderdomsontleding voltooi is, sal die ouditeur spesifieke aandag verleen aan daardie rekeninge, wat op probleme dui. Elke rekening so uitgewys, sal volledig ondersoek word, sodat afleidings aan die hand van die ondersoekresultate gemaak kan word. Daarna kan die ouditeur besluit watter verdere ouditegnieke toegepas en watter sake aan die bestuur rapporteer moet word.

Hier behoort die ouditeur spesifiek aandag aan die prosedures verbonde aan kredietverlening te skenk, en seker te maak dat dit konsekwent en doeltreffend toegepas word. Alle aspekte van kredietbeheer moet in oënskyn geneem en geëvalueer word voordat die ouditeur sy afleidings maak.

2.4.5 Vergelykingsmaatstaf.

'n Praktiese maatstaf is die een van Foulke (op.cit. p.386) wat inhou dat die krediettermyn bepaal word en daarna een derde van die termyn bygetel word ten einde voorsiening te maak vir normale stadige, maar veilige debiteure.

Die ouditeur hoef nie noodwendig hierby te hou nie. Feit bly egter staan dat die kre-

diettermyn self, of 'n aangepaste weergawe daarvan, die ideale vergelykingsmaatstaf in dié verband is. Daarbenewens kan die syfers van opeenvolgende jare ook vrugbaar met mekaar vergelyk word om daardeur neigings te diagnoseer.

2.4.6 Afleidings.

Voorgenoemde voorstelle hou in dat die ouditeur die algemene neigings sonder veel inspanning behoort waar te neem. Die analise gee 'n aanduiding van die doeltreffendheid van die administrasie van debiteure ten opsigte van die invorderingstermyn en algemene kredietbeheer, soos o.a. deur die beleid van kredietverskaffing beïnvloed. Dit help om te verhoed dat geld onproduktief in agterstallige debiteure-rekeninge opgesluit lê, aangesien die ouditeur sal oorgaan tot 'n noukeurige ondersoek van die debiteuresyfer, met inbegrip van die administrasie- en kredietbeleid, indien die verhouding baie hoër as die standaard vir die spesifieke onderneming is. Waar dit enigsins op 'n swakheid dui, sal tydens die audit meer aandag as normaalweg hieraan geskenk moet word.

Die moontlike afleidings kan meer spesifiek as volg opgesom word :

- (i) 'n Idee word gekry van die doeltreffendheid van debiteure-invordering.
- (ii) Die doeltreffendheid van kredietver-

lening word in oënskou geneem.

- (iii) 'n Aanduiding van invorderingsprobleme kan verkry word.
- (iv) Dit kan verder dui op kliënte wat finansiële probleme ondervind.
- (v) Daarmee saam kan dit dui op oninvorderbare rekenings.
- (vi) Die korrektheid van die voorsiening vir twyfelagtige skulde kan beter beoordeel word.

2.4.7 Beperkings op die ontleding van debiteure.

Die voorgaande verhoudings se waarde word grootliks beperk, omdat die rekenpligtige tydperk nie noodwendig met die natuurlike besigheidsjaar ooreenstem nie. Vanuit 'n analitiese standpunt kan nie veel skade berokken word nie, mits dieselfde metodes konstant toegepas word. (Lee G.A., op.cit. p.442).

Daarbenewens moet die ouditeur, voordat hy sy finale afleidings maak, eers vasstel of een van die volgende moontlikhede toepaslik is;

- (i) Soms, veral waar die wins op die verkope as kompensasie dien vir die hoër koste van finansiering van debiteure, word krediet tog aan stadige betalers toegestaan.
- (ii) 'n Nuwe produk wat nog 'n mark moet verower, mag intussen op die toneel

verskyn het.

- (iii) Ten einde oortollige kapasiteit te benut, kan verkope gedoen word aan kliënte wat onder normale omstandighede nie oorweeg sou gewees het nie.
- (iv) Daar mag sterk mededingende neigings in die bedryf heers.
(Bernstein, op.cit. p.388).

Al die voorgaande beperkings kan as van minder ernstige aard beskou word, mits die ouditeur met die nodige omsigtigheid en deeglikheid te werk gaan.

2.4.8 Aanbevelings.

Wat die ontleding van die ander bedryfsbates betref, is dit noodsaaklik om by debiteure stil te staan. Aangesien dit by groter ondernemings prakties onmoontlik sou wees om die algemene kredietbeleid te beoordeel na die ondersoek van 'n aantal debiteure-rekeninge, is dit noodsaaklik dat globale berekeninge daarmee gekombineer word. Die globale berekening is dan :

2.4.8.1 Gemiddelde debiteure-invorderingstermyn.

As 'n primêre verhouding is invorderingstermyn baie belangrik vir die ouditeur. Buiten die afleidings wat reeds genoem is, is berekenings van hierdie aard ook uiters wenslik by rekenaarboekhouding. Hoe groter die ondernemings raak, hoe minder drukstate van individuele

transaksies sal beskikbaar wees. Die ouditeur sal slegs dit kry wat deur hom aangevra is en die res moet dan aan die hand van ander tegnieke beoordeel word, bv. verhoudings.

2.4.8.2 Debiteure-omsetverhouding.

Hierdie verhouding kom redelik ooreen met die vorige een en daarom word aanbeveel dat slegs een van die twee bereken word. Aangesien voorkeur aan die invorderingstermyn verleen behoort te word, kan hierdie as sekondêr aanvullend geklassifiseer word.

2.4.8.3 Ouderdomsontleding.

Ter aanvulling van die vorige is dit wenslik om nou vir 'n wyle van verhoudings af te wyk. Nogtans maak die ouderdomsontleding van debiteure beslis 'n integrale deel van die ontleding en interpretasie van finansiële state uit. As sodanig moet dit beskou word as 'n primêre verhouding wat direk verband hou met die hele kredietverleningsproses.

2.4.8.4 Onderzoek van individuele rekeninge.

Alhoewel daar reeds gesê is dat dit prakties onmoontlik skyn te wees om debiteure bloot aan die hand van 'n ondersoek van die individuele rekeninge te beoordeel, is dit tog noodsaaklik om gereeld 'n aantal, op 'n algeheel willekeurige basis, vry van vooroordeel en bestuursinvloed gekies, te ondersoek. Indien dié wat

sodanig ondersoek is boonop by wyse van 'n positiewe sirkulasie aan die betrokke debiteure vir bevestiging gestuur word, kan 'n redelik noukeurige afleiding uit hierdie ondersoek van debiteure volg. Die tegniek word dan as van primêre belang beskou.

2.4.8.5 Samevatting.

Dit is duidelik dat die voorgaande 'n noodsaaklike eenheid vorm en dat die drie aspekte beslissig saam gedoen moet word.

2.5 Krediteur betalingstermyn.

Toepassingsgewys kom hierdie verhouding ooreen met die debiteure-invorderingstermyn. Dit word bereken deur eers die gemiddelde daaglikse krediet aankope te bepaal deur die totale krediet aankope met 365 en die resultaat dan in die gemiddelde handelskrediteure syfer te deel. Indien moontlik moet die aankope en krediteure op die skuiwende basis, soos by debiteure - invorderingstermyn beskryf, bereken word.

2.5.1 Afleidings.

Hierdie verhouding gee 'n aanduiding van die tyd wat geneem word om handelskrediteure te betaal. Vir die ouditeur is dit belangrik, omdat dit laat blyk of krediteure, na wie se belange die ouditeur ook moet omsien, betyds betaal sal word.

In sommige gevalle, veral waar oormatige gebruik van krediet voorkom, sal die verhouding 'n aanduiding gee of oorbedryf plaasvind; m.a.w. die volume handel, gestel teenoor eie fondse, is te groot.

Gloobaal gesien, is dit 'n deel van die tegnieke wat gebruik word om die bedryfskapitaal, m.a.w. die korttermynfinansiering, te beoordeel. Na aanleiding van die betoog, dat die ouditeur meer toekomsgerig moet wees, voel ons dat hierdie aspek deeglike oorweging vereis.

2.5.2 Beperkings.

Solank die wisselende kredietfasiliteite van verskillende verskaffers in gedagte gehou word, bestaan daar nie wesentlike beperkinge op hierdie verhouding nie. Nogtans mag dit soms beter wees om 'n ouderdomsontleding van gemiddelde krediteure te doen eerder as om hierdie verhouding te bereken. Waar die bykomende tyd wat daarmee gepaard gaan dit regverdig, is dit beslis 'n meer insiggewende metode.

2.5.3 Aanbevelings.

Gesien in die lig van die waarskynlike toename in die gebruik van begrotings, skattings en finansiële beplanning in die toekoms, sal die ouditeure ook hierdie verhouding moet bereken. Teenswoordig kan dit as noodsaaklike agtergrond en 'n belangrike skakel in die likiditeits-

ketting beskou word. Samevattend kom dit daarop neer dat hierdie verhouding tans as sekondêr noodsaaklik beskou kan word, maar dat dit in die toekoms van primêre belang sal wees.

2.6 Voorraadomsetsnelheid.

Die verhouding waarin die kosprys van netto verkope tot die gemiddelde voorraad staan, word bereken om die omsetsnelheid van voorraad te bepaal. Voor bespreking van hierdie verhouding sal die begrippe kosprys van netto verkope en gemiddelde voorraad eers omlyn word.

2.6.1 Kosprys van netto verkope.

Die kosprys van goedere verkoop, word gebruik om 'n konsekwente waarderingsbasis te verseker. Normaalweg sluit verkope 'n gedeelte wins in, terwyl voorrade teen die laagste van kosprys, markwaarde of vervangingswaarde waardeer word. Gedurende inflasionistiese tydperke soos dié wat tans beleef word, is dit normaal om voorraad teen kosprys te waardeer en dit kan slegs doeltreffend met die kosprys van verkope vergelyk word.

2.6.2 Gemiddelde voorraad.

Hier beteken voorraad die gemiddelde belegging in tasbare eiendom wat oor die finansiële tydperk, gehou word vir verkoop in die gewone loop van sake; of wat in die produksieproses is om later verkoop te word; of wat in die produksie-

proses, tydens produksie van goedere of lewering van dienste wat vir verkope beskikbaar sal wees, opgebruik sal word. (Walker Ernst W., op.cit. p.35).

Aangesien voorrade so 'n prominente rol in die handel vervul, stel die Maatskappywet 1973 (op.cit., Bylae 4, para. 25) volledige voorwaardes waaraan voldoen moet word. Onder andere moet vermeld word of die vasstelling van die waarde van voorrade ooreenkom met die wyse waarvolgens dit die vorige jaar gedoen is. Hier vereis die Maatskappywet 1973 (op.cit.) 'n vergelyking sowel as ontleding van voorrade.

2.6.3 Voorraadomsetsnelheid-verhouding.

Hierdie verhouding word as 'n syfer uitgedruk en om effektief te wees moet die kosprys van netto verkope en die gemiddelde voorraad oor die hele rekenpligtige tydperk geneem word. Baie ondernemings hou óf nie deurlopende voorraadrekords nie, óf die voorraadrekords word slegs in eenhede en nie in geldwaarde gehou nie. In so 'n geval kan ten minste die gemiddeld tussen begin- en eindvoorraad geneem word. (Langhout, J., Analysis and Interpretation of Accounts, Cape Town, The South African Universities Press, 1968, Fourth Edition, p.43).

Aangesien ons hier met twee veranderlikes te doen het, is dit moontlik dat albei in dieselfde rigting en in dieselfde mate verander. Daarom,

in teenstelling met Foulke (op.cit. p.326) se siening, is dit nie 'n betroubare maatstaf om die grootte van voorrade finaal te beoordeel nie.

Hierdie verhouding is uiteraard 'n redelik on-
verfynde maatstaf en dit het tot gevolg dat die
voorraadbeheer noukeuriger ondersoek moet word.
In dié verband kan die totale voorraad in die
vernaamste kategorieë verdeel en die omsetsnel-
heid van elke besondere kategorie bereken word.
Hieruit kan beter gevolgtrekkings gemaak word.
(Van Horne, op.cit., p.35).

Gouws (op.cit. p.40) bepaal sy aandag by 'n baie
belangrike aspek wanneer hy aantoon dat 'n hoë
omsetsnelheid van voorraad nie altyd 'n dien-
ooreenkomstige hoë netto wins tot gevolg het
nie. Winste mag ingeboet word ten koste van
hoër verkoopsvolume. Vanuit 'n teoretiese oog-
punt beskou, is dit gesonde advies om voorraad
so laag moontlik te hou. Daar moet egter gewaak
word teen die gevaar dat normale handel as ge-
volg van te lae voorraadvlakke gestrem word.
Daarom sal die besondere onderneming se omstan-
dighede in ag geneem moet word ten einde 'n
redelike omsetsnelheid vir voorraad te bepaal.

2.6.4 Afleidings.

By die berekening van die bedryfsverhouding word
die verskillende komponente van die item be-
dryfsbates beskou as die laaste vesting van

fondse wat aangewend kan word om bedryfslaste mee af te los. In die verband gee die voorraad-omsetsnelheid-verhouding 'n aanduiding van beide die likwiditeit en kwaliteit van voorraad, 'n onderdeel van bedryfsbates.

Die verhouding dui natuurlik aan hoeveel keer die voorraad gedurende die periode verhandel is. Elke tipe onderneming en inderwaarheid elke afsonderlike tipe handelsartikel, het sy eie omsetsnelheid van voorraad en vergelyking sal feitlik nutteloos wees. Nogtans kan dit uiters insiggewend wees om die neiging van die omsetsnelheid oor 'n aantal jare te bestudeer. 'n Konstante hoë verhouding mag 'n aanduiding van goeie bestuursvernuf wees omdat voorrade vinnig omgesit word. Wat egter van belang is, is die gevalle waar voorrade baie van jaar tot jaar wissel. Waar die neigings nie 'n konstante patroon volg nie, is dit 'n aanduiding vir die ouditeur dat meer aandag aan voorraad en verkope bestee moet word.

Soos gemeld, kan hierdie ontleding nog verder gevoer word deur die voorrade en verkope op departementele basis te ontleed. Die omsetsnelhede daaruit verkry, kan vergelyk word met die aankoopsprosedures en die frekwensie waarmee bestellings geplaas word. Daardeur kan die ouditeur 'n idee kry van die tipe voorraad wat ter sprake is, die lengte van die bedryfsiklus asook in watter mate dit moontlik bederfbaar is.

(Cilliers, op.cit. p.24). So 'n departementele ontleding behoort vir die ouditeur baie insigwend te wees, want 'n idee van al die komponente se hydrae tot die totale omsetsnelheid word verkry.

Ten slotte is Irish (op.cit., p.441) van mening dat die verhouding 'n aanduiding van die doeltreffendheid van voorraadbeheer is, waarby sowel die aankoops- as verkoopsfunksie betrokke behoort te wees. 'n Uitermatig lae voorraadomsetsnelheid mag op swak aankoopsprosedures, oormatige belegging in voorraad, versameling van onverkoopbare of moeilik verkoopbare voorrade, of swak bemerkings dui. Lae voorraadomsetsnelhede veroorsaak verliese omdat vir opberging, hantering, verliese as gevolg van veroudering, verlies van rente en wins op die fondse uitgelê of versekering, voorsiening gemaak moet word.

2.6.5 Beperkings op die voorraadomsetsnelheid.

Die belangrikste beperking op hierdie verhouding is die feit dat dié verhouding nie as 'n alleenstaande beslissingsmaatstaf gebruik kan word nie. Waar dit te hoog styg, kan dit gebeur dat daar nie altyd voorraad beskikbaar is om bestellings mee uit te voer nie. Agterstallige bestellings is uiters swak besigheidsbeleid en kan tot 'n aansienlike verlies aan klandisie lei.

Daarbenewens is die voorraadomsetsnelheid 'n

gemiddelde syfer vir wyd variërende komponente wat die totale voorraadsyfer opmaak. Die omset-snelheid van elke individuele komponent kan aansienlik fluktueer. (Bernstein, op.cit. p.393).

Guthman, H.G. (The Analysis of Financial Statements, New York, Prentice Hall Inc., 1949, Third Edition, p.106 en 107) noem ook die volgende beperkings :

- .5.1 Wanneer teenwoordig, sal die seisoens-invloed 'n groot rol speel. So behoort die omset hoog te wees indien die balans-staat opgestel word gedurende stil tyd-perke met lae voorraad.
- .5.2 Verskaffingstoestande mag soms vereis dat vooruit aangekoop en opgepot word.
- .5.3 Die neiging van pryse kan belangrik wees. By verwagte prysstygings is die kans goed dat voorrade ook sal styg.
- .5.4 Die neiging van die besigheidsvolume gekoppel aan toekomsverwagtings behoort die verhouding direk te beïnvloed.
- .5.5 Die funksies van verskillende besighede in dieselfde veld mag aansienlik verskil.

Al die bogenoemde beperkings kan egter oorbrug word deur 'n noukeurige analise met 'n oop en ontvanklike gemoed te doen.

2.6.6 Aanbevelings.

Dit spreek vanself dat hierdie 'n belangrike

saak vir die ouditeur is. In gevalle waar al die likiditeitsverhoudings aanvaarbaar is, maar daar tog 'n bedryfskapitaalkort voorkom, moet ernstig getwyfel word aan die akkuraatheid van die voorraadsyfer. Daarbenewens is reeds genoem dat die hedendaagse ouditeur weens sowel tyd- as personeelprobleme nie in staat is om alle voorraadopnames volledig by te woon nie. Gevolglik moet van addisionele metodes gebruik gemaak word ten einde die nodige vertroue in die syfer te verkry. Sulke metodes sal die ontleding en interpretasie van finansiële state insluit en kan dié verhouding beslis as audit-hulpmiddel aangewend word. Daarom word dit as primêr belangrik geklassifiseer.

3. Laste/Verpligtingsverhoudings.

3.1 Algemeen.

Die volgende aspek wat aandag verdien, is die langtermynlikwiditeit, m.a.w. die vermoë van 'n onderneming om sy langtermynverpligtinge na te kom. Dit word gedoen deur die werklike langtermynfondse volledig te ontleed en met eienaarsbelang te kontrasteer. Eienaarsfondse het die opvallende kenmerk dat daar normaalweg geen gewaarborgde of verpligte opbrengs op betaal moet word nie en dat daar geen definitiewe terugbetalingsvereistes aan gekoppel is nie. Dit vorm daarom die permanente fondse waarop verpligte dividende nie betaalbaar is nie. Gevolglik moet die permanente beleggings en mees

riskante bedrywighede daaruit gefinansier word. Die verlies van sodanige fondse sal nie noodwendig die onderneming se vermoë om vaste eise te kan betaal, beïnvloed nie. Daarenteen moet geleende fondse terugbetaal word, boonop teen 'n rentekoers wat as rendement moet dien vir die gebruik van en risiko verbonde aan die lening. In sekere gevalle kan dit gebeur dat geleende fondse saam met eienaarsfondse verloor word. Om die krediteure daarteen te beskerm, vereis kredietverskaffers die grootste moontlike buffer aan eie fondse. Dit is logies, want hoe groter die eienaar se hydrae in verhouding tot die totale belegging is, hoe kleiner is die krediteur se teoretiese risiko om verliese te ly. (Gevalle mag wel voorkom waar die eienaar geen eie fondse besit nie en die besigheidsproposisie tog 'n uiters veilige belegging vir krediteure inhou.)

Vanweë sy verpligting teenoor beide die aandeelhouer, krediteur en potensiële belegger is dit noodsaaklik dat die ouditeur die risiko verbonde aan sodanige langtermynverpligtinge ondersoek en evalueer.

Aangesien die fondse deur krediteure belê gekontrasteer word met dié deur aandeelhouders belê, toon dit hoe die kapitaalstruktuur gerat is. Wanneer geld goedkoper geleen kan word as wat daarmee verdien kan word, word van die hefboomfaktor gepraat. As daar glad nie van langter-

mynlenings gebruik gemaak word nie, bestaan daar geen hefboomfaktor nie. Sorg moet egter altyd gedra word dat die hefboomvoordeel realisties en die moeite werd is.

Cilliers (op.cit. p.16) praat in die verband van die solvabiliteit van die onderneming, wat beskou kan word as die mate waarin totale bates die laste van 'n onderneming oorskry. Dit is dan tegelykertyd 'n aanduiding van die eienaarsbelang.

Al hoe meer aandag word nou in die V.S.A. aan hierdie aspek verleen. Langenderfer en Robertson (Theoretical Structure for Independent Audits of Management, The Accounting Review, Oktober 1969, p.777) het weer die aspek van bestuursoudit aangeroe. Dit is reeds gestel dat dit die onderwerp van 'n afsonderlike studie behoort te wees. Kennis moet egter geneem word van die feit dat die ouditeure in daardie rigting begin dink. O.a. het Langenderfer en Robertson sekere aanduidings van bestuursvermoë voorgestel waarin hulle spesifiek melding gemaak het van die finansiële toestand van die onderneming. Dit bring 'n mens terug by die verpligtingsverhoudings.

3.1.1 Rede vir gebruik van geleende fondse.

Die primêre rede vir die gebruik van geleende fondse deur 'n onderneming is dat dit, vanuit die oogpunt van die eienaars, 'n goedkoper bron

van fondse as eie fondse is. Die rede daarvoor is dat 'n hoër opbrengs daarmee verdien kan word as die rente wat vir die gebruik daarvan verskuldig is. Hierdie hoër opbrengs verhoog daarom die opbrengs op eie fondse. Daarbenewens is rente op geleende fondse ook 'n aftrek-bare item by die berekening van belasbare inkomste, in teenstelling met dividende op eie fondse wat nie sodanige onderskeiding geniet nie. Dink net aan 'n geval waar geld geleen kan word teen 'n nominale rentekoers van 10% per jaar. Gestel gerieflikheidshalwe dat belasting teen 40 sent in die Rand betaal word. Dit sal die effektiewe rente betaal te staan bring op $10\% - 4\% = 6\%$. Indien die dividend betaal in hierdie geval op 10% na belasting geneem word, beteken dit dat 16,66% voor belasting verdien moet word om die dividend te kan betaal. Daarenteen moet net meer as 10% op die geleende fondse verdien word om die 10% te kan betaal.

3.1.2 Bepaling van die hefboomfaktor.

Die invloed van die hefboomfaktor op die bedryfsresultate is positief wanneer die opbrengs op eienaarsfondse meer is as die opbrengs op totale fondse aangewend. Die verskil tussen die twee syfers is te wyte aan die opbrengs op geleende fondse. Solank hierdie hefboomfaktor 1 of meer is, is die gebruik van geleende fondse voordelig.

3.1.3 Die hefboomfaktor en langtermynsolventheid.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat geleende fondse voordelig aangewend kan word, mits die opbrengs daaraan verbonde hoër as die koste is. Die eksterne ouditeur moet egter nog 'n faktor in gedagte hou en dit is dat daar altyd genoeg fondse beskikbaar moet wees om die verpligtinge verbonde aan langtermynlenings te kan nakom. Dit kan in 'n mate met behulp van die volgende verhoudings gedoen word :

3.2 Totale laste tot eienaarsfondse.

3.2.1 Die verhouding.

Hierdie verhouding kontrasteer fondse deur buiteinstansies verskaf met dié deur die eienaars in die onderneming belê m.a.w. die totaal van gewone plus voorkeuraandeel.

Die presiese verhouding wat hier moet geld, is moeilik bepaalbaar. Dit sal grootliks van die besondere aard van elke onderneming, en die bedryfstak waarin hy werksaam is, afhang. Die algemene gevoel is egter dat die aandeelhouders genoeg kapitaal moet voorsien ten einde die vaste bates, ontasbare bates, beleggings in ander maatskappye en 'n redelike gedeelte van die bedryfskapitaal te dek. Ten einde 'n bevredigende posisie te hê, moet die verhouding kleiner as 1 wees. 'n Abnormale of selfs aanhoudende styging in die verhouding moet as 'n waarskuwing beskou word: soms mag dit op 'n

swakheid dui in die sin dat te veel op buite-fondse staat gemaak word. (Brown, J.L. en Howard, L.R., Principles and Practice of Management Accountancy, London, MacDonald and Evans Limited, 1969, Second Edition, p.462).

In dié verband is dit belangrik om 'n skrywer soos Fitzgerald (op.cit. p.80) se siening te oorweeg. Daarvolgens kan 'n aanvaarbare balans tussen eienaarsfondse en laste nie deur verwysing na standarde wat arbitrêr bepaal is op alle tipes sakeondernemings toegepas word nie. Die onderlinge verhoudings tussen die twee bronne van fondse sal afhang van oorwegings soos die aard van die besigheid, die relatiewe verhoudings van die verskillende tipes bates waarin fondse belê is, die snelheid waarmee bates in die normale loop van besigheid in kontant omgesit word en die moontlikheid dat sekere vaste bates as sekuriteit vir langtermynlenings kan dien. Standarde waarvolgens die doeltreffendheid van die eienaarskapverhouding beoordeel kan word, kan daarom slegs na inagneming van al die voorgaande en moontlik soortgelyke faktore geskied.

3.2.2 Totale laste.

Dit bestaan uit fondse deur ander instansies dan aandeelhouers verskaf en sluit beide langtermynverpligtinge en bedryfslaste (soos reeds bespreek by likwiditeit) in.

Langtermynlaste is dan laste wat eers oor 'n langer termyn as een jaar, na die rekenpligtige datum, verval. Waar die ouditeur finansiële jaarstate as 'n oudithulpmiddel ontleed, is dit baie belangrik dat hy die volgende bepaal :

Eerstens moet vasgestel word watter bates van die maatskappy as sekuriteit vir langtermynlaste dien. So 'n verpanding van sekere vaste bates as sekuriteit vir langtermynlaste het tot gevolg dat in die geval van finansiële probleme, sekere krediteure voorkeureise op die bates van die Maatskappy verkry.

Tweedens moet vervaldatums of aflossingsdatums van sulke laste bepaal word ten einde te kan vasstel of die nodige fondse op die vereiste datums (vir aflossing) beskikbaar sal wees. (Foulke op.cit. p.258).

In die praktyk behels die term langtermynlaste die volgende :

- Vaste of langtermynlenings.
- Verbandlenings.
- Versekerde of onversekerde lenings.
- Skuldbriewe.
- Obligasies.
- Langtermynverpligtinge.

Ter opsomming kan laste beskou word as verpligtinge om of geld te betaal, of dienste in die toekoms te lewer, of om spesifieke bates oor te dra. Daarom kan dit beskou word as eise teen

die huidige sowel as toekomstige bates en vermoëns van 'n onderneming. Normaalweg het sulke eise voorkeur bo die van die eienaars.

3.2.3 Eienaarsbelang.

Eienaarsbelang daarenteen kan omskryf word as die fondse wat die aandeelhouders in die onderneming belê het tesame met al die onverdeelde winste en reserwes wat die aandeelhouders toekom.

Die waarde van die eienaar se belegging in 'n onderneming word verteenwoordig deur die verskil tussen bates en laste, ook genoem die netto bates. Waar 'n onderneming 'n wins behaal, sal hierdie belang vergroot en waar dit 'n verlies ly, sal hierdie belang verminder. (Langhout, J., op.cit. p.12).

Gevolglik verteenwoordig eienaarsbelang die huidige waarde van fondse wat in die verlede deur die eienaars in die onderneming belê is. Hierdie item bestaan normaalweg uit

Aandele en Aandelekapitaal.

Aandelepremies.

Onverdeelbare Reserwes

Kapitaalaflossingsreserwefonds.

Obligasie aflossingsreserwefonds.

Wins op verkoop van 'n deel van die vaste bates.

Algemene Kapitaalreserwe.

Reserwe met herwaardasie van vaste bates.

Reserwe vir die vervanging van vaste bates wat nie op die huidige deur die direkteure as beskikbaar vir verdeling beskou word nie, hoewel dit wettiglik uitgekeer mag word.

(Nel, G.A., Modern Financial Accounting, The White-friars Press Ltd., London and Tonbridge, 1973 p.264 - 272).

Hierby kom die volgende wat Nel nie noem nie.

Verdeelbare Reserwes.

Algemene Reserwes.

Onverdeelde Winste.

3.2.4 Afleidings.

Die belangrikste bate van hierdie verhouding is dat dit aantoon in watter verhouding laste tot eienaarsfondse staan. Dit toon dan indirek aan watter aanspraak krediteure op die bates van die onderneming het.

Deur die hele groep lasteverhoudings saam te beskou, kan die doeltreffendheid van die gebruik van buitfondse bepaal word. Daarmee saam kan 'n idee verkry word aangaande die kredietwaardigheid en finansiële risiko verbonde aan die onderneming.

Waar die verhouding uiters hoog styg, mag dit

'n aanduiding wees dat daar oorbedryf plaasvind wat die voortbestaan moontlik mag bedreig. Swak bestuur en bedrog of diefstal kan ook wel die oorsaak van so 'n styging wees.

In teenstelling daarmee, dui 'n te lae verhouding heel waarskynlik op die onderbenutting van finansieringsbronne en gevolglik 'n te lae rentabiliteit.

3.2.5 Beperkings.

Die vernaamste beperking op die tipe verhouding is dat dit nie onderskei tussen gesekureerde en ander verpligtings nie. Ook die kwaliteit van die bates kom nie ter sprake nie. So mag dit gebeur dat die werklike eienaarsfondse aansienlik van die boeksyfers mag verskil. Dit is egter 'n saak vir die inisiatief van die ouditeur.

3.2.6 Aanbevelings.

Die eerste stap tydens die ontleding van die finansiële toestand van 'n onderneming is om vas te stel watter gedeelte van die fondse deur eienaars en gevolglik watter gedeelte deur krediteure verskaf is. Deur die verhouding "Totale Laste tot Eienaarsfondse" te bereken word dit in bruikbare vorm verkry en kan die ouditeur aflei aan wie hy verantwoording verskuldig is. Daarbenewens kom die direkteursverslag hier ter sprake. Die ouditeur moet in die verband ver-

seker dat alle laste wel betyds afgelos kan word en ook vasstel of geleende fondse doeltreffend aangewend word. Om dit behoorlik te motiveer, is dit noodsaaklik dat die ouditeur hierdie verhouding as oudithulpmiddel gebruik - m.a.w. dit is van primêre belang.

3.3 Totale laste tot netto tasbare bates.

3.3.1 Die verhouding.

In gevalle waar die ontasbare bates wesentlik is, mag dit nuttig wees om die ontasbare bates van netto bates (ook eienaarsbelang genoem) af te trek en dit dan in die totale laste te deel.

3.3.2 Afleidings.

Die afleidings sal ooreenstem met die van die vorige verhouding behalwe dat die invloed van ontasbare bates soos klandisiewaarde, handelsmerke en patente uitgeskakel word.

3.3.3 Beperkings.

Waar ontasbare bates soos klandisiewaarde, handelsmerke en patente bestaan, is dit noodsaaklik dat hulle onafhanklik van die res van die bates bestudeer en beoordeel word, aangesien daar baie faktore mag bestaan wat slegs op hulle van toepassing is.

3.3.4 Aanbevelings.

Dit word aanbeveel dat hierdie verhouding as

sekondêr noodsaaklik geklassifiseer word. Die huidige wêreld ekonomie, alhoewel dit aan inflasie onderworpe is, neig steeds na uitbreiding, ontwikkeling en groei. In so 'n toestand kan daar nooit met 'n redelike mate van sekerheid bepaal word hoe lank ontasbare bates nog waarde sal hê nie. Daarom is hierdie verhouding in sulke gevalle belangrik.

3.4 Langtermynverpligtinge tot totale fondse aangewend.

3.4.1 Die verhouding.

Die verhouding van langtermynverpligtinge tot totale fondse aangewend, word gewoonlik as 'n persentasie uitgedruk. Dit dui dan aan watter belang langtermynkredietverskaffers in die onderneming het. Hoe hoër hierdie verhouding styg, hoe groter is die langtermynkrediteuse belang in die onderneming en hoe swaarder word die rentelas op die onderneming.

Saam met hierdie verhouding is dit moontlik om ook eienaarsbelang en/of bedryfslaste as 'n verhouding van totale fondse aangewend, uit te druk. Vir die ouditeur hou die langtermynverpligtinge die grootste voordeel in omdat dit 'n aanduiding van die finansieringstruktuur sowel as renteverpligtinge verskaf.

3.4.2 Totale fondse aangewend.

In hierdie geval verteenwoordig bogenoemde bloot

die totaal van die verskillende finansierings-
vorme gebruik. Met ander woorde ons bedoel
daarmee die totaal van eienaarsbelang plus
langtermynverpligtinge plus bedryfslaste.

3.4.3 Afleidings.

Hierdie verhouding gee 'n aanduiding van die
relatiewe belang van langtermynverpligtinge in
die kapitaalstruktuur. Vir die ouditeur is dit
belangrik by die oorweging of toekomstige ver-
pligtinge wel betyds nagekom sal kan word.

Dit gee ook 'n aanduiding van die hefboomfaktor
deur aan te dui watter deel van die besigheids-
aktiwiteite aan langtermynlenings te danke is.

3.4.4 Beperkings.

By die ontleding en interpretasie van die ver-
houding moet in ag geneem word dat sekere lang-
termynlaste deur sekere bates verseker is, met
die gevolg dat, indien daar 'n likwidasië plaas-
vind, alle krediteure nie in gelyke verhouding
in die oorskot sal deel nie.

3.4.5 Aanbevelings.

Ten einde die finansiële toestand verder te ont-
leed, is dit belangrik om te bepaal in watter
verhouding die langtermynverpligtinge tot totale
fondse aangewend, staan. Die ouditeur het te
doen met die direkteursverslag en moet steeds op
sy hoede wees om 'n moontlike likwidasië betyds

raak te sien. Onthou in die verband dat likwidasie nie altyd met insolvensie gepaard gaan nie. Soms is dit te wyte aan 'n tekort aan likiede fondse en as hierdie verhouding te hoog styg, kan dit baie maklik tot 'n tekort aan likiede fondse lei. As sulks is ook hierdie verhouding vir die ouditeur nuttig in die audit-proses wanneer die posisie nie met die eerste oogopslag duidelik uit die balansstaat spreek nie. Normaalweg behoort hierdie verhouding as sekondêr aanvullend beskou te word.

3.5 Langtermynverpligtinge tot netto bedryfskapitaal.

3.5.1 Die verhouding.

Hierdie verhouding kontrasteer langtermynlaste met netto bedryfskapitaal waar netto bedryfskapitaal die verskil tussen bedryfsbates en bedryfslaste is.

Veral vir die handelskrediteur is dit belangrik om te weet watter bedryfsbates as sekuriteit vir langtermynlaste gestel is, aangesien hulle na bedryfsbates moet kyk vir betaling (Foulke, op. cit. p.258). Verder moet die langtermynkrediteur hierdie verhouding ernstig oorweeg, omdat dit 'n aanduiding verskaf of die renteverpligtinge, in tye van nood, moontlik uit die netto bedryfskapitaal betaal sal kan word.

Foulke (op.cit. p.264) voel dat hierdie verhouding nie hoër as 1- of persentasiegewys 100%

behoort te wees nie.

3.5.2 Afleidings.

Hierdie verhouding, tesame met die vervaldatum en paalemente, stel die ouditeur in staat om te oordeel of langtermynlenings redelik is en of die toekomstige aflossing daarvan moontlik lyk, met inagneming van die neiging van bedryfskapitaalveranderinge.

Waar die verhouding te hoog styg, mag dit te wyte wees aan oorbelegging in vaste bates of selfs 'n tekort aan eienaarsfondse.

Indien die verhouding daarenteen te laag sou daal, m.a.w. nader aan 0, mag dit twyfel oor die doeltreffende benutting van fondse laat ontstaan. Dit is aanvaarbaar dat sekere ondernemings wel genoeg fondse besit om selfstandig en sonder buitfondse te bestaan. In so 'n geval moet die ouditeur egter in gedagte hou dat die aandeelhouer altyd regverdig handel moet word, aangesien daar baie min ondernemings bestaan waar die bruto rendement laer as heersende rentekoerse is.

3.5.3 Beperkings op die verhouding.

By enige verhouding waar langtermynverpligtinge gebruik word, moet bepaal word of daar nie dalk 'n voorwaarde aan die lening gekoppel is waarvolgens dit op 'n sekere stadium of na verloop van 'n sekere tyd in aandelekapitaal omskep mag

word nie. Hier moet die ouditeur sorg dat aan die vereistes van alle toepaslike wetgewing wel voldoen word.

3.5.4 Aanbevelings.

In dié geval is die verhouding belangrik om te bepaal of die langtermynverpligtings wel 'n redelike kans het om betyds afgelos te word. Indien nie, behoort die ouditeur die krediteure in die ouditeursverslag te waarsku dat die moontlikheid van betaling skraal is. Daarbenewens sal krediet al hoe moeiliker bekombaar wees na gelang hierdie verhouding aanhou styg. Hoe 'n mens ookal redeneer, bly dit belangrik vir die ouditeur en word dit as sekondêr aanvullend geklassifiseer.

3.6 Rente betaal tot langtermynlenings en inkomste verdien tot langtermynlenings.

3.6.1 Die verhoudings.

Die rente betaal of nog verskuldig (beide op die betrokke langtermynverpligtinge) vir die rekenpligtige tydperk word met langtermynlenings gekontrasteer. Daarna word die inkomste verdien uit die betrokke langtermynlenings ook met die langtermynleningsyfer gekontrasteer. Deur nou hierdie twee verhoudings met mekaar te kontrasteer, kan afgelei word of die hefboomfaktor doeltreffend toegepas word.

In hierdie geval moet die inkomstesyfer ná

belasting maar vóór renteverpligtinge gebruik word.

3.6.2 Afleidings.

Eerstens gee dit 'n aanduiding van die gemiddelde rentekoers wat op geleende langtermynfondse betaalbaar is.

Daarmee saam gee die tweede verhouding 'n aanduiding van die opbrengs wat met behulp van geleende fondse gerealiseer is.

Indien die twee verhoudings nou saam beskou word, kan die ouditeur 'n oordeel vel of die gebruik van geleende fondse geregverdig is en of die betrokke fondse doeltreffend gebruik word.

3.6.3 Beperkings op die verhouding.

Ten eerste is dit soms nie moontlik om die presiese inkomstesyster wat aan buitelenings te danke of te wyte is, te bepaal nie.

Die tweede faktor is ernstiger van aard. Hoewel hierdie twee verhoudings inkomste en koste kontrasteer, word geen aandag aan kapasiteit geskenk nie. Dit mag beslis gebeur dat dit voordeliger is om 'n laer opbrengs m.b.v. geleende fondse te realiseer, as wat die betaalbare rentesyster is. Veral waar daar ver benede normale kapasiteit gewerk word, kan sodanige omstandighede ontstaan. In so 'n geval egter,

behoort die inkomsteverhouding nooit laer te wees as die renteverhouding waar die rentesyfer minus die belastingbesparing a.g.v. die rente geneem word nie. Dan sal die onderneming in elk geval nog gelyk breek.

3.6.4 Aanbevelings.

Die laaste verhouding in die groep het te doen met die prys wat betaal word vir die gebruik van geleende fondse. Vir die ouditeur is dit ook 'n belangrike saak. Daar is reeds op gewys dat die persentasie laer behoort te wees as dit wat met die geleende fondse verdien word. Indien dit hoër sou wees, het die ouditeur 'n probleem om te bepaal of die aandeelhoudersfondse nie dalk op nalatige wyse vermors word nie. Die verhouding het gevolglik waarde vir die eksterne ouditeur, aangesien hy moet verseker dat die korrekte rentepersentasie wat op lenings betaalbaar is in die state geopenbaar word – m.a.w. dié verhouding word as sekondêr noodsaaklik geklassifiseer.

3.7 Samevatting.

Die analise van die verpligtinge, soos in die voorgaande bespreek, kom basies neer op die vasstelling van inherente risiko's in die kapitaalstruktuur van 'n onderneming. Hoe hoër die verpligtingsverhouding, hoe groter sal die rentelas en terugbetaling van kapitaal wees. Gedurende tydperke van dalende inkomstes of

ander teëspoed kan sodanige hoë verhoudings die moontlikheid van insolvensie aansienlik verhoog. Die verpligtinge moet in so 'n geval nagekom word en die krediteure kan nie altyd vir die fondse wag totdat omstandighede verbeter nie.

Sover dit spesifiek die ouciteur betref, dien hierdie verhoudings as 'n sorteringsmaatstaf. By 'n lae verhouding van skuld tot eienaarsfondse behoort daar nie baie probleme op dié gebied ondervind te word nie. Kosbare tyd kan dan aan ander probleemaspekte gewy word.

Waar die verhouding egter hoog is en buitefinansiering daarom 'n groot rol in die totale finansiering speel, sal verdere analise noodsaaklik wees. Sodanige analise moet dan aspekte soos finansiële toestande, bedryfsresultate en toekomsverwagtinge dek.

In hierdie geval sal dit besonder belangrik wees om besonderhede aangaande terugbetalings te verkry, soos bv. die tyd wanneer terugbetaalbaar, die bedrag, toepaslike rentekoerse asook ander faktore wat moontlik 'n invloed mag uitoefen. O.a. is die stabiliteit van die verdienvermoë van die onderneming belangrik.

(Bernstein, op.cit. p.441 en 442).

'n Belangrike beperking geld egter ook by die skuld tot eienaarskapverhoudings: Dit neem nie die beskikbaarheid van fondse in ag nie. Wanneer skulde terug betaal word, sal die verhou-

ding verbeter, hoewel die terugbetalingsverpligtinge steeds dieselfde mag bly.

4. Rentabiliteit.

4.1 Inleiding.

Teenswoordig bestaan daar verskillende standpunte oor wat die basiese doelstellings van 'n onderneming alles behels. Sommige persone beskou die diensleweringsfaktor as oorheersend, andere weer die voortbestaan, nog andere beskou die maksimum bydrae tot die samelewing se ekonomiese welvaart as oorheersend belangrik. Sekere groepe sien dit as die skep van werksgeleenthede. Hoe dit ookal sy, die feit bly staan dat 'n onderneming wins moet maak om diens te kan lewer en te kan voortbestaan. Daarom is sekere verhoudings ontwikkel wat die opbrengs kontrasteer met die bate of bates waaraan die betrokke opbrengs te danke is. Die resultate van sodanige ontledings kan dan met ander bestaande beleggingsmoontlikhede vergelyk word. In 'n mate word bestuursdoeltreffendheid hier beoordeel. Sorg moet altyd gedra word dat 'n redelike opbrengskoers, aangesuiwer vir heersende en verwagte rentekoerse en risiko's, gebruik word.

Daar sal veral aan twee aspekte aandag verleen word, nl. die verdienvermoë van die verskillende beleggings en tweedens die verhouding van verkope tot die verskillende bates en eienaars-

belang.

4.2 Verdienvermoë van beleggings.

Fondse word in verskillende tipes bates belê om in die bedryfsproses gebruik te word. Vir agtergrondkennis, en ook ter staving van verklarings in die direkteursverslag, is dit vir die ouditeur belangrik om ook aan hierdie aspek ooringing te skenk.

Indien 'n mens slegs na die betrokke syfers sou kyk, sou dit moeilik wees om tussen oorsaak en gevolg te onderskei. Deur sommige van, of al die volgende verhoudings te bereken en te ontleed, kan tot sinvolle gevolgtrekkings geraak word.

Dit is belangrik om op hierdie stadium daarop te let dat die opbrengs oor 'n tydperk altyd met die spesifieke beleggingsbasis wat op die betrokke tydstop in gebruik was, gekontrasteer word. Waar die beleggingsbasis met verloop van tyd weinig verander het, is daar geen probleem nie. Waar die basis egter wel verander het, word aanbeveel dat die gemiddeld vir die tydperk bereken word. Die begin- en eindsaldo moet altyd beskikbaar wees en waar meer gegewens nie beskikbaar is nie, of die berekening die addisionele noukeurigheid nie regverdig nie, kan die gemiddeld tussen hierdie twee syfers gebruik word.

4.2.1 Netto Wins, voor of na belasting, rente en dividende tot totale bates.

4.2.1.1 Die verhouding.

Hierdie verhouding gee 'n duidelike aanduiding van die onderneming se verdienvermoë ongeag die metode van finansiering in gebruik.

(Fitzgerald A.A., op.cit., p.96). Van die bestuur word verwag om 'n aanvaarbare opbrengs te lewer met behulp van die fondse tot hulle beskikking gestel. Totale bates verteenwoordig in dié geval totale fondse tot beskikking van die bestuur gestel.

By die berekening van die verhouding, kan die netto wins op verskillende stadia gebruik word, byvoorbeeld netto wins vóór belasting of netto wins vóór depresiasie. Basies is dit egter die finale netto wins, na aftrekking van alle items, wat jaar na jaar 'n aanduiding gee van hoe doeltreffend die geïnvesteerde fondse binne die onderneming gebruik is. Alle ander winssyfers is van sekondêre belang, hoe interessant ookal. (Foulke, op.cit. p.563).

Sover dit die ouditeur aangaan, maak dit nie veel verskil watter netto winssyfer gebruik word nie, solank die spesifieke syfer konstant gebruik word. Om egter 'n meer akkurate beeld van die onderneming se ekonomiese produktiwiteit te verkry, is dit aan te beveel dat rente en dividende betaal of nog verskuldig, terug-

getel word om 'n netto wins vir die onderneming op totale bates te gee. Waar totale fondse in gebruik as deler gebruik word, word aanbeveel dat netto wins, na die rentelas afgetrek is, gebruik word.

Dit is baie moeilik om standarde vir hierdie geval neer te lê. Nogtans vergemaklik dit vergelykings met soortgelyke ondernemings wat nie dieselfde finansiële struktuur het nie, asook met historiese gegewens van die onderneming toe daar dalk 'n ander finansiële struktuur in gebruik was. (Gouws, op.cit. p.56).

4.2.1.2 Afleidings.

As oudithulpmiddel dien hierdie verhouding slegs ter aanvulling van ander verhoudings. Nogtans het dit 'n definitiewe bruikbaarheid. Dit dui die rentabiliteit of verdienvermoë van 'n onderneming aan. Anders gestel, kan gesê word dat dit die vermoë van die bestuur om 'n opbrengs te verdien, evalueer.

Waar dit met die syfer van die vorige jaar vergelyk word, kan groot stygings of dalings die ouditeur se aandag trek. Meer intensiewe oudittoetse, toegepas op die spesifieke probleemgebiede, kan dan uitgevoer word om vas te stel of daar nie manipulasie van sekere syfers plaasgevind het of dalk te veel, geen of onvoldoende waardevermindering afgeskryf

is nie.

Ook in die geval van beoogde uitbreiding moet die ouditeur hierdie verhouding vir die addisionele bates en opbrengs bereken en met die bestaande verhouding vergelyk. Dit behoort die bestuur te verplig om 'n diepgaande studie oor die onderwerp te maak. Bernstein (op.cit. p.468) verwag dat wanneer die bestuur die raadsaamheid van nuwe beleggings beoordeel, hulle eerstens die verwagte opbrengs van sodanige beleggings moet bepaal. Deur dit met die koste van die belegging te kontrasteer, verkry hulle 'n grondslag waarop die beslissing gebaseer kan word.

4.2.1.3 Beperkings op die verhouding.

Die belangrikste beperking geld waar dié verhouding as uitbreidingsmaatstaf gebruik word. Weer eens word die kapasiteitsaspek nie in gedrang gebring nie.

4.2.1.4 Aanbevelings.

Die ouditeur se eerste stap tydens die ondersoek van die rentabiliteit behoort hierdie verhouding te behels. Daaruit kan dan afgelei word hoe doeltreffend die beskikbare fondse deur die bestuur aangewend is. Hierdie verhouding word ook gebruik om te bepaal of die geleende fondse wel ekonomies aangewend word en of dit geregverdig is om van die bestaande

hoeveelheid krediet gebruik te maak. In breë verband kan dit as van primêre belang beskou word.

4.2.2 Netto wins na belasting tot totale tasbare bates.

4.2.2.1 Die verhouding.

In hierdie geval word die netto wins na voorsiening vir belasting deur totale tasbare bates gedeel.

Hierdie is 'n meer verfynde verhouding as die vorige, omdat ontasbare bates van die totale batesyfer afgetrek word. Die uitsluiting van hierdie bates kan in baie gevalle aan swartgalligheid, t.o.v. hulle waarde as bydraers tot die verdienvermoë van die onderneming toegeskryf word. Onder algemeen aanvaarde rekeningkundige beginsels moet ontasbare bates teen kosprys getoon word. Waar die kosprys egter die toekomstige bruikbaarheid oorskry behoort die oortollige waarde afgeskryf te word. Daarom kan gestel word dat ontasbare bates, slegs in gevalle waar daar konkrete en aanvaarbare bewyse bestaan dat dit nie die onderneming se verdienvermoë verhoog nie, by die berekening uitgesluit behoort te word. (Bernstein, op.cit. p.469).

Wat die netto winsaspek betref, behoort belastinge beskou te word as 'n verpligting wat

die finale opbrengs verminder. Omdat ontasbare bates uitgeskakel is, is dit goeie beleid om ook by die wins die finale syfer te gebruik.

4.2.2.2 Afleidings.

Die nut stem baie ooreen met die van die voorafgaande verhouding. Meer spesifiek kan gestel word dat dit die netto opbrengs op werklik aangewende bates aantoon in gevalle waar ontasbare bates met laer reële waardes as boekwaardes bestaan.

4.2.2.3 Beperking op die verhouding.

Aangesien nóg die bates, nóg die uitgawes volkome teen huidige waardes getoon word, moet die analis versigtig wees met die interpretasie van gegewens. (Kennedy & McMullen, op.cit. p.395).

4.2.2.4 Aanbevelings.

'n Volgende verhouding wat gebruik kan word, is presies dieselfde as die vorige een, behalwe dat ontasbare bates van die totale batesyfer afgetrek word. Gevolglik is hierdie verhouding slegs bruikbaar indien daar 'n wesenlike bedrag aan ontasbare bates op die balansstaat verskyn wat niks tot die bedryfsproses bydra nie. In so 'n geval is die voorkoms van ontasbare bates op die state ongeregverdig en dien hierdie verhouding geen doel

nie. Vir die ouditeur is dit gevolglik net interessante agtergrond – m.a.w. sekondêr aanvullend.

4.2.3 Netto wins (na belasting) tot eienaarsbelang.

4.2.3.1 Die verhouding.

Tot dusver is die opbrengs gekontrasteer met totale fondse aangewend of met totale bates. Die opbrengskoers daarvan behoort egter te verskil van die opbrengskoers op eienaarsbelang, omdat daar heel waarskynlik van geleende fondse gebruik gemaak is. Die geleende fondse word by wyse van vaste persentasies van die nominale bedrae van die lenings vergoed. Die vaste persentasie behoort laer te wees as die persentasie wat die aandeelhouders toekom, omdat die risiko daaraan verbonde kleiner is a.g.v. die vaste rentekoerse.

Hier is dit ook nie moontlik om vaste standarde neer te lê nie. Die tipe besigheid en die risikofaktor sal dit te veel beïnvloed. 'n Mens kan egter sê dat die verhouding in gevalle waar reserwes laag is relatief hoër moet wees as wanneer die reserwes hoog is, sodat onvoldoende reserwes uit surplus winste verstewig kan word. (Irish op.cit. p.439). Die ouditeur moet in gedagte hou dat hierdie 'n beter toets van 'n onderneming se verdienvermoë is as die verdienste per aandeel.

4.2.3.2 Netto Wins.

Uit die voorgaande kan afgelei word dat die netto wins nadat alle uitgawes en belasting, maar nie voorkeurd dividende nie, afgetrek is, gebruik moet word. Dit is dan ook die syfer wat beskikbaar is vir verdeling by wyse van diwidente of wat in die besigheid teruggeploeg kan word. Hoe die winste bestee gaan word, berus by die Raad van Direkteure wat sal besluit of hulle die winste aan aandeelhouders, deur verklaring van 'n dividend, gaan uitkeer of om dit as addisionele fondse in die onderneming te behou.

4.2.3.3 Eienaarsbelang.

In terme van algemeen aanvaarde rekeningkundige beleid bestaan eienaarsbelang uit :

Gewone aandeelkapitaal.

Aandelepremie.

Nie-verdeelbare reserwes.

Verdeelbare reserwes.

Voorkeuraandeelkapitaal.

4.2.3.4 Afleidings.

Soos gestel is hierdie 'n beter toets van die verdienvermoë van 'n onderneming as die verdienste per aandeel. Dit kan maklik gebeur dat die opbrengs rooskleurig vertoon wanneer dit met die opbetaalde aandeelkapitaal gekontrasteer word. Wanneer reserwes en onver-

deelde winste egter ook in aanmerking geneem word, mag die prentjie wesenlik verander.

Die werklike nut van hierdie verhouding lê egter in die verband wat dit met die "netto wins voor rente en voorkeurd dividende tot totale bates in gebruik"-verhouding hou. Die sogenaamde Eienaarskaprente verhouding word verkry deur die "netto wins voor rente en voorkeurd dividende tot bates in gebruik"-verhouding te deel met die "netto wins na belasting en voorkeurd dividende tot eienaarsbelang"-verhouding. Hierdie verhouding word as 'n syfer uitgedruk en behoort groter as 1 te wees. Waar dit wel groter as 1 is word tot voordeel, en waar kleiner as 1 tot nadeel van die onderneming geleen. Hier is daarom 'n verdere maatstaf om die doeltreffendheid van die gebruik van geleende fondse te beoordeel. (Gouws op.cit. p.58).

4.2.3.5 Beperking op die verhouding.

Die vernaamste beperking in dié geval is die probleme wat ondervind word om die risiko, verbonde aan die betrokke onderneming, te bepaal.

4.2.3.6 Aanbevelings.

Hierdie verhouding kan baie beslis waardevol wees by ondernemings waar geleende fondse 'n wesenlike deel van die kapitaal vorm. In so

'n geval kan die ouditeur sekere standarde ontwikkel en, soos reeds vermeld, ook meer as een afwyking van hierdie verhouding bereken. So kan die netto wins sowel voor as na aftrekking van rente op geleende fondse met eienaarsbelang gekontrasteer word. Dit sal 'n duidelike aanduiding verskaf van die aandeel wat die krediteur sowel as die aandeelhouer in die winste het. In hierdie geval is die ouditeur verplig om na die belange van die aandeelhouer om te sien en waar verdere uitbreiding op 'n verlies vir die aandeelhouer sou neerkom, sou dit die ouditeur se plig wees om sodanige omstandighede te vermeld.

In die lig van die voorgaande is hierdie verhouding absoluut noodsaaklik, maar tog van sekondêre belang aangesien dit deel van die audit vorm. Waar daar egter ook voorkeuraandele bestaan, behoort die volgende verhouding voorkeur te kry.

4.2.4 Netto wins na belasting min voorkeurdividend tot eienaarsbelang min pariwaarde van voorkeuraandele.

4.2.4.1 Die verhouding.

Eienaarsbelang bestaan basies uit gewone- en voorkeuraandeelhoudersbelang. As vergoeding vir fondse tot beskikking van die onderneming gestel, word 'n vaste dividend aan die voorkeuraandeelhouders uitbetaal. Hierdie dividend

word bereken as 'n persentasie van die nominale waarde van die voorkeuraandele en moet eers uitbetaal word voordat winste aan die gewone aandeelhouders uitgekeer mag word.

Die persentasie opbrengs wat die gewone aandeelhouders toekom, behoort heelwat hoër te wees as dié van die voorkeuraandeelhouders, aangesien eg. aan 'n groter mate van risiko blootgestel is. Hier kry ons m.a.w. met die verklaring van dividende te doen. Gouws (op. cit. p.62 & 63) bespreek hierdie saak volledig en daarom sal ons nie verder hierop ingaan nie.

Wat wel van belang is, is dat die vorige verhouding slegs aangesuiwer word om hierdie een te kry. In hierdie geval word die voorkeurdividend van die netto wins na belasting afgetrek, terwyl die nominale waarde van voorkeuraandele van die eienaarsbelang afgetrek word.

4.2.4.2 Afleidings.

Die werklike opbrengs persentasie op die gewone aandeelhouer se belegging word bereken. Dit sal vir die ouditeur 'n belangrike hulpmiddel wees by die beoordeling of 'n behoorlike dividend aan die aandeelhouer uitgekeer is. Hierdie aspek is veral om drie redes belangrik :

Eerstens is dit realisties dat dividende by

die ekonomiese toestande moet aanpas. Wanneer die prysindeks (koste) styg, behoort die aandeelhouer ook hoër dividende te ontvang.

Die tweede rede hou verband met die ekonomiese struktuur van die onderneming. Genoeg winste moet in die onderneming teruggeploeg word om vir verhoogde koste en moontlike uitbreiding voorsiening te maak. Daarteenoor moet gewaak word dat fondse nie onproduktief in die onderneming rondlê nie.

Die derde rede voer ons terug na die likwiditeitsfaktor: Sorg moet gedra word dat daar genoeg fondse beskikbaar is om dividende te dek.

Dit is duidelik dat bogenoemde verhoudings baie belangrik vir die eksterne ouditeur is. Veral by die beoordeling van die gewone aandeelhouer se belegging moet die ouditeur dit bereken. Dit word gevoel dat gewone aandeelhouders daarvan in kennis gestel behoort te word, indien hierdie verhouding aanhoudend sou versleg.

Ter opsomming is dit belangrik dat die ouditeur bepaal wat die verhouding is, watter deel by wyse van dividend uitbetaal word en watter deel in die onderneming teruggeploeg is.

4.2.4.3 Beperking op die verhouding.

Dit is nie altyd moontlik om regverdige divi-

dende te verklaar nie. Indien die faktore wat die opbrengs op bates beïnvloed ondersoek word, sal normaalweg gevind word dat die uitbreidingsmoontlikhede, verbonde aan die betrokke bates beperk is. Daarom sal dit nodig wees om d.m.v. addisionele fondse uit te brei. Sulke fondse word verkry uit lenings of winste wat teruggeploeg is. Indien genoegsame lenings nie verkry kan word nie, bly net die terugploeging van winste oor en dan mag dit gebeur dat 'n kleiner dividend uitbetaal word.

4.2.4.4 Aanbevelings.

Aangesien voorkeuraandele betreklik min as finansieringsmiddel gebruik word, sal hierdie verhouding selde bereken word. Waar voorkeuraandele egter wel gebruik word, sal hierdie verhouding, weens die redes by die vorige een genoem, bereken word. 'n Baie belangrike ooreweging wat hier ter sprake kom, is die vraag of die ouditeure ook 'n oordeel oor die redelikheid van die dividende moet vel. Die meeste mense sê nee. M.i. is dit 'n kortsigtige beleid. Die ouditeur behoort steeds te verseker dat die maksimum ekonomiese dividend, wat die onderneming die minste sal benadeel, verklaar word. So sal verseker word dat slegs fondse wat produktief aangewend kan word in die onderneming behoue bly. Dit maak hierdie verhouding nog veel belangriker, ongeag die sekondêr aanvullende klassifikasie.

4.2.5 Verdienste per aandeel.

4.2.5.1 Die verhouding:- Verdienste per aandeel.

Soos reeds gesê, kom die netto wins na aftrekking van inkomstebelasting en voorkeurdividende, die gewone aandeelhouders toe. Om die verdienste in sent per aandeel te bepaal, word hierdie syfer gedeel deur die aantal gewone aandele wat uitgereik is.

Hoewel hierdie een van die populêrste verhoudings is, is dit nogtans 'n swak vergelykingsmaatstaf, omdat die netto eienaarsbelang elke jaar óf met die bedrag van die onaangewende winste behoort toe of met die bedrag van verliese af te neem hoewel die getal aandele onveranderd bly. Daarom moet hierdie verhouding met die grootste versigtigheid toegepas word.

Vergelyking met ander ondernemings is moeilik vanweë die verskillende omstandighede. In die verlede was dit moontlik dat die opbetaalde gedeelte van die aandele kon verskil, maar met die inwerkingtreding van die Maatskappywet 1973 (op.cit. art. 92) is hierdie probleem grotendeels uitgeskakel. Die nuwe bepalings is dat geen aandele deur 'n maatskappy toegewys of uitgereik mag word, tensy die volle uitreikingsprys of ander teenprestasie vir sodanige aandele betaal is aan, en ontvang is deur die maatskappy. Daar geld sekere uitsonderings op die reël, maar dit hou slegs

verband met die toewysing en nie met die uitreiking van die aandele nie.

Die volgende klein afwykings mag ook in hierdie verhouding voorkom.

4.2.5.2 Verdienste per aandeel in onderneming teruggeploeg.

Nadat die verdienste per aandeel in sent bereken is, word die dividend per aandeel in sent daarvan afgetrek om die verdienste per aandeel in die onderneming teruggeploeg, te kry. Dit is hierdie bedrag wat die netto batewaarde per aandeel in verhouding tot dié van die vorige tydperk laat styg.

4.2.5.3 Dividend per aandeel.

Die totale bedrag van gewone dividende, verklaar vir die tydperk, word deur die gewone aandeelhoudersbelang gedeel om die dividend per aandeel te kry.

Hier kan die totale bedrag aan dividende verklaar ook deur die netto wins gedeel word om 'n idee te kry van hoe die winste aangewend word.

4.2.5.4 Prysverdienste per aandeel.

"The price-earnings ratio is the ratio between the market price of a share and the distributable equity earnings per share" (Brown and

Howard, op.cit., p.358). Inflasionistiese neigings het veroorsaak dat beleggers meer in die groei-aspek belangstel, veral kapitale groei, uitbreiding en bonusse. Dit het gelei tot die prysverdiens-te-verhouding wat aandui hoe lank 'n belegger moet wag om sy uitleg te verhaal, mits die verdienste konstant bly.

Die aandeelprys in sent word daarom gedeel deur die verdienste in sent per aandeel. 'n Hoë verhouding dui op 'n hoë verdienstepotensiaal omdat beleggers bereid is om, met die oog op toekomstige winste, verskeie kere die lopende verdienste vir 'n aandeel te betaal. Teen huidige dividende sal hulle ook langer moet wag om hulle uitleg te verhaal.

Gouws (op.cit. p.139) merk tereg op dat daar altyd 'n hoogste en laagste markprys is. Alhoewel albei gebruik kan word om die verhouding te bereken, is dit m.i. beter om altyd met die gemiddelde markprys, oor die hele tydperk bereken, te werk.

4.2.5.5 Afleidings.

Tot dusver is 'n aantal verskillende afleidings van dieselfde verhouding aangetoon. Al die verhoudings het dié faktor in gemeen dat die waarde van die aandele bereken word, al is dit uit verskillende hoeke beskou.

Deur die noukeurige en konsekwente gebruik

van 'n spesifieke soort verhouding, kan die ouditeur 'n beeld kry van die vooruitgang al dan nie, van die onderneming.

Groot wisselings in die verhouding mag dalk bedrog en/of diefstal aandui.

Hierdie groep verhoudings word baie algemeen gebruik, maar die ouditeur behoort dit meer as agtergrondskennis te gebruik indien advies aan die onderneming gegee word.

4.2.5.6 Beperkinge op die verhoudings.

Die vernaamste beperkende faktor het te doen met die onaangewende winste en reserwes wat die aandeelhouders toekom. Aangesien slegs die betrokke jaar se netto wins by die berekening gebruik word, word opgehoopte reserwes geïgnoreer. In dié lig gesien, gee hierdie verhouding slegs 'n aanduiding van die verdienste per aandeel sonder om die totale fondse in gebruik in ag te neem.

4.2.5.7 Aanbevelings.

Vanuit die ouditeur se oogpunt het hierdie verhouding nie nut nie. Ten einde vergelykbaarheid te verkry, moet te veel faktore geëlimineer en te veel aansuiwerings gemaak word. Ook faktore soos belastingtoegewings gaan addisionele aansuiwerings verg. Daarom word gesê dat daar te veel faktore in ag geneem moet word om dit as oudithulpmiddel te

kan gebruik. Nogtans behoort die ouditeur dit te bereken omdat potensiële beleggers dit wêl gaan bereken. Daaruit kan vasgestel word of die potensiële belegger 'n redelike beeld gaan kry. Dit word daarom as sekondêr aanvullend beskou.

4.2.6 Inkomste uit buitebeleggings tot buitebeleggings.

4.2.6.1 Die verhouding.

Sover moontlik word die inkomste op fondse buite die onderneming belê, gekontrasteer met die bedrae so belê. Normaalweg sal 'n onderneming slegs fondse buite die onderneming belê indien daar surplus fondse binne die onderneming beskikbaar is, of indien daar beleggingsmoontlikhede buite die onderneming bestaan waar die belegging meer kan verdien as die koste van die fondse so belê.

Vir die eksterne ouditeur is hierdie verhouding uiters belangrik in die sin dat die aandeelhouers en krediteure se fondse so doeltreffend moontlik aangewend moet word.

4.2.6.2 Afleidings.

Hieruit verkry die ouditeur 'n aanduiding van die doeltreffendheid van die belegging van fondse buite die bedryf. M.a.w. 'n oordeel kan gevel word oor die werklike waarde van fondse buite die onderneming belê en deur dit

met die koste van fondse so belê, te kontrasteer kan beoordeel word of die belegging wenslik is of nie.

Hierdie verhouding hou gevolglik verband met bestuursdoeltreffendheid, 'n aspek wat heel waarskynlik meer klem en aandag in die toekoms gaan ontvang.

4.2.6.3 Beperkinge op die verhouding.

Hierdie verhouding kan nooit selfstandig bestaan nie. Dit moet altyd as deel van die groep beoordeel word, veral saam met beide kort- en langtermynlikiditeit en die verdienvermoë van die onderneming.

4.2.6.4 Aanbevelings.

Om terug te keer na die redelike opbrengs op aandeelhouders se belegging, is dit nodig om ook hierdie verhouding te bereken. Waar hierdie verhouding veel laer as die netto wins tot eienaarsbelang is, moet ondersoek ingestel word om te bepaal of daar nie dalk te veel surplusfondse in die onderneming gehou word nie, bv. te hoë bedryfsverhouding. Daarbenewens dien hierdie verhouding ook as aanvulling vir die likwiditeitsverhoudings. Die ouditeur kan dit ook met vrug aan begrotings koppel, om te sien of die fondse werklik benodig gaan word en moet beslis vasstel of dit nie goedkoper sou wees om van geleende fondse

gebruik te maak nie. Alles in ag genome kan hierdie verhouding as sekondêr noodsaaklik beskou word.

4.2.7 Inkomste uit lenings tot lenings toegestaan.

4.2.7.1 Die verhouding.

Hierdie verhouding is baie nou verwant aan die vorige een en dit is dan ook die rede waarom bg. hier ingesluit word.

Myns insiens is hierdie 'n aspek wat in die verlede in 'n groot mate verwaarloos is. Die gemiddelde ouditeur stel meer belang in die magtiging van die lening en terugbetalingsvoorwaardes. As hierdie aspek aanvaarbaar is en die toepaslike wetsvereistes word nagekom, sal die saak in die meeste van die gevalle afgehandel wees. Daar bestaan egter 'n toenemende neiging om fondse van een onderneming na 'n ander oor te plaas bloot deur die bestaan van lae rentekoerslenings.

Dit is 'n onwenslike praktyk, want iemand, hetsy die aandeelhouer, krediteur of dalk selfs die Ontvanger van Binnelandse Inkomste, gaan waarskynlik daardeur skade ly. Daarbenewens gebruik sommige direkteure sodanige lenings teen lae rentekoerse as finansiering vir ander aktiwiteite, terwyl die uitlenende onderneming duur vir geleende fondse moet betaal.

Verder is die lesers van die ouditeursverslag geregtig om hiervan te weet en waar die res van die finansiële state hierdie feite ver-swyg, behoort dit in die ouditeursverslag genoem te word.

By hierdie verhouding moet die ouditeur die lenings toegestaan definitief ook individueel beskou. 'n Gunstige verhouding mag die resultaat wees van beide gunstige en ongunstige lenings.

4.2.7.2 Afleidings.

In hierdie geval kan die ouditeur aflei of geld voordelig uitgeleen word. Deur hierdie verhouding saam met dieselfde groepe as die vorige, nl. korttermyn-, langtermynlikiditeit, verdienvermoë van die onderneming en koste van geleende fondse te vergelyk, kan bepaal word of sodanige lenings wel wenslik is.

4.2.7.3 Beperkings op die verhouding.

Hierdie verhouding kan nooit alleen as waarde-maatstaf gebruik word nie. Daarbenewens is dit soms moeilik om indirekte motiewe vir die toestaan van lenings te waardeer. Dit kan gebeur dat 'n nie-winsgewende lening toegestaan word om 'n onderneming, wat later direk die uitlener se winste sal verhoog, tot stand te bring.

Die werklike onwenslike lenings behoort egter

maklik opgespoor te word.

4.2.7.4 Aanbevelings.

Die laaste verhouding in hierdie groep word bloot vir agtergrondsdoeleindes bereken. Hieruit kan die ouditeur gegewens verkry om te verseker dat die bestuur op verantwoorde-like wyse optree wanneer lenings toegestaan word. Dit het egter bloedweinig met die ouditeur te doen en kan slegs as agtergrond gebruik word m.a.w. dit is sekondêr aanvullend.

4.3 Omset.

4.3.1 Inleiding.

Die omsetsyfer, ook genoem verkope, is 'n uiters belangrike faset in die bedryfsiklus. Soos algemeen bekend moet die bates waarmee handel gedryf word op een of ander wyse in likiede fondse omgesit word. Dit kan slegs d.m.v. verkope plaasvind.

Die inkomstestaat kan beskou word as die matematiese interpretasie van die beleid, ondervinding, kennis, toekoms en aggressiwiteit van die bestuur van 'n onderneming, gesien uit die standpunt van verkope, uitgawes, bruto wins, netto wins of verlies. (Gouws, op.cit. p.24). Uit hierdie groep kan verkope beskou word as die syfer wat die dinamiese aktiwiteite van 'n onderneming weergee.

Ten einde wins te maksimaliseer, is dit nie moontlik om aanhoudend meer te verkoop nie. Die verhouding tussen verkope en koste, die aard van die verkope, vervangbaarheid daarvan, duursaamheid, dienste en prys speel alles 'n kleinere of grotere rol.

'n Baie belangrike saak wat hiermee in verband gebring moet word, is dat die verhouding tussen omset en beskikbare fondse ook korrek moet wees. Al is die netto winsverhouding ook hoe goed en daar is te min of te veel bedryfskapitaal beskikbaar, kan die wins nie as regverdige opbrengs op die beskikbare fondse beskou word nie. Waar bedryfskapitaal te laag is, sal dit waarskynlik tot likiditeitsprobleme lei. By te hoë bedryfskapitaal daarenteen, word al die fondse nie doeltreffend aangewend nie. Daarom word die volgende groep verhoudings bereken om die ouditeur 'n beter insig in die sakeonderneming te gee.

4.3.2 Verkope tot eienaarsbelang.

4.3.2.1 Die verhouding.

Dié verhouding is 'n aanduiding van die aktiwiteit van die eienaarsbelang in die onderneming. Soms word daarna verwys as die omset-snelheid van kapitaal in gebruik en dit word as 'n syfer uitgedruk. (Langhout, op.cit. p.52).

Die syfer sal van onderneming tot onderneming,

en selfs by die verskillende tipes handelsware verskil. Daarom is die neiging oor 'n tydperk hier belangriker as die verhouding self. Nogtans kan vergelykings met soortgelyke ondernemings getref word.

Waar vergelyking met soortgelyke ondernemings van naastenby dieselfde grootte en ook betrokke in dieselfde of vergelykbare besigheidsaktiwiteite, aantoon dat die omvang van die verkoopsvolume uitermate hoog is in verhouding tot die netto eienaarsbelang, word van oorbedryf gepraat. Onderbedryf is net die teenoorgestelde. 'n Baie kleiner volume verkope in verhouding tot die netto eienaarsbelang word hanteer as wat by sommige soortgelyke ondernemings die geval is. Gevolglik kom dit neer op 'n oor- of onderkapitalisasie in verhouding tot die beskikbare kapitaal. (Foulke, op.cit. p.39).

Oorbedryf is veral vir die krediteur 'n gevaarteken deurdat hy moontlike verliese kan ly indien die toestand te erg word. Onderbedryf daarenteen, is hoofsaaklik 'n interne probleem wat die aandeelhouders raak. Die opbrengs op fondse deur hulle belê, mag laer wees as by ander beleggingsmoontlikhede.

Verder noem Foulke (op.cit. p.411) 'n faktor wat oorbedryf in 'n oogwerk tot likwidasië kan voer, omdat krediteure nie betaal kan word nie. "What is meant by the 'delicate

balance' that controls the strain when a concern is transacting a heavy volume of business? Merely the relationship between the income and the outgo of funds. The lapse of time between the day when funds are taken in and the day when those same funds are disbursed is very short, and nothing can disturb that balance without having a vital effect upon the business".

Oorbedryf kan opgelos word deur meer kapitaal by wyse van aandele, skuldbriewe of lenings te verkry, of, al lyk dit na 'n terugwaartse stap, verkope te verminder. Die teenoorge-stelde, naamlik onderbedryf, kan opgelos word deur intensiewe advertensie – veldtogte om verkope te verhoog of om die kapitaal te verminder.

As ons werklik akkuraat te werk wil gaan, moet beleggings van netto eienaarsbelang afgetrek word, aangesien dit normaalweg nie 'n invloed op die omset het nie. Dan sou die verhouding van verkope tot die belegging in die bedryf bereken word.

4.3.2.2 Afleidings.

Volgens Foulke (op.cit. p.389) mag 'n hoë verhouding 'n aanduiding wees van 'n oormatige besigheidsvolume op 'n te lae marge van geïnvesteerde kapitaal en die gevolglike oorgebruik van krediet. Voordat die gevaarpunt

bereik word, mag dit aan die ander kant 'n aanduiding wees van besondere ekonomiese- en bestuursvernuf.

Veral waar die ouditeur in 'n raadgewende hoedanigheid werk, is hierdie verhouding van wesenlike belang. Dit dien as vroegtydige waarskuwing teen die moontlikheid van oorbedryf, wat moontlik kan ontwikkel tot finansiële tekorte of selfs onderbedryf, en deur ondoeltreffende aanwending van fondse kan lei tot verliese en gevolglike likwidasië van die onderneming.

Soos reeds gemeld, hou likwidasië nie noodwendig in dat die onderneming insolvent is nie. Dit kan soms afgedwing word indien die onderneming nie in staat is om sy laste te betaal nie. In so 'n geval sal óf die aandeelhouders, óf die krediteure heel waarskynlik 'n verlies ly. Daarom is dit vir die ouditeur so belangrik om hierdie moontlike wesenlike onreëlmatigheid betyds op te spoor, aangesien die Insolvensiewet mutatis mutandis op so 'n geval toegepas word. (Maatskappywet 1973, op.cit. Art. 339).

4.3.2.3 Beperkinge op die verhouding.

Hierdie verhouding maak geen onderskeid tussen die gebruik van volle-, oor- en onderkapasiteit nie. Daarbenewens is eienaarsbelang nie ten volle beskikbaar vir bedryfskapitaal nie.

Inteendeel, dit word in 'n groot mate vir die finansiering van vaste bates aangewend.

4.3.2.4 Aanbevelings.

Hierdie verhouding het met die finansierings-beleid van die onderneming te doen. In so-verre dié besondere aspek deel van die audit uitmaak, kan die ouditeur hierdie verhouding gebruik – al word dit slegs as sekondêr aanvullend beskou.

4.3.3 Netto wins tot belegging in die bedryf.

4.3.3.1 Die verhouding.

Ons het reeds vroeër na die verhouding netto wins tot verkope gekyk en met die vorige verhouding is tot die slotsom gekom dat die verkope tot belegging in die bedryf-verhouding 'n beter maatstaf as die verkope tot eienaarsbelang-verhouding is. Deur die betrokke twee verhoudings te kombineer, kry 'n mens die huidige verhouding.

$$\frac{\text{Verkope}}{\text{Belegging in die Bedryf.}} \times \frac{\text{Netto Wins}}{\text{Verkope}} = \frac{\text{Netto Wins}}{\text{Belegging in die Bedryf.}}$$

Dit is dan ook die rede waarom 'n verhouding wat oënskynlik nie met omset te doen het nie wel by hierdie groep ingesluit is.

4.3.3.2 Afleidings.

Hierdie verhouding, in 'n groter mate as die

voorgaande een, gee 'n aanduiding van die verhouding tussen die netto wins en die eienaarsfondse werklik daarvoor aangewend. Ons kry hier met 'n baie nuttige agtergrondsverhouding te doen.

4.3.3.3 Beperkings op die verhouding.

Die beperking het te doen met die term belegging in die bedryf. Hier word uitgegaan van die veronderstelling dat geleende fondse nie buite die onderneming herbelê sal word nie. Dit behoort slegs in uitsonderlike gevalle te geskied en beleggings sal dan uit eienaarsfondse gedoen word.

4.3.3.4 Aanbevelings.

Indien 'n soortgelyke verhouding nog nie bereken is nie kan hierdie een gebruik word. Dit is meer verfynd as die verhouding netto wins tot eienaarsbelang en word as sekondêr noodsaaklik geklassifiseer.

4.3.4 Verkope tot bedryfskapitaal.

Enige een van die voorgaande twee verhoudings kan gebruik word en die huidige een behoort altyd daarmee saam bereken te word.

4.3.4.1 Die verhouding.

Dit gebeur dat die voorgaande verhoudings goed is, maar dat die verhouding van verkope

tot bedryfskapitaal heeltemal onbevredigend is. So 'n toestand is die gevolg van 'n "top-heavy investment in fixed or slow assets, leaving a rather moderate net working capital position". Wanneer 'n onderneming met hierdie tipe finansiële struktuur die hoogtepunt van sy normale besigheidseisoen nader, sal die verwantskap tussen netto verkope en netto bedryfskapitaal al hoe meer vergroot. Enige redelike verkoopsvolume gekoppel aan 'n lae of nominale netto bedryfskapitaalposisie lei tot relatief hoë bedryfslaste in verhouding tot bedryfsbates. (Foulke, op.cit. p.418).

'n Standaard kan hier ook nie neergelê word nie, maar 'n studie van die neigings, asook die ervaring van die ouditeur, sal help met die beoordeling van sake.

4.3.4.2 Afleidings.

'n Hoë verhouding mag die resultaat van tydelike of permanente oorbedryf wees, of dat bykomende kapitaal benodig word om die finansieringstruktuur te verbeter. Onderbedryf weer, sal 'n lae verhouding meebring wat moontlik ook die resultaat kan wees van te veel fondse in die onderneming wat ondoelmatig benut word.

Saam gee hierdie groep verhoudings 'n aanduiding van die doeltreffendheid van die aktiwiteite van die onderneming en die ouditeur kan

gevolglik 'n oordeel oor die finansiële toestand van die onderneming vel.

4.3.4.3 Beperking op die verhouding.

Hierdie verhouding het slegs nut indien dit vanuit die beginsel van die lopende-saakbegrip beoordeel word.

4.3.4.4 Aanbevelings.

Waar daar reeds vasgestel is dat die finansiële struktuur nie na wense is nie, is hierdie verhouding insiggewend, m.a.w. sekondêr aanvullend.

4.3.5 Verkope tot totale tasbare bates.

Die verhouding van netto verkope tot totale tasbare bates met uitsluiting van buitebeleggings gee 'n aanduiding van die aktiwiteit van die belegging in 'n onderneming. (Foulke, op.cit. p.389).

4.3.5.1 Die verhouding.

In 'n groot mate is hierdie verhouding slegs 'n uitbreiding van die verkope tot eienaarskapverhouding. Hier word net meer spesifiek bereken hoe aktief die totale tasbare bates is. Teoreties gesproke is dit slegs die tasbare bates wat meehelp in die bedryfsproses.

In gevalle waar hierdie verhouding uitermate hoog styg, byvoorbeeld dubbeld die gemiddelde

vir die besondere bedryfsproses en hoër, behoort dit vir die ouditeur 'n aanduiding te wees dat drastiese stappe benodig word. In sulke gevalle moet óf meer fondse bekom word, óf die verkope moet ingekort word.

By 'n te lae verhouding daarenteen, moet die verkope óf uitgebrei word óf fondse moet aan die aandeelhouers terugbetaal word.

4.3.5.2 Afleidings.

Hierdie verhouding het te doen met die omset van die tasbare bates in die bedryf aangewend. Die afleidings stem ooreen met die van die verkope-eienaarsbelang-verhouding. Normaalweg sal een van die twee bereken word en waar dit op swakhede dui, kan verdere verhoudings bereken word om die swakhede duideliker uit te wys.

4.3.5.3 Beperkings op die verhouding.

Hierdie verhouding maak ook geen onderskeid tussen die gebruik van volle-, oor- of onderkapasiteitsbenutting nie. Ook sluit totale tasbare bates meer in as net bedryfskapitaal. Die voorgaande ten spyte, is hierdie nogtans 'n nuttige verhouding.

4.3.5.4 Aanbevelings.

As deel van die groep verhoudings is hierdie een van sekondêr aanvullende belang. Solank

een van die groep bereken word, sal dit die ouditeur niks baat om ook die ander te bereken nie.

5. Dekking.

5.1 Inleiding.

By die ontleding van die inkomstestaat is gemeld dat die grootste beperking op rente- en dividenddekking gevind kan word in die feit dat nie net winste benodig word vir die betaling daarvan nie, maar wel ook kontant. Daarbenewens moet in gedagte gehou word dat al die voorgaande verhoudings staties van aard is, omdat hulle gebaseer is op toestandsverslae wat die stand van sake op 'n gegewe tydstip aandui.

Om nou doeltreffend daarby aan te sluit, moet meer omtrent die beskikbare kontant te wete gekom word. Daarom word aanbeveel dat kontant ontleed word en dat die resultaat aan finansiële vooruitskatting gekoppel word. Die finansiële vooruitskatting of begroting is m.i. 'n onderwerp vir onafhanklike studie en val buite die kader van hierdie proefskrif. Gevolglik sal daar slegs by die berekening van die kontantvloei-verhouding stilgestaan word.

5.2 Kontantvloeidekking.

5.2.1 Die verhouding.

Die verhouding wat hier bereken word, dui bloot

aan in watter mate kapitaaldelgingspaaielemente plus rente deur die jaarlikse kontantvloei voor rente en belasting gedek word. (Van Horne, op. cit. p.41).

5.2.2 Kontantvloei.

Kontantvloei is in 'n mate 'n misleidende term. Die mees algemene betekenis wat volgens Bernstein (op.cit. p.322) daaraan geheg word, is dat dit netto inkomste, aangepas vir alle nie-kontantveranderings, o.a. waardevermindering, verteenwoordig. Dit is gevolglik 'n minder verfynde berekening as in die geval van die staat van bron en aanwending van fondse.

5.2.3 Kapitaaldelgingspaaielemente plus rente.

Hiermee word bedoel alle verpligte aflossing van skulde of verpligtinge plus rente daarop betaalbaar, bo en behalwe die normale besigheidsverpligtinge. Dit behels daarom die terugbetaling van geleende fondse.

5.2.4 Afleidings.

Basies gee dit 'n aanduiding van die dekking van leningsverpligtinge. Ook is dit 'n addisionele maatstaf om die likiditeitsposisie van 'n onderneming te evalueer.

5.2.5 Beperking op die verhouding.

Alle maatskappye publiseer reeds 'n staat van

bronne en aanwending van fondse as deel van hulle finansiële jaarstate. Hieruit kan die ouditeur reeds die grootste gedeelte van die verhouding aflei. Nogtans sal die uitwerk van die verhouding nuttig wees in gevalle waar van baie geleende fondse gebruik gemaak word.

5.2.6 Aanbevelings.

Hierdie verhouding hou nou verband met die likiditeitsverhoudings asook met die staat van bronne en aanwending van fondse. 'n Swak verhouding sal beslis nie as aansporing dien vir die ouditeur om verdere ondersoek in te stel nie. As dit swak is kan verdere ondersoek niks daaraan doen nie. Hier is gevolglik 'n verhouding wat nie veel waarde het nie – d.w.s. sekondêr aanvullend.

6. Beleggings- of Kapitaalstruktuurverhoudings.

6.1 Inleiding.

'n Beginsel wat prakties baie sterk aan te beveel is, is dat die eienaars meer as die krediteure in 'n onderneming behoort te belê. Dit geld veral vir bedryfslaste, m.a.w. korttermynkrediteure. Die totale bedrag aan krediteure mag dikwels meer wees as eienaarsbelang, soos in die geval van 'n verband wat aangegaan is om geboue te bekom. In so 'n geval bly die posisie egter heeltemal veilig. Dit gebeur baie in die besigheidswêreld dat ondernemings, ongeag 'n

buitensporige bedrag aan geleende fondse, bloei en groot winste behaal. In moeilike tye gebeur dit egter so baie dat sulke ondernemings probleme ondervind omdat dit so 'n swaar rentelas het om te dra en moontlik 'n te klein veiligheidsgrens in stand gehou het. Ondernemings met hoë persentasies geleende fondse behoort reserwes op te bou om hierdie tekortkoming aan te vul. (Irish, op.cit. p.437).

Hierdie groep verhoudings moet saam met die groep verpligtingsverhoudings beoordeel word en is vir die eksterne ouditeur baie belangrik by die bepaling van die onderneming se moontlike voortbestaan of gevare wat dit bedreig.

6.2 Bedryfslaste tot eienaarsbelang.

6.2.1 Die verhouding.

Hierdie verhouding dateer ook uit die vroegste dae van die analise van finansiële state. Sederdien het hierdie verwantskap altyd besonder betekenisvol gebly, omdat dit die fondse wat krediteure tydelik tot beskikking van die onderneming stel, kontrasteer met die fondse permanent deur die eienaars tot beskikking van die onderneming gestel. Sodanige geïnvesteerde fondse, m.a.w. eienaarsbelang, dien by likwidasie as waarborg vir krediteure.

Indien 'n onderneming se laste aanhou toeneem, word 'n punt uiteindelik bereik waar die daag-

likse transaksies in 'n groot mate deur die goed-gesindheid van die krediteure beïnvloed word.

Hierdie verhouding word gewoonlik as 'n persentasie uitgedruk en 'n redelik algemene standaard is dat bedryfslaste van kleiner ondernemings nie meer as 67% van die eienaarsbelang en die van groter ondernemings nie meer as 75% van die eienaarsbelang behoort te wees nie. (Foulke, op.cit. p.229 en Bernstein, op.cit. p.432).

6.2.2 Afleidings.

Die ouditeur kry 'n indruk van die omvang van die korttermynfinansieringsbronne in verhouding tot eienaarsfondse. Deur hierdie verhouding met die van vorige tydperke te vergelyk, verkry die ouditeur 'n goeie idee van die onderneming se finansieringsbeleid.

Vir elke las breek die tyd van betaling uiteindelik aan en in dié opsig het die ouditeur die addisionele verpligting om ook na die belange van die krediteure om te sien. In dié verband kan hierdie verhouding behulpsaam wees met die vooruitskatting van toekomstige behoeftes vir sowel die aflossing van bestaande laste as finansiering van moontlike uitbreiding. Waar die persentasie reeds hoog is, sal oorweging geskenk moet word aan die uitreiking van addisionele aandele.

Sodra die persentasie te hoog styg, is dit 'n

aanduiding dat die ouditeur 'n uiters noukeurige oudit moet uitvoer om te verseker dat die onderneming steeds solvent bly.

By 'n te lae persentasie moet die bestuur daarop attent gemaak word dat te veel bedryfskapitaal uit eienaarsfondse voorsien word en dat die finansiering van die onderneming nie doeltreffend is nie.

6.2.3 Beperkings op die verhouding.

Hierdie verhouding moet altyd aan die hand van moontlike uitsonderlike gebeurtenisse beoordeel word. Dit kan gebeur dat produksie binne 'n kort tydperk aansienlik uitgebrei gaan word en daarom word groot hoeveelhede voorrade aangekoop wat dan die normale verhouding van bedryfslaste tot eienaarsbelang aansienlik sal versteur.

Selfs 'n faktor soos abnormale stadige betaling deur debiteure kan veroorsaak dat bedryfslaste ophoop en dat die verhouding versteur word.

Kortliks kom dit daarop neer dat abnormale faktore 'n groot rol in die geval kan speel.

6.2.4 Aanbevelings.

In dié geval kom die lopende saakbegrip op die voorgrond aangesien die solventheid en waarskynlike voortbestaan in die gedrang kom. Vir ouditdoeleindes hou die verhouding egter nie veel nut in nie. Dit kan slegs as agtergrond

bereken word – m.a.w. sekondêr aanvullend.

6.3 Vaste bates tot netto tasbare bates.

6.3.1 Die verhouding.

Hierdie verhouding sluit nou aan by die vorige een en toon aan watter persentasie van die eienaarsbelang in vaste bates belê is.

Foulke (op.cit. p.281) toon aan dat die waardes van vaste bates besonder belangrik is omdat dit op die balansstaat die waardes van 'n lopende onderneming verteenwoordig en grootliks deur die rekeningkundige beginsels toegepas, beïnvloed sal word. (Eie afleiding). Waar bates soos grond en geboue se waarde tot bokant boekwaarde gestyg het, word dit normaalweg nie herwaardeer om sodoende die werklike waarde op die balansstaat te toon nie. Die bates moet egter behoorlik in stand gehou en gedepresieer word.

Foulke (op.cit. p.283) stel verder dat 'n laer verhouding verkieslik mag wees, aangesien 'n hoër verhouding om die volgende redes ongunstig mag wees :

6.3.1.1 Die jaarlikse depresiasie in die inkomtestaat is in verhouding 'n groter las as die van mededingers en

6.3.1.2 waar die verhouding van vaste bates baie groot is, het die onderneming óf 'n te lae bedryfskapitaal met gevolglike oorbedryf, óf groot lenings van buite-instansies om

bedryfskapitaalbehoefte aan te vul.

Kennedy en McMullen (op.cit. p.386 en 387) noem die belangrike feit dat die werklike bepaling van oorbelegging in vaste bates die ontleding van die aanlegomset behels, m.a.w. die totale belegging in die aanleg in verhouding tot verkope en verdienvermoë. Dit is beslis 'n prysenswaardige voorstel wat ernstige oorweging verdien.

Uit die voorgaande lei ons af dat, aangesien fondse wat in vaste bates belê is nie aangewend kan word om bedryfslaste mee af te los nie, 'n oorbelegging in vaste bates skadelik mag wees. Besture moet daarom altyd die aard van die onderneming vooropstel wanneer die belegging in vaste bates beplan of heroorweeg word. So is dit aanvaarbaar dat 'n vervaardigingsonderneming meer in vaste bates, en 'n kleinhandelonderneming meer in bedryfsbates sal belê.

6.3.2 Afleidings.

Die doel van hierdie verhouding, in samewerking met die res van die groep, is om vas te stel of daar nie 'n oorbelegging in vaste bates is met 'n gevolglike tekort aan bedryfskapitaal nie. So 'n tekort kan deur langtermynlenings aangevul word.

Verder gee dit 'n duidelike aanduiding van die finansieringsbeleid en kan sekere afleidings as

gevolg daarvan gemaak word. Neem die geval waar 'n vergelyking met gegewens van vorige tydperke op 'n toenemende verhouding van vaste bates dui. Die logiese vraag wat hier ontstaan, is om te bepaal hoe die toename gefinansier is. Dit mag natuurlik gevaarlik wees om kapitale uitgawes by wyse van handelskrediet te finansier, mits genoegsame kontantfondse beskikbaar is. Indien die verhouding van bedryfslaste tot totale laste dan ook 'n stygende neiging openbaar, kan die afleiding gemaak word dat vaste bates al hoe meer by wyse van handelskrediet gefinansier word. (Irish, op.cit. p.437).

Die ouditeur moet veral versigtig wees waar die styging in die waarde van vaste bates aan 'n herwaardasie van vaste bates toeskryfbaar is, aangesien dit die bestuur beter laat lyk as wat hulle in der waarheid is.

6.3.3 Beperking op die verhouding.

Die vernaamste beperking hier het te doen met die konstante toepassing van rekeningkundige beginsels en standaarde. 'n Afwyking wat die toepassing van 'n besondere beginsel betref, kan tot aansienlike waardeverskille aanleiding gee.

Daarbenewens het die ouditeur hier met die probleem van interne afskrywings en depresiasie te doen. Die invloed van hierdie tipe transaksie moet eers geheel en al uitgeskakel word

voordat die ouditeur enige afleidings probeer maak.

6.3.4 Aanbevelings.

Dit is beslis aan te beveel dat hierdie verhouding bereken word. Daardeur kan die ouditeur onmiddellik op die spoor van veranderinge gebring word. Deur dan die bates te ondersoek, kan sowel die redes vir die verandering as elke presiese verandering vasgestel word. Daarom word dit as sekondêr noodsaaklik beskou.

6.4 Voorraad tot netto bedryfskapitaal.

6.4.1 Die verhouding.

'n Abnormaal hoë voorraadsyfer kan voorkom word deur die voorraadomsetsnelheidverhouding aan te vul met die berekening van die voorraad tot netto bedryfskapitaalverhouding. Laasgenoemde verhouding het te doen met voorraad wat vryelik kan verander, en bedryfskapitaal wat normaalweg baie min verander, meestal net met die bedrag van wins of verlies in die onderneming. Hierdie is 'n vaste vergelykingsbasis wat buitengewoon belangrik is vanweë die belangrikheid van voorraad. (Foulke, op.cit. p.339).

Weer eens is dit gevaarlik om 'n standaard aan te dui en word aanbeveel dat die ouditeur die aard van die onderneming asook voorrade in ag neem by die vasstelling van 'n aanvaarbare standaard.

6.4.2 Afleidings.

Deur die neigings van hierdie verhouding te gebruik, kan die ouditeur beslis 'n oordeel vel oor die redelikheid van die voorraadsyfer en in 'n mindere mate oor die doeltreffendheid van die finansieringsbeleid.

Hierdie verhouding is baie effektief ter aanvulling van verhoudings wat reeds vroeër beskryf is.

6.4.3 Beperkings op die verhouding.

Die seisoenskommeling gekoppel aan verwagte besigheidsomstandighede en die aard van die voorraad, moet altyd in gedagte gehou word by die berekening van hierdie verhouding.

6.4.4 Aanbevelings.

Hier kry 'n mens met 'n verhouding te doen wat op die oog af nutteloos vir die ouditeur is. By nadere ondersoek blyk dit egter dat die verhouding op sigself op kritiese veranderinge dui. Beide die voorraad en die bedryfskapitaal is uiters belangrik en vorm beslis deel van die audit. As sulks is hierdie verhouding van sekondêr noodsaaklike belang.

6.5 Voorraad tot bedryfslaste.

6.5.1 Die verhouding.

Die verhouding word verkry deur voorraad te

stel as persentasie van bedryfslaste. Normaalweg word van bedryfslaste gebruik gemaak om 'n gedeelte van die bedryfsiklus, vanaf aankope totdat kontant van debiteure ingevorder en krediteure daarmee afgelos word, te finansier. Indien die verhouding kleiner as een is, beteken dit dat krediteure nie net voorraad nie, maar ook ander bedryfsbates, o.a. debiteure finansier. (Gouws, op.cit. p.78).

Waar dié verhouding gebruik word, mag dit goeie beleid wees om alle bedryfsbates, behalwe kontant, tot bedryfslaste uit te druk.

6.5.2 Afleidings.

Hierdie verhouding is bloot die verskil tussen die bedryfsverhouding en die vuurproefverhouding. Veral waar genoemde twee verhoudings op probleme dui, kan hierdie een bereken word ter ondersteuning van die gevolgtrekking.

6.5.3 Beperking op die verhouding.

Daar moet in gedagte gehou word dat bedryfslaste nie slegs vir die finansiering van voorrade gebruik word nie. Soms mag dit gebeur dat voorraad meer as bedryfslaste is en dan kan gevalle voorkom waar bedryfslaste weer meer as voorraad is.

6.5.4 Aanbevelings.

Indien die bedryfs- en vuurproefverhoudings

reeds bereken is, sal dit nutteloos wees om hierdie verhouding te bereken. Dit mag wel in plaas van die vuurproefverhouding bereken word. Nogtans kan aanbeveel word dat dit slegs gebruik word om voorraadprobleme te beklemtoon. Dit bly egter van sekondêr aanvullende belang.

7. Samevatting.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat daar 'n stelselmatige verandering in die benadering van ouditeure plaasvind. Daar word na nuwe metodes en tegnieke gesoek om die oues of geheel en al te vervang of dit slegs aan te vul. Daarom is dit m.i. nodig dat die ontleding van finansiële state as oudithulpmiddel behoorlik toegepas word. Dit sal beteken dat die state volledig ontleed en interpreteer word. Slegs op daardie wyse kan 'n ouditeur sy volle verantwoordelikheid nakom. "So het regter van Winsen in Prima Toy Holdings (Pty.) Ltd. v. Rosenberg 1974(2) SA477(k)478 verklaar dat dit die funksie van die ouditeur is om die ware finansiële posisie van die maatskappy ten tye van die audit te bepaal en te stel. Met die oog hierop word van hom onder meer deur die Maatskappywet vereis om in sy verslag te verklaar of die finansiële state volgens sy mening 'n ware en redelike weergawe (ingevolge die voorskrifte van die Maatskappywet 1926) bied van die stand van sake en die wins (of verlies) van die maatskappy vir die betrokke boekjaar". (Cilliers & Benade, op.cit. p.353).

HOOFSTUK 8

NEIGING MET VERLOOP VAN TYD.

1. Agtergrond.

'n Integrale deel van die ontleding en interpretasie van finansiële state is ook om die neigings van die data soos in die state weerspieël, te bepaal en te ontleed. Die ouditeur probeer m.a.w. vasstel of die syfers en verhoudings 'n stygende of dalende tendens aandui. Afhangende van die aard van die besondere syfer of verhouding kan die neiging van die inkomsteverdienste of stand van sake aan die hand daarvan beoordeel word. Die geheelbeeld van die onderneming oor 'n langer termyn as die rekenpligtige tydperk, word hier beoordeel en die ouditeur behoort tot 'n baie akkurater gevolgtrekking te kan geraak.

2. Bepaling van die neiging.

Die gerieflikste metode om 'n neiging te bepaal, is om die neigingspersentasies as indeksnommers te beskou wat dan 'n aanduiding gee van die relatiewe veranderinge in finansiële data wat met verloop van tyd ontstaan. (Kennedy & McMullen, op. cit. p.231).

Om dit te kan doen, is dit nodig om 'n basisjaar te kies waar die basisjaar as eerste jaar vir die reeks diens sal doen. Dit behoort 'n gemiddelde jaar met so min abnormaliteite as moontlik te wees. Elke item op die basisjaar se state word

dan 'n keuring van 100% gegee. Die syfers van die eersvolgende jaar en ook die syfers van daaropvolgende jare word deur die geldwaarde van die betrokke item gedurende die basisjaar gedeel en as persentasie uitgedruk. Deur die persentasies so verkry in opeenvolgende tydperke te rangskik, is dit baie maklik om die neiging van 'n besondere item vas te stel. So 'n neiging op sigself is egter waardeloos. Dit behoort saam met die neigings van alle verwante items en items wat die betrokke neiging kan beïnvloed, beoordeel te word. (Kennedy & McMullen, op.cit. p.231 - 235. Bernstein, op.cit. p.496 - 498 en Kreps C.H. & Gee E.F., Analyzing Financial Statements, U.S.A., American Institute of Banking and The American Bankers Association, Vierde Uitgawe 1973, p.396 - 399).

Genoemde skrywers gee volledige voorbeelde van die opstel van tabelle aan die hand waarvan die neigings afgelei kan word. Daaruit kan die belang daarvan dadelik gesien word.

Vir die ouditeur breek die belangrikste fase op hierdie tydstip aan. Daar moet naamlik 'n beoordeling van die neigings plaasvind.

3. Waarde van neigings.

Die ontleding van die neigings met verloop van tyd hou vir die eksterne ouditeur baie besliste voordele in. Dit dui die neiging van items op die state baie doeltreffer aan as wat m.b.v.

die geldwaarde alleen gedoen kan word. Verder gee dit ook 'n maatstaf waarvolgens die neigings onderling met mekaar vergelyk kan word. (Kreps & Gee, op.cit. p.399).

Dit dien weer eens beklemtoon te word dat 'n neiging op sigself min waarde het. Eers wanneer sodanige neiging met ander neigings of faktore vergelyk word, verkry die neiging daadwerklike waarde. Byvoorbeeld : verkope mag 100% oor 'n termyn van drie jaar gestyg het. Die feit raak eers nuttig wanneer dit vergelyk word met bedryfsbates wat 200% gedurende dieselfde termyn kon gestyg het, koste van goedere verkoop wat 150% mag gestyg het of bedryfsuitgawes wat 170% gestyg het. Uit die voorgaande is dit duidelik dat, alhoewel verkope 100% oor 3 jaar gestyg het die faktore wat daarmee verband hou meer gestyg het en dat die bruto winsposisie inderdaad verswak het. (Kennedy & McMullen, op.cit. p.235).

'n Verdere belangrike punt om in gedagte te hou, is die wesenlikheid van die neiging. Dit beteken nog niks om te sê dat eienaarsfondse 100% gestyg het teenoor 30% van die langtermynfondse nie. Eers wanneer in ag geneem word dat eienaarsfondse van R1 000 na R2 000 gestyg het in teenstelling tot langtermynverpligtinge se styging vanaf R50 000 na R65 000 kan die werklike belang van die neiging beoordeel word.

Bernstein (op.cit. p.497 en 498) noem ook die gevaar van die sogenaamde "income smoothing".

In terme van dié beleid word winste van goeie jare oorgedra na swak jare om meer eweredige verdeling te kry. M.b.v. tradisionele oudittetgnieke sal so iets moeilik uitgevind word. Word die ontleding en interpretasie van state en in die besonder die volledige ontleding van neigings doeltreffend toegepas, behoort die eksterne ouditeur beslis op die spoor van inkomstegelykmaking te kom. Een of ander persentasie of verhouding behoort op so 'n manipulasie te dui.

Soos uit die voorafgaande afgelei kan word, gaan die ontleding van neigings as hulpmiddel ook gebuk onder sekere beperkings.

4. Beperkings t.o.v. die ontleding van neigings.

4.1 Seker die belangrikste beperking op die ontleding van neigings is die feit dat die interne en onderlinge verwantskappe tussen items op die state buite rekening gelaat word, behalwe in soverre dit deur die neiging self geopenbaar word. Dit is juis hierdie onderlinge verwantskappe wat absoluut noodsaaklik is vir 'n noukeurige analise. Een verhouding alleen is nie voldoende insiggewend nie. Neem die likiedeverhouding as voorbeeld. Die ontleding van neigings sal aandui of die verhouding verbeter of verswak het. Dit sal beslis nie die rede vir die verandering aantoon nie.

4.2 Die neiging-metode verskaf ook geen aanduiding van die kwaliteit van die bates nie. So is dit nie voldoende om te weet dat die debiteuresyfer

verander het nie. Meer gegewens soos die gemiddelde invorderingstermyn is nodig vir behoorlike evaluering.

- 4.3 Verder speel die basissyfers by hierdie metode 'n uitermate groot rol. Is die basissyfers te hoog of te laag en dit is nie verteenwoordigend van 'n gemiddelde jaar nie, sal die afleidings heel waarskynlik misleidend wees. (Kreps & Gee, op.cit. p.399 & 400).
- 4.4 In aansluiting hiermee bestaan die gevaar dat die neigings wat uit die ontleding volg, die resultaat van manupilasie mag wees. Dit gebeur dat ondernemings, veral by inkomste, die syfers manupileer om egalige neigings aan te dui. (Bernstein, op.cit. p.497).
- 4.5 Die vergelykbaarheid van neigingsverhoudings word ook nadelig deur veranderings in rekeningkundige beginsels en beleid, pryspeile en die ekonomiese klimaat beïnvloed.
- 4.6 Daar moet altyd in gedagte gehou word dat, alhoewel die neigings 'n toename of afname asook die omvang van die verandering aandui, dit slegs van waarde is in soverre dit gunstige of ongunstige neigings mag uitwys en punte waar verdere ontleding nodig is, mag beklemtoon. (Kennedy & Mc Mullen, op.cit. p.235 & 236).
- 4.7 Ten slotte is 'n persentasieverandering alleen nie insiggewend nie. Die geldwaarde moet ook

daarmee saam oorweeg word.

5. Gevolgtrekking.

Hierdie metode is baie nuttig om neigings in duidelike perspektief te stel en om die ouditeur behulpsaam te wees met die vergelyking van individuele syfers of groepe syfers. Dit kan egter nooit as 'n volledige metode van ontleding beskou word nie, omdat die studie van geldwaardes, asook sekere neigings ter aanvulling absoluut onontbeerlik is. (Kreps & Gee, op.cit. p.400). Nogtans bly dit van primêre belang.

ONDERSOEK OM TE BEPAAL IN WATTER MATE DIE ONTLEDING EN
INTERPRETASIE VAN FINANSIËLE STATE AS HULPMIDDEL BY
DIE UITVOER VAN DIE EKSTERNE OUDIT GEBRUIK WORD.

1. Algemeen.

Die gegewens in die voorgaande hoofstukke bespreek, is kortliks in vraelyste (Bylae B) vervat en aan sodanige ouditeursfirmas wat belang gestel het om met die ondersoek te help, voorgelê. Na bestudering van die antwoorde op die vraelys is die onderwerp weer breedvoeriger met sodanige firmas wat waarde in die ondersoek bespeur het, bespreek.

Dit dien vermeld te word, dat slegs enkele firmas van die "Ontleding en Interpretasie van Finansiële State as Oudithulpmiddel" gebruik maak. Andere het gevoel dat dit lonend sou wees om in die toekoms ook van hierdie metode gebruik te maak. Slegs een persent van die firmas wat genader is, het geen meriete in die saak gesien nie.

Verder is dit belangrik om te onthou dat die Geoktrooieerde Rekenmeester (S.A.), as lid van die professionele vereniging deur die vereniging se dissiplinêre kode sowel as die professionele etiek, verbied word om op onbehoorlike wyse te adverteer. In geval deelname aan hierdie studie as advertensie beskou sou kon word, word geen name van deelnemende firmas of Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.) hierin vermeld nie. Ter verduideliking van die per-

sentasies is dit insiggewend om te weet dat 214 firmas dwarsoor die land genader is. Van hulle het 64 uiteindelik daadwerklik met die studie gehelp en is die resultate gevolglik as 'n persentasie van die 64 wat meegedoen het, uitgedruk.

Slegs een persoon het uitdruklik verklaar dat die studie 'n mors van tyd is: "Ons wens net te berig dat ons nie die tyd te vinde het en die nodigheid daarvan insien waarom ons moet meedoen ten einde 'n projek, wat, na ons mening, geen-sins prakties is, aan te moedig nie". Aan die betrokke firma kom meer dank toe as wat 'n mens geneig is om te erken. Dit is juis so 'n siening wat 'n mens maan om noukeuriger en dieper te delf en die saak behoorlik te verantwoord.

Hier volg nou die saamgevatte resultate van die ondersoek, asook die belangrikste opmerkings.

2. Inkomstestaat.

Dit mag vreemd wees dat die Inkomstestaat eerste ontleed word. M.i. bespaar dit egter tyd omdat waardevolle inligting wat by die ontleding van die balansstaat noodsaaklik is, reeds op dié stadium ingewin word. 'n Mens dink aan syfers soos verkope en voorrade wat later 'n uiters belangrike rol gaan speel.

2.1 Winsgewendheid van verkope.

2.1.1 Bruto wins tot verkope.

Die bruto winspersentasie word baie algemeen

gebruik. Al die deelnemende firmas gebruik dit as deel van hulle beoordelingsmaatstawwe tydens die audit.

2.1.1.1 Standaarde.

Verskillende standaarde word egter toegepas. Die mees algemene is die persentasie van die vorige jaar. Daarbenewens word ook die persentasie van soortgelyke ondernemings en begrote persentasies in 'n mindere mate gebruik. Slegs een firma het gevoel dat dit met 'n winsopslag vergelyk kan word. Die ander se beswaar was dat 'n akkurate winsopslag vir 'n onderneming wat verskillende kommoditeite hanteer, uiters moeilik bepaal kan word.

2.1.1.2 Afleidings.

Wat die afleidings betref was dit die gevoel dat groot wisselings verdere ondersoek 'n noodsaaklikheid maak. Verder het die invloed van inflasie tot gevolg dat 'n absolute vergelyking onmoontlik is, tensy inflasie behoorlik in ag geneem word.

2.1.2 Rentedekking.

Slegs 18% van die firmas gebruik hierdie verhouding. Die vereistes deur die Maatskappywet 1973 (soos gewysig) vir die direkteursverslag gestel, hou in dat die ouditeur wel aandag aan hierdie verhouding moet skenk.

2.1.2.1 Standaarde.

In hierdie geval is algemene standarde feitlik onbepaalbaar. Elke ouditeur sal vir elke onderneming sekere maatstawwe moet vasstel waarvolgens die beoordeling dan kan plaasvind.

2.1.2.2 Afleidings.

Die algemene gevoel is dat, behalwe vir sekere aspekte i.v.m. die toekomsverwagtinge in die direkteursverslag vereis, hierdie verhouding meer waarde het wanneer dit dien om bestuursadvies te verleen.

2.1.3 Dividenddekking.

Ook hierdie verhouding word deur slegs 18% van die firmas gebruik. Hulle doen dit dan ook om meer agtergrondskennis te verwerf.

2.1.3.1 Standaarde.

Alhoewel die literatuur 'n verhouding van 2 tot 1 aanbeveel, voel die meeste ouditeure dat hierdie saak vir elke onderneming op sy eie bepaal moet word. Faktore soos beskikbare kontant en bedryfskapitaal, sal hierdie verhouding baie beïnvloed. Al is die dekking hoe goed maar kontant en bedryfskapitaal is nie voldoende nie, kan dividende nie betaal word sonder om geld te leen nie. Dan kom die kredietwaardigheid weer ter sprake. M.a.w. die dekking alleen kan nie as standaard ge-

bruik word nie.

2.1.3.2 Afleidings.

Nogtans speel hierdie verhouding 'n rol in die globale analise en help dit met die beoordeling van die state. Dit is veral nuttig by bestuursadvies en -inligting. Nogtans verskaf dit aan die ouditeur ook waardevolle agtergrondskennis oor die breë dividendbeleid en tegelykertyd oor die doeltreffendheid van toekomsbeplanning.

2.2 Eksterne analise.

In hierdie geval maak 90% van die betrokke firmas gebruik van eksterne analise in een of ander vorm. Volledige eksterne analise is nie moontlik nie, omdat die finansiële pers nog nie voldoende gegewens publiseer nie. Kennedy & McMullen (op.cit. p.17) noem dat daar verskeie publikasies in die buiteland is wat waardevolle inligting in dié verband publiseer. Sodra dit in die R.S.A. ook meer gereeld gebeur, behoort meer doeltreffende eksterne analises gedoen te kan word.

Daarbenewens is die handelstruktuur in die R.S.A. sodanig dat twee of meer homogene ondernemings net nie bestaan nie. Die verskille is dan ook sodanig dat aansuiwerings prakties onmoontlik is.

Inflasie speel hier ook 'n rol. Dit tref nie

al die ondernemings op dieselfde tydstip nie en dit is met die huidige rekeningkundige metodes uiters moeilik om die presiese invloed van inflasie en soms selfs ook devaluasie te kan vasstel.

'n Baie belangrike aspek wat eksterne analise bemoeilik, is die faktor van vergoeding vir diens- te gelewer. Die bepaling van vergoeding geskied feitlik op net so veel verskillende metodes as wat daar ondernemings is. Die vereistes gestel aan gelewerde werk verskil soveel dat geen aan- vaarbare standaard bestaan nie.

Laastens word rekeningkundige beginsels beslis nie eenvormig en konsekwent toegepas nie en bestaan daar hemelsbreë verskille in die rekening- kundige doelstellings.

Desondanks, voel almal dat hierdie metode tog meriete het en met vrug gebruik kan word.

2.3 Interne- tesame met vergelykende analise.

Die metode waarin die verhouding van elke item tot verkope bepaal word, word basies deur 73% van die firmas gebruik. In die algemeen bestaan die gevoel dat sekere aanpassings deur elke indivi- duele firma gemaak sal moet word, voordat hierdie metode algemeen bruikbaar kan wees.

By die groter oudits kan dit maklik gebeur dat die verhouding van die item tot verkope misleidend is. Hier dink 'n mens veral aan items van vaste aard. In so 'n geval sou die Interne-Vergelykende

Analise meer waarde hê, indien die item of groep items in verhouding tot sekere begrote syfers gestel word.

Nogtans sal die Interne-Vergelykende Analise wel in die meerderheid gevalle uiters waardevol vir die ouditeur wees. Die ouditeur kan maklik genoeg die vaste aard van die betrokke gegewens in gedagte hou en dan die vergelyking met óf die begrote syfers, óf die syfers van die vorige tydperk doen. Die vergelykingsmaatstaf sal in so 'n geval tegelykertyd as maatstaf dien en die persentasie afwyking moet aan die hand van bekende faktore beoordeel word.

3. Verhoudings uit finansiële jaarstate bereken.

Die algemene gevoel t.o.v. standarde is dat dit onwenslik is om enige vaste standaard neer te lê. Die rede daarvoor is dat elke onderneming se omstandighede van dié van die volgende een verskil en standarde daarom nutteloos sou wees. Gevolglik word aanbeveel dat ouditeure self vergelykingsmaatstawwe en standarde vir elke audit bepaal na inagneming van die nodige feite.

In die lig van die voorgaande sal geen standarde of maatstawwe bespreek word nie. Daar sal met die verhoudings volstaan word.

3.1 Likwiditeitsverhoudings.

Soos blyk uit die ondersoek is hierdie die besondere aspek waaraan ouditeure, naas die tradi-

sionele auditwerk, die meeste aandag verleen. Ses uit die agt verhoudings wat hier behandel word, word deur meer as 70% van die firmas as uiters belangrik beskou; 'n siening wat die skrywer ook huldig. Die logiese beginpunt is die bedryfsverhouding.

3.1.1 Bedryfsverhouding.

Die verhouding is een van die weiniges wat deur al die firmas gebruik word. Drie basiese redes word vir die gebruik aangevoer.

Ten eerste hou dit verband met die Direkteursverslag. Die ouditeur moet naamlik 'n opinie uitspreek oor die redelikheid van die toekomsverwachting soos in die direkteursverslag vermeld. Indien die bedryfsverhouding 'n swak posisie aandui, d.w.s. die bedryfsbates is nie met 'n genoegsame graad van veiligheid hoër as die bedryfslaste nie, moet die ouditeur verdere toetse uitvoer om te bepaal of toekomstige verpligtinge nagekom sal kan word.

Die tweede motivering sluit nou hierby aan. Die verhouding is ook uiters nuttig tydens onderhandeling met die bestuur oor toekomstige neigings en is 'n bydraende faktor by die bepaling van oor- of onderbedryf.

Derdens kry ons 'n uiters belangrike aspek vir die eksterne ouditeur. Wanneer 'n deeglike balansstaatoudit, soos deesdae meer algemeen ge-

keur, uitgevoer is, behoort hierdie verhouding as bekragtiging van die afleidings te dien. Veral op die gebied van betaalmiddele sal dit dan meer insig verleen.

3.1.1.1 Afleidings.

Die verhouding op sigself het slegs beperkte gebruiksmoontlikhede vir die eksterne ouditeur. Wanneer dit egter gereeld bereken word, is die neiging wat deur die verhouding geopenbaar word uiters insiggewend. Sodanige neiging mag 'n aanduiding van knelpunte wees en in sekere gevalle selfs help met die beoordeling van die toekomsverwagtinge. As deel van die likwiditeitsverhoudings, speel dit 'n belangrike rol tydens die beoordeling van die likwiditeit. Dit is daarom belangrik as 'n noodsaaklike skakel in die groep en ook as 'n hulpmiddel om 'n neiging te verkry.

3.1.2 Vuurproefverhouding.

Blykbaar is die ouditeure op hierdie stadium baie likwiditeitsbewus, aangesien 91% van die betrokke firmas hierdie verhouding as nuttig beskou. Hoewel dit dus 'n hulprol vervul, het dit tog wesentlike waarde.

3.1.2.1 Afleidings.

Behalwe vir die feit dat dit 'n onmisbare rol in die groep likwiditeitsverhoudings speel, veral by ondernemings met voorrade, is dit

altyd 'n addisionele maatstaf om die grootte van voorraad in verhouding tot bedryfskapitaal te beoordeel.

3.1.3 Debiteure.

Naas voorrade is debiteure normaalweg een van die belangrikste bedryfsbates. Bowendien het die eie aard van debiteure tot gevolg dat dit een van die syfers op die balansstaat is wat die moeilikste geverifieer kan word. Daarom word dit op vier verskillende wyses benader.

3.1.3.1 Gemiddelde invorderingstermyn.

Die belangrikste van die vier aspekte wat ontleed word, is seer sekerlik die gemiddelde invorderingstermyn. Dit word deur al die deelnemende firmas bereken en is beslis baie belangrik vir die eksterne ouditeur.

Daar is geen ander metode waarvolgens 'n globale indruk van die invorderingsbeleid en -metodes verkry kan word nie.

In hierdie geval is daar 'n uitsondering in die praktyk gevind, deurdat al die firmas 'n standaard van die krediettermyn plus $\frac{1}{3}$ daarvan, gebruik. Dit moet egter beklemtoon word dat die aard van die onderneming ook hierdie standaard nutteloos kan maak.

3.1.3.2 Debiteure-omsetverhouding.

Die verhouding kom redelik ooreen met die

vorige een. Daarom word dit deur slegs 18% van die ondernemings gebruik. 'n Verdere 54% het aangedui dat hulle een van die twee verhoudings sal bereken, maar voorkeur aan die gemiddelde invorderingstermyn sou gee.

3.1.3.3 Ouderdomsontleding van debiteure.

Saam met die gemiddelde invorderingstermyn is hierdie een van die kritieke faktore, sover dit die ouditeur betref. Dié vorm van ontleding word deur 91% van die firmas gebruik as stawing al dan nie, van die afleidings reeds gemaak.

3.1.3.4 Ondersoek van individuele debiteure-rekeninge.

Na berekening van die invorderingstermyn en opstelling van die ouderdomsontleding, gaan 73% van die firmas oor tot 'n formele ontleding van al die debiteure of dan slegs 'n sekere groep wat na aanleiding van die voorafgaande berekenings bepaal is. Die ouditeur neem naamlik die betrokke rekenings en besluit na aanleiding van die gereeldheid van betalings en transaksies wat verder in die verband gedoen moet word.

3.1.3.5 Afleidings.

Die afleidings wat in hierdie gevalle gemaak kan word, hou direk verband met die invorderbaarheid van die debiteure. Veral by 'n groot aantal rekenings sou dit prakties 'n onbegonne

taak wees om elke individuele rekening te inspekteur en vas te stel hoe gereeld die betalings geskied. Daarom word hierdie benadering sterk beklemtoon en reeds in 'n groot mate in die praktyk gebruik. Waar hierdie ontledings aanvaarbare resultate lewer, volstaan baie firmas dan slegs met 'n addisionele debiteuresirkulasie.

Om op te som: Die ontleding help met die evaluering van die kredietverleningsfunksie en die daarmee gepaardgaande invorderingsfunksie. Die debiteuresyfer op die balansstaat en die voorsiening vir twyfelagtige skulde kom gevolglik prominent ter sprake.

3.1.4 Krediteure-betalingstermyn.

Die verbasende persentasie van 56% van die firmas maak reeds gebruik van hierdie verhouding - 'n uiters verblydende toestand. Die skrywer was van mening dat hierdie verhouding slegs volledigheidshalwe ingesluit moes word. Uit die ondersoek het egter baie duidelik geblyk dat al hoe meer ouditeure ook aandag aan die toekoms van die kliënte skenk. Begrotings, vooruitskattings en finansiële beplanning word reeds as deel van die normale auditverpligtinge beskou en in dié lig gesien, is dit dan noodsaaklik om hierdie betalingstermyn te bepaal.

3.1.4.1 Afleidings.

Die betalingstermyn hou direk verband met twee

belangrike aspekte van die finansiële state, nl. die balansstaat en direkteursverslag. Eerstens sal 'n aanvaarbare betalingstermyn gekoppel aan gesonde likwiditeit 'n aanduiding wees dat die betrokke laste waarskynlik betyds afgelos sal kan word. Die ouditeur het dan die eerste fase voltooi om te verseker dat die besigheid nie onder moontlike insolvente omstandighede handel dryf nie. Die tweede aspek hou direk verband met die direkteursverslag. Veral waar die betalingstermyn onbevredigend en die algemene likiede posisie ook swak is, sal dit waarskynlik 'n wesenlike feit wees wat in die direkteursverslag vermeld moet word.

Opsommend kan dan gesê word dat die verhouding beslis help om die direkteursverslag te beoordeel.

3.1.5 Voorraadomsetsnelheid.

Dit is reeds genoem dat voorraad in die meeste gevalle die heel belangrikste bedryfsbater is. Dit beïnvloed beide die Inkomtestaat en die Balansstaat. Boonop is dit normaalweg vir 'n ouditeur moeilik om te bepaal hoe akkuraat die voorraadsyfer werklik is. Gelukkig is daar verhoudings en ander berekenings wat in die verband behulpzaam kan wees. Daarom gebruik 82% van die ouditeursfirmas reeds hierdie verhouding. Dit is baie duidelik dat verhoudings noodsaaklik is om die gevolgtrekking, gebaseer op die werklike fisiese opnames, aan te vul.

Dit mag gebeur dat ondernemings op sekere stadia abnormaal hoë of lae voorrade moet hê. In sulke gevalle is die ouditeur dan genoodsaak om die rede daarvoor vas te stel en te bepaal of die voorrade, na die beste van sy wete, vol-doende is.

3.1.5.1 Afleidings.

Die ouditeur kan veel uit hierdie verhouding wys word. Die vernaamste aspek is die skakel in die likwiditeitsketting. Die verskil tussen die bedryfs- en vuurproefverhoudings is slegs voorraad en hierdie verhouding toon nou aan hoe vinnig voorraad in debiteure omgesit kan word. Daar is reeds bereken hoe vinnig debiteure in kontant omgesit word.

Daarbenewens het die verhouding die waarde dat die werklike omsetsnelheid met die begroting vergelyk kan word. Daaruit kan die ouditeur weer eens vasstel of die toekomsverwagting, soos in die direkteursverslag bepaal m.b.v. historiese gegewens, redelik is.

In 'n mindere mate is dit ook 'n aanduiding van die akkuraatheid van die voorraadsyfer, veral waar vasgestel kan word dat die neiging van verkope konstant is, maar die verhouding in 'n ander rigting neig. M.a.w. dit bevestig die resultate van die fisiese opname.

In die geheel is die meerderheid firmas dit

eens dat hierdie verhouding vir beide die ouditeur en die bestuur uiters belangrik is, veral waar dit 'n aanduiding verskaf van die lengte van die bedryfsiklus.

3.1.6 Samevatting – Likwiditeitsverhoudings.

Dit is baie duidelik dat die likwiditeitsaspek sorgvuldige ondersoek moet geniet. Die ondersoek behels eerstens die tradisionele nagaan van transaksies. Tweedens word daar reeds van die ontleding van finansiële state gebruik gemaak om die resultate van die transaksie-udit te staaf of te weerlê, na gelang van die geval.

3.2 Laste/Verpligtingsverhoudings.

Oor die algemeen geniet hierdie groep verhoudings nie dieselfde aanhang as die likwiditeitsgroep nie. Baie ouditeure is die mening toegedaan dat hierdie groep by die bestuur tuis hoort en geen aandag van die ouditeure verg nie. M.i. is dit 'n kortsigtige siening en dien beklemtoon te word dat die ouditeur die bes moontlike agtergrond van die onderneming behoort te verkry. Dit is veral om die volgende redes noodsaaklik :

Eerstens moet die ouditeur verseker dat alle wesenlike sake wat nodig is vir die korrekte begrip van die finansiële state wel in die direkteursverslag verskyn. Tweedens doen die

ouditeur verslag oor die redelikheid van die resultate, sowel as die stand van sake van die onderneming. Hierby moet die aspek van moontlike likwidasië gevoeg word. Dit kan gebeur dat ondernemings gelikwideer word omdat hulle nie in staat is om hulle verpligtinge na te kom nie, hoewel hulle nog geensins insolvent is nie. Daarom is dit m.i. noodsaaklik dat die ouditeur hierdie agtergrond verkry. In hierdie geval is die agtergrondskennis beslis voordelig en moet dit nie as suiwer audit-kennis beskou word nie. Dit vul egter die audit aan, sodat die ouditeur die onderneming as 'n volledige entiteit in oënskou neem, m.a.w. in sy totaliteit.

3.2.1 Totale laste tot eienaarsfondse.

Die resultate van die ondersoek dui aan dat 50% van die deelnemende firmas wel hierdie aspek oorweeg. Hulle beklemtoon die feit egter dat dit bloot agtergrondskennis verskaf wat die werklike audit moet aanvul.

3.2.1.1 Afleidings.

Vir die ouditeur is dit veral belangrik by die bepaling van die kredietwaardigheid en daarmee gepaardgaande gebruik van fondse. Tradisioneel is hierdie aspek as bestuursadvies beskou, maar as gevolg van die mag van die gewoonte het dit ook beleid geword om 'n deel van die sogenaamde bestuursadvies as deel van die auditopdrag

te beskou.

3.2.2 Totale laste tot netto tasbare bates.

Die meeste ouditeure is van mening dat óf hierdie verhouding, óf die vorige een bereken behoort te word. Daarin lê die rede vir die feit dat slegs 27% van die firmas aandag aan hierdie verhouding gee. Dit is dan ook uitdruklik gevoel dat dit op bestuursadvies betrekking het. Indien dit wel bereken sou word, sou dit buitendien agtergrondskennis verskaf en geen direkte auditbydrae lewer nie.

3.2.2.1 Afleidings.

As deel van die groep het dié verhouding 'n belangrike rol. Dit gee naamlik vir die ouditeur 'n aanduiding van watter deel van die verpligtinge deur tasbare of werklike bates gedek word. Daaruit, tesame met die ander verhoudings in die groep, kan geoordeel word of die onderneming nie dalk onder insolvente omstandighede handel dryf nie.

3.2.3 Langtermynverpligtinge tot totale fondse aange- wend.

Die verhouding word deur 45% van die firmas gebruik. Hoewel dit meer op die gebied van bestuursbeslissings nuttig is, verkry die ouditeur baie belangrike agtergrondskennis deur dit te bereken. M.i. is dit vir die ouditeur belangrik om te weet in watter mate van ge-

leende fondse gebruik gemaak word, sodat die moontlikheid van tydigte terugbetaling beoordeel kan word. Desnieteenstaande is die gevoel in die praktyk dat dit weer eens net t.o.v. bestuursadvies belangrik is.

3.2.3.1 Afleidings.

Oor die algemeen sal die ouditeur meer in verband met die hefboomfaktor te wete kom. Vir hom is dit belangrik om te weet watter belang langtermynkrediteure in die onderneming het, sodat vasgestel kan word of periodieke fondstekorte wel by wyse van krediet gefinansier kan word.

3.2.4 Langtermynverpligtinge tot netto bedryfskapitaal.

As maatstaf van die redelikheid en tydigte aflossing van langtermynverpligtings, het die ouditeure nie veel vertroue in hierdie verhouding nie. Slegs 9% van die firmas gebruik hierdie verhouding en dan bloot ter verkryging van meer volledige agtergrondskennis.

Dit is egter 'n kortsigtige beskouing. In die Suid-Afrikaanse Geoktrooieerde Rekenmeester se handleiding (Standpunt B8 - op.cit.) word uitdruklik gestel dat die ouditeur moet verseker dat die krediteur 'n redelike verwagting het om sy belegging terug te kry. Indien die waarskynlikheid bestaan dat krediteure gelde-

like verliese mag ly, moet die ouditeur dit as 'n wesenlike onreëlmatigheid beskou en na die doen van die nodige stappe die saak aan die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad rapporteer. Ten einde homself van die voorgaande te vergewis, is dit noodsaaklik dat die ouditeur ook die verhouding bereken en die hele groep verhoudings ontleed.

3.2.4.1 Afleidings.

Die afleidings hou meer verband met die groep as met die een verhouding alleen. Dit is van waarde om meer te wete te kom van die finansiële struktuur. Deur dit te vergelyk met die toekomsbeplanning en -verpligtinge, kan die ouditeur uiters noodsaaklike agtergrondskennis bekom. In die verband kan die rol van begrotings nie te gering geskat word nie.

3.2.5 Rente betaal tot langtermynlenings.

By die langtermynfondse is dit nog steeds belangrik om die renteverpligtinge op sulke fondse te oorweeg. Dit is duidelik dat rente betaalbaar, vir die ouditeur verband hou met beskikbare bedryfsfondse wat betyds betaal moet word en ook met die opbrengskoers van die onderneming. Laasgenoemde faktor is dan ook die primêre rede waarom 36% van die deelnemende firmas wel hierdie verhouding bereken. In die geheel stel hulle belang om te sien watter persentasie rente op geleende langtermynfondse

betaal moet word.

Hierdie verhouding het veral by vervaardigings-bedrywe nog 'n belangrike uitvloeisel. Waar die geleende fondse hoofsaaklik aangewend word om masjinerie en uitrusting te bekom, is dit noodsaaklik om vas te stel of daar in die waardasie van die voltooide produk voldoende voorsiening vir die rente-aspek gemaak is.

In die geheel is dit egter die gebruik om die verhouding met die opbrengskoers van die onderneming te vergelyk.

3.2.5.1 Afleidings.

Dit is duidelik dat die afleidings hier te doen het met die vraag of die onderneming se verdienvermoë sodanig is dat die langtermynfondse teen die onderhawige koerse ekonomies binne die onderneming aangewend kan word. Na die skrywer se mening is hierdie ook 'n aspek wat te veel verwaarloos word. 'n Mens moet altyd in gedagte hou dat likwidasie, nie net aan insolvensie nie, maar soms ook te wyte kan wees aan die onvermoë om skuld betyds terug te betaal.

3.3 Rentabiliteit.

Eienaardig genoeg volstaan die meeste firmas met die rentabiliteitsverhoudings wat by die ontleding van die Inkomstestaat gebruik word. In die verband verdien die ouditeure kritiek.

Enige potensiele belegger en krediteur stel meer in die finansiële struktuur en verdienvermoë van 'n onderneming as in die likwiditeitsposisie daarvan belang. Dit is te verstaan, aangesien hulle beleggings normaalweg nie net van bedryfskapitaal afhanklik is nie. Waar daar reeds van 'n hoë persentasie geleende fondse gebruik gemaak word en die rentabiliteit is boonop betreklik laag, gaan dit baie riskant wees om meer langtermynfondse te belê. In die ouditeursprofessie word buitendien algemeen aanvaar dat die ouditeur ook 'n verantwoordelikheid het jeens die krediteur en belegger, en nie net teenoor die aandeelhouer nie. Daarom is dit so onverstaanbaar dat hierdie aspek so verwaarloos word.

Daar is egter uitsonderings; daar is firmas wat wel sekere van die volgende verhoudings gebruik:

3.3.1 Verdienvermoë van beleggings.

Hierdie aspek word spesifiek uitgelig om te bepaal of die beskikbare fondse doeltreffend deur die bestuur aangewend word.

3.3.1.1 Netto wins (voor of na belasting) plus rente tot totale bates.

Die verhouding word deur 45% van die firmas gebruik. Hulle is dit eens dat hierdie verhouding nuttig is om hulle verpligting jeens

die krediteure na te kom. Nogtans is dit nie ál gebruik nie. Ook die aandeelhouders is geregtig om te weet of die toekomsverwagtinge, soos deur die direksie in die direkteursverslag geskets, betroubaar is.

Daar is egter 'n praktiese probleem waarmee die ouditeur te doene kry, naamlik die waardasie van die bates. Hierdie saak moet beoordeel word om seker te maak dat die waardasie redelik is. Die stelsel van teboekstelling waar historiese koste as waardemaatstaf gebruik word, veroorsaak beslisse dat die finansiële state in baie gevalle nie 'n redelike weergawe van veral die bates weerspieël nie. In so 'n geval sal die persentasie van hierdie verhouding onbetroubaar wees.

Ongeag die gemelde probleem, bly hierdie steeds 'n nuttige verhouding. Deur meer op die neiging daarvan klem te lê, kan die ouditeur beslisse waarde daaruit put.

3.3.1.1.1 Afleidings.

Die afleidings hou direk verband met die opbrengs op die totale belegging. Daarmee gaan gepaard die belangrike aspek van bestuursdoeltreffendheid. Saamgevat, verskaf die neiging van hierdie verhouding oor 'n aantal jare 'n aanduiding van die groei van die onderneming. Met die oog op die toekoms,

en ook met die beoordeling van die onderneming as entiteit, is hierdie inligting belangrik. Hierdie verhouding kan ook met die verhouding van rente betaal tot langtermynfondse (soos reeds bespreek) vergelyk word.

3.3.1.2 Netto wins na belasting tot totale tasbare bates.

Veral in gevalle waar daar 'n redelike bedrag aan ontasbare bates op die balansstaat verskyn, kan hierdie verhouding met vrug gebruik word. Slegs 36% van die firmas heg enige waarde aan hierdie verhouding en almal van hulle voel dat slegs een van hierdie of die volgende verhouding bereken hoef te word. Hulle het egter die kritiek teen hierdie verhouding dat dit nie veel nut het om die ontasbare bates uit te skakel nie. Na hulle mening is 'n ontasbare bate wat nie sy regmatige deel van wins, direk of indirek, voortbring nie beslis nie 'n bate nie en behoort dit ook nie op die state te verskyn nie. Dit is beslis 'n aanvaarbare redenasie en die gebruik van hierdie verhouding sal geheel en al by elke individuele ouditeur berus.

3.3.1.2.1 Afleiding.

Hierdie verhouding verskaf 'n beeld van die doeltreffendheid van die gebruik van bates

wat direk aangewend is. As sulks verskaf dit min of meer dieselfde inligting as die vorige een indien die neiging beoordeel word. Waar die gevoel egter bestaan dat die ontasbare bates waardeloos is, sal hierdie verhouding gebruik kan word. Dan sal die ouditeur dit baie sterk moet oorweeg om sy verslag te kwalifiseer te dien effekte dat die ontasbare bates waardeloos is – beslis 'n wesenlike feit!

3.3.1.3 Netto wins tot eienaarsbelang.

Soos reeds gestel, is die algemene gevoel dat daar 'n keuse is of hierdie of die voorafgaande verhouding bereken moet word. Hierdie een het die meeste steun gekry ter aanvulling van die heel eerste verdienvermoë-verhouding, nl. netto wins tot totale bates, aangesien 45% van die firmas die een aanbeveel.

Motivering vir die gebruik van hierdie verhouding is algeheel onvoldoende. Myns insiens het niemand die belangrike geval van 'n onderneming wat sterk op geleende fondse steun, tot dusver genoem nie. In so 'n geval sou dit vir die ouditeur beslis waarde hê om arguments halwe, die netto wins voor aftrekking van enige rente tot eienaarsbelang te stel en dit dan te vergelyk met die verhouding van netto wins na aftrekking van alle rentes tot eienaarsbelang. So kan die

effek op beide eienaarsbelang en geleende fondse afgelei word. Dit is baie beslissuttige informasie, veral as belangrike agtergrondskennis.

3.3.1.3.1 Afleidings.

Die besondere waarde van hierdie verhouding kom voor in gevalle waar daar in 'n relatief groot mate van geleende fondse gebruik gemaak word. In so 'n geval is dit vir die ouditeur belangrik om te verseker dat die krediteur betaal sal word, maar dat die aandeelhouer steeds 'n realistiese opbrengs op hulle fondse sal kry. Die neiging deur hierdie verhouding geopenbaar, sal aandui of die aandeelhouer se posisie ten minste met faktore soos inflasie tred hou.

3.3.1.4 Netto wins na belasting min voorkeurdividend tot eienaarsbelang, min pari-waarde van voorkeuraandele.

Hierdie verhouding sal in 99% van die gevalle nie van toepassing wees nie. Bloedweinig maatskappye in die R.S.A. maak gebruik van hierdie vorm van finansiering. Dit verklaar waarom slegs 5% van die firmas enige waarde hieraan heg. Hulle voel nogtans dat waar voorkeuraandele wel in gebruik is, hierdie verhouding bereken moet word.

3.3.1.4.1 Afleidings.

Hierdie verhouding sal 'n duidelike aanduiding verskaf van die verdienvermoë van die gewone aandeelhouer se belegging. Dit sal tegelykertyd as waarskuwing dien, indien die opbrengs sou daal en dividende as gevolg daarvan in die toekoms mag krimp.

3.3.1.5 Verdiens te per aandeel.

Dit was baie duidelik dat hierdie 'n bekende en selfs gewilde verhouding is. Die finansiële pers heg baie waarde hieraan en feitlik alle beursverslae en aandeelbesprekings sluit hierdie verhouding in een van sy verskillende vorme in. Die ouditeure is nie so seker dat dit 'n nuttige verhouding is nie; daarom slegs 'n gebruiksyfer van 12½%. Ten eerste word die meeste privaatmaatskappye met 'n nominale aandeelkapitaal gestig. Langtermyn- en bedryfsfondse word deur lenings van die eienaars self of buitestaanders verkry. In so 'n geval sal die verdienste per aandeel 'n absolute verwronge beeld verskaf.

Die tweede belangrike aspek het met die verdienste self te doen. Ten einde die werklike verdienste van elke aandeel te verkry, moet die verdienstesifer sō aangesuiwer word dat alle toevallige inkomste en uitgawes wat geen verband met die kapitaal hou nie uitgeskakel word. Teoreties klink dit moontlik,

maar in die praktyk het dit tot gevolg dat geen konsekwente verdienstesyster van jaar tot jaar bereken kan word nie. Gevolglik is daar nie sprake van werklike vergelykbaarheid nie.

3.3.1.5.1 Afleidings.

Dit is duidelik dat hierdie verhouding nie as oudithulpmiddel aanbeveel word nie. As agtergrondskennis van die aandelewaarde en ook om te sien watter resultate mense gaan kry wat wel hierdie verhouding bereken, het dit tog nut.

3.3.1.6 Inkomste uit buitebeleggings.

Die oorheersende gevoel is dat hierdie verhouding by bestuursadviesdienste tuishoort. Om dan behoorlik gegronde advies aan die bestuur te verstrek - 'n funksie wat reeds as deel van die audit beskou word - is die verhouding noodsaaklik om ook sy deel by te dra.

Ook in gevalle waar ondernemings met likiede probleme te kampe het, kan hierdie verhouding met vrug gebruik word. Dit is juis om hierdie rede dat 36% van die firmas die betrokke verhouding gebruik. Die opvallendste verskynsel hier is dat, alhoewel omtrent 90% van die firmas waarde in die verhouding kan sien, slegs 36% bereid is om dit te gebruik.

Die enigste gevolgtrekking waartoe 'n mens kan geraak, is dat 'n groot aantal ouditeure nog onderskei tussen bestuursadvies en die werklike audit. Vir hulle is bestuursadvies nie 'n saak wat uit die auditresultate behoort voort te vloei nie. In sulke gevalle moet die auditresultate dan ook noodwendig bevraagteken word.

Om terug te keer na die positiewe aspek, is dit verblydend om te sien dat sekere nuwe moontlikhede ook hier oorweeg word, soos die gebruik van hierdie verhouding ter aanvulling van die gevolgtrekking oor die likiditeits-aspek.

3.3.1.6.1 Afleidings.

Die afleidings het geheel en al te doen met die rentabiliteit van fondse buite die onderneming belê. Dit mag gebeur dat fondse meer voordelig buite die onderneming belê kan word, alhoewel dit nie as surplus fondse beskou kan word nie. In so 'n geval sal die ouditeur 'n motivering moet kry waarom daar 'n tekort aan likiede middele op die state getoon word, terwyl daar fondse in buite-instansies belê word. In so 'n geval behoort die ouditeur en direkteur moreel verplig te voel om die saak in een van hulle verslae te verduidelik. Daarom is dit m.i. 'n verdere rede om hierdie verhouding as oudithulpmiddel te gebruik.

3.3.1.7 Inkomste uit lenings tot lenings toegestaan.

By hierdie verhouding geld presies dieselfde argumente as by die vorige een. Slegs 9% van die firmas het gevoel om dit te gebruik. Die vernaamste motivering was om vas te stel of die inkomste op lenings sodanig is dat lenings nieteenstaande 'n swak likiede posisie nogtans toegestaan kan word.

3.3.1.7.1 Afleidings.

Hierdie verhouding dui aan watter inkomste uit die toegestane lenings verkry is en daaruit kan die ouditeur aflei of die lenings wel behoorlik oorweeg is voordat dit toegestaan word.

3.3.2 Omset.

Die groep verhoudings wat glad nie in die auditprofessie in die R.S.A. gebruik word nie is verkope tot bedryfskapitaal, verkope tot totale tasbare bates en verkope tot netto eienaarsbelang.

Daar heers 'n gevoel dat die verhouding van verkope tot totale tasbare bates nuttig sou wees indien 'n vergelykingsmaatstaf gevind kan word.

In die R.S.A. is daar op hierdie stadium slegs die verslae van die "Buro vir Finansiële Analise van die Universiteit van

Pretoria" beskikbaar. Dit sal nog geruime tyd neem om sodanige verslae aan te pas om aan die ouditdoeleindes te voldoen. Gevolglik word geeneen van die verhoudings gebruik nie.

3.4 Dekking – kontantvloei.

Bo en behalwe die gebruiklike kontantbegroting gebruik 9% van die firmas hierdie verhouding om die werklike kontantposisie beter te beoordeel. Hulle argumente kom daarop neer dat begrotings slegs by die groter ondernemings ook vir die ouditeur bruikbaar is. By kleiner ondernemings word baie min tyd aan die formele ontleding van die kontantposisie gegee. Begrotings raak skaarser namate die omvang van die ondernemings afneem en by die heel klein ondernemings bestaan dit feitlik glad nie. Ongeag die grootte van die onderneming, moet elke maatskappy 'n direkteursverslag as deel van sy state publiseer. Indien 'n onderneming nie in staat is om alle verpligtinge betyds na te kom nie, sal hierdie feit, saam met gepaste verduidelikings, in die direkteursverslag opgeteken moet word. Indien dit nie gebeur nie, mag die ouditeur genoodsaak wees om die inligting in sy verslag te verstrek.

3.4.1 Afleidings.

Die ontleding sal as aanvulling tot die likiditeitsverhoudings dien. In die besonder kan afgelei word of leningsverpligtinge wel gedek is.

By die kleiner onderneming behoort dieselfde afleidings uit die bron en aanwending van fondsestaat gemaak te kan word. Waar die state egter meer ingewikkeld raak, sal dit tog die moeite werd wees om hierdie verhouding te bereken, al is dit dan slegs vir agtergrondskennis.

3.5 Beleggingsverhoudings/kapitaalstruktuur.

Die heersende praktyk is dat ouditeure weinig aandag aan hierdie aspek skenk. Enkeles ondersoek dit wanneer hulle doelbewus inligting vir adviesdoeleindes versamel. Die kapitaalstruktuur maak gevolglik nie deel van die audit uit nie. Solank dit maar vasstaan dat die onderneming nie onder insolvente toestande handel dryf nie, is almal gelukkig. Die stand van sake van die onderneming in sy totaliteit en die toekomsverwagting daarvan word as buite die auditsfeer beskou. Dit is dan ook die vernaamste rede vir die swak gebruik van hierdie groep verhoudings.

3.5.1 Bedryfslaste tot eienaarsbelang.

Alhoewel 9% van die firmas hierdie verhouding gebruik, is dit slegs vir bestuursadviesdoeleindes en nie vir auditdoeleindes nie. Hulle bereken dit wel om 'n oorsig oor die onderneming se kredietwaardigheid te verkry.

3.5.1.1 Afleidings.

Hier het ons te doen met die lopende saakbegrip. Uit die verhouding kan afleidings m.b.t. die solventheid en waarskynlike voortbestaan van die onderneming gemaak word.

3.5.2 Vaste bates tot netto tasbare bates.

Hoewel hierdie verhouding deur 18% van die firmas gebruik word, toon dit ernstige leemtes. In die hedendaagse besighede word al meer en meer van huur gebruik gemaak. In sekere gevalle kry die huurder selfs die opsie om die bate, na verstryking van die huur, teen 'n nominale bedrag aan te koop. Gewoonlik is daardie bedrag heelwat laer as die nutswaarde daarvan. Aangesien die huurbetalings in die inkomste-staat afgeskryf word, word geen rekord van sulke potensiele bates gehou nie. Hierdie verhouding moet gevolglik met die grootste omsigtigheid gebruik word waar sulke finansieringsvorme aan die orde van die dag is.

3.5.2.1 Afleidings.

Die ouditeur kan hier beter insig in die finansieringsbeleid en struktuur verkry. Dit is belangrik om 'n oordeel oor die toekomsverwagting te kan vel. Daarbenewens is dit noodsaaklik dat die ouditeur op hoogte bly met alle bewegings op die vaste baterekeninge. Alle wesenlike aankope en verkope daarvan, moet in die direkteursverslag getoon word. Die oudi-

teur kan d.m.v. hierdie verhouding op die spoor van sodanige veranderinge gebring word.

3.5.3 Voorraad tot netto bedryfskapitaal.

Die oorwoë mening is dat daar reeds genoeg aandag aan voorrade bestee is. Gevolglik gebruik geen firma dit vir ouditdoeleindes nie. Daar is darem ongeveer 18% van die firmas wat dit bereken om beter agtergrond te verkry en beter in staat te wees om advies te gee.

3.5.3.1 Afleidings.

Die rede vir die beperkte gebruik van hierdie verhouding lê in die feit dat daar nie juis voordelige ouditaflleidings uit voortvloei nie. Die volgende verhouding sal nuttiger wees.

3.5.4 Voorraad tot bedryfslaste.

Hierdie verhouding word glad nie gebruik nie. As motivering word weer eens aangevoer dat daar reeds genoeg aandag aan voorrade bestee is. Verder is dit nie die ouditeur se plig om finansieringsvorme te beoordeel nie.

3.5.4.1 Afleidings.

Alhoewel niemand die verhouding vir ouditdoeleindes wou gebruik nie, het 5% van die firmas tog erken dat hierdie inligting goed gebruik kan word vir die gee van opbouende kritiek aan die bestuur.

3.5.5 Neiging met verloop van tyd.

Dit word reeds algemeen deur die ouditeure aanvaar dat die neiging met verloop van tyd uiters waardevolle inligting openbaar. Daarom gebruik 91% van die deelnemende firmas hierdie tegniek, alhoewel almal nie van verhoudings gebruik maak nie. In sulke gevalle word die werklike syfers oor 'n tydperk vergelyk en die neiging daardeur geopenbaar, bepaal.

Dit is absoluut noodsaaklik dat die ouditeur sekere neigings ondersoek. Hier dink 'n mens o.a. aan items soos die bruto winspersentasie, netto wins, bedryfsverhouding en ontleding van debiteure. Waar begrotings gebruik word, kan waardevolle inligting uit 'n vergelyking tussen die werklike en begrote syfers bekom word. Die neiging oor die jare daardeur geopenbaar, gekoppel aan die faktor van personeelwisseling, sal 'n aanduiding wees van die betroubaarheid van die ondernemings se vooruitskattings en toekomsverwagtings.

3.5.5.1 Afleidings.

Ter afsluiting kan genoem word dat neigings, veral t.o.v. die toekoms, uiters waardevol is. Daardeur kan sowel goeie as swak neigings afgebaken word. Neigings moet egter steeds met omsigtigheid gebruik word. Daar moet onthou word dat daar altyd 'n punt van versadiging kom en die ouditeur moet waak teen 'n oormaat

optimisme of pessimisme.

3.6 Rekeningkundige doelstellings en konvensies.

Die een verblydende aspek wat duidelik uit die ondersoek geblyk het, is dat die ouditeure begin bewus raak van rekeningkundige doelstellings en konvensies. Probleme is daar nog volop, waarvan die onduidelikheid verbonde aan die verhoudings saam met die tekort aan rigtinggewende literatuur, nie die minste is nie.

Nogtans het die professie reeds van die aspek kennis geneem en positief daaraan begin werk.

3.7 Samevatting.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die ouditeure met hierdie benadering begin eksperimenteer. Dit is egter nog vreemd vir die oorgrote meerderheid ouditeure en juis daarom word dit so min gebruik. Na aanleiding van die ondersoek en in die besonder die onkunde wat op die gebied heers, is dit my oorwoë mening dat hierdie metode gepropageer, getoets en ontwikkel moet word. Slegs dan kan 'n nuwe, verfynde oudititegniek ontstaan en sal die ouditeure nie met likwiditeit en winsgewendheid volstaan nie.

HOOFSTUK 10

SAMEVATTING.

1. Inleiding.

Sowel uit die teorie as uit die praktyk het dit baie duidelik geblyk dat die ontleding en interpretasie van finansiële jaarstate aan die hand van verhoudings, baie voordelig deur ouditeure gebruik kan word. Daar is gepoog om aan te toon watter nut uit die verskillende verhoudings kan voortvloei. Ook is daar sekere voorstelle gemaak. Ter afsluiting, 'n opsomming van die voorstelle.

2. Samevattende klassifikasie van verhoudings.

Aan die hand van die klassifikasie wat gebruik is, kan die verhoudings as volg geklassifiseer word :

2.1 Inkomstestaat.

- | | | |
|-------|-----------------------|---------------------|
| 2.1.1 | Bruto winspersentasie | Primêr |
| 2.1.2 | Rentedekking | Sekondêr aanvullend |
| 2.1.3 | Dividenddekking. | Sekondêr aanvullend |

2.2 Vergelykende Analise van verhoudings.

- | | | |
|-------|-------------------------------|---------------------|
| 2.2.1 | Ekstern | Sekondêr aanvullend |
| 2.2.2 | Intern - saam met vergelykend | Primêr |

2.3 Likiede verhoudings.

- | | | |
|-------|-------------------|--------|
| 2.3.1 | Bedryfsverhouding | Primêr |
|-------|-------------------|--------|

2.3.2	Vuurproefverhouding	Primêr
2.3.3	Debiteure - Gemiddelde invorderings- termyn.	Primêr
	- Omsetverhouding	Sekondêr aanvullend
	- Ouderdomsontleding	Primêr
	- Onderzoek van individuele rekeninge	Primêr
2.3.4	Krediteure betalingstermyn	Sekondêr noodsaaklik
2.3.5	Voorraadomsnelheid	Primêr
2.4	<u>Laste/verpligtingsverhoudings.</u>	
2.4.1	Totale laste tot eienaarsfondse	Primêr
2.4.2	Totale laste tot netto tasbare bates	Sekondêr noodsaaklik
2.4.3	Langtermynverpligtinge tot totale fondse aangewend	Sekondêr aanvullend
2.4.4	Langtermynverpligtinge tot netto bedryfskapitaal	Sekondêr aanvullend
2.4.5	Rente betaal tot langtermynlenings	Sekondêr noodsaaklik
2.5	<u>Rentabiliteit.</u>	
2.5.1	Netto wins plus rente tot totale bates	Primêr
2.5.2	Netto wins na belasting tot totale tasbare bates	Sekondêr aanvullend
2.5.3	Netto wins tot eienaarsbelang	Sekondêr noodsaaklik
2.5.4	Netto wins na belasting min voorkeur- dividend tot eienaarsbelang min voor- keuraandele	Sekondêr aanvullend

2.5.5	Verdienste per aandeel	Sekondêr aanvullend
2.5.6	Inkomste uit buitebeleggings	Sekondêr noodsaaklik
2.5.7	Inkomste uit lenings tot lenings toegestaan	Sekondêr aanvullend
2.5.8	Verkope tot bedryfskapitaal	Sekondêr aanvullend
2.5.9	Netto wins tot belegging in die bedryf	Sekondêr noodsaaklik
2.5.10	Verkope tot totale tasbare bates	Sekondêr aanvullend
2.5.11	Verkope tot netto eienaarsbelang	Sekondêr aanvullend
2.6	<u>Dekking.</u>	
2.6.1	Kontantvloei	Sekondêr aanvullend
2.7	<u>Beleggingsverhoudings.</u>	
2.7.1	Bedryfslaste tot eienaarsbelang	Sekondêr aanvullend
2.7.2	Vaste bates tot netto tasbare bates	Sekondêr noodsaaklik
2.7.3	Voorraad tot netto bedryfskapitaal	Sekondêr noodsaaklik
2.7.4	Voorraad tot bedryfslaste	Sekondêr aanvullend
2.8	<u>Neigings met verloop van tyd</u> - (M.b.t. elke verhouding en in geheel)	Primêr

